
# WAAR STAAN DIT IN DIE BYBEL?



## A –Z : MEER AS VIER HONDERD GELOOFSVRAE EN ANTWOORDE

**Hennie de Klerk**

# INHOUDSOPGAWE


1 VOORWOORD ........ 3

2 PERSOONLIKE GETUIENIS EN TERUGBLIK ........ 7

3 KOMMENTAAR ........ 10

4 A ........ 11

5 B ........ 18

6 C ........ 32

7 D ........ 34

8 E ........ 45

9 F ........ 54

10 G ........ 56

11 H ........ 67

12 I ........ 75

13 J ........ 75

14 K ........ 77

15 L ........ 84

16 M ........ 89

17 N ........ 102

18 O ........ 105

19 P ........ 110

20 R ........ 115

21 S ........ 119

22 T ........ 136

23 U ........ 143

24 V ........ 154

25 W ........ 169

## VOORWOORD

Waar staan dit in die Bybel? Hoe maklik vergeet ons 'n teks, vers of gedeelte in die Bybel waarna ons dalk op enige tydstip wil verwys in ons eie persoonlike Bybelstudie of wanneer ons in 'n gesprek betrokke raak. Waarna gryp ons as die gebroke lewe waarin ons lewe, lewens- en geloofsvrae (kennis en vertroue) op ons pad bring en ons die antwoorde probeer vind in die Bybel? Is dit dat dalk 'n sielkundige, psigiater of dalk selfs 'n wetenskaplike in 'n uur van nood? Is dit die leraar, ouderling of Bybelstudieleier maar is hulle altyd op die gegewe tydstip beskikbaar en word jy dalk moeg om hulle keer op keer vrae te vra veral as jy keer op keer vergeet wat jy dalk alreeds gevra het? Wat doen jy as jy met iemand wat God Drie-enig ken of nie ken nie oor die Christengeloof wil praat/uitreik en waar kan jy 'n teks of gedeelte in die Bybel vind om dit te kan doen? Wat van al die vrae wat van sodanige persone kom in die algemeen maar ook spesifieke vrae met persoonlike probleme wat hulle in die verlede mag gehad het en wat hulle dalk seergemaak het.

Al staan ons ook hoe sterk in ons geloof het ons net eenvoudig nie altyd die antwoorde nie, selfs nie op ons eie vrae nie. Daar is 'n wel 'n bekende Engelsprekende gesegde en liedjie, te wete, "There are more questions than answers" en hoe waar is dit nie!

Hierdie vraagstukke wat ook deel is van my lewe het my genoop om die pen op te neem en hierdie verwysings-gids te skryf vanaf 'n klein boekie waarin ek al die afgelope 20 tot 30 jaar notas gemaak het. Te midde van al my ander notaboekies en dagboeke wat almal verdwyn het, het hierdie boekie, al val

dit nou ook al uitmekaar, behoue gebly en nooit weggeraak nie. Ek glo vas dat God die Heilige Gees my nou gely het tot op hierdie punt waar ek dit op skrif moet stel om dit aan soveel mense as moontlik beskikbaar te stel sodat dit elkeen van ons sal terugdwing na die Woord van God in die eerste instansie soos dit hoort. Met sodanige verwysings kan ons, ons geloofskennis en vertroue so uitbrei, versterk en verstewig dat ons toegerus sal wees om ŉ groot gedeelte tersaaklike skrifgedeeltes onmiddellik te kan opspoor in die Bybel en dan toe te pas. Miskien sal dit daartoe bydra dat ons met hierdie boek in die hand, in ons handsakke, aktetasse, ensovoorts ander sal kan help met vrae/probleme wat opduik, soms uit die bloute uit. By die skrif/antwoord gedeeltes word die skrif verwysings asook die kernagtige inhoud daarvan weergegee omdat dit moeilik en tydrowend is om elke keer dit in die Bybel op te soek. In sommige gevalle word verdere toeligting ook verskaf. Dit is ook geweldig verrykend om net eenvoudig die volle gids deur te lees wat nie meer as vier tot vyf ure behoort te neem nie om die geheelbeeld te verkry en jou geloofskennis asook geloofgroei daadweklik te verbeter.

Ek maak glad nie daarop aanspraak dat hierdie boek alle vrae of vraagstukke beantwoord nie en die enigste boek van hierdie aard is nie. Dit is egter ook so dat elke publikasie sy eie unieke styl en eiesoortige eienskappe asook inhoud na vore bring. Dit is wel ŉ praktiese handige gids wat ons in ons alledaagse lewe kan gebruik saam met ander publikasies wat ook reeds bestaan. Daar is ook baie meningsverskille oor skrifgedeeltes en die interpretering daarvan. Al word daar ook met my verskil oor sekere antwoorde word die tersaaklike skrifgedeeltes in alle geval deurgegee en as dit dan anders

geïnterpreteer word is dit die leser se keuse. Sodoende kan ons almal saamwerk tot eer en verheerliking van God-Drie-enig sodat sy Koninkryk nie net uitgebrei sal word nie, maar ook kan kom! Sommige vrae word onder ′n ander letter van die alfabet herhaal om naslaan te vergemaklik, afhangende van hoe ′n mens dink.

Graag wil ek my dank uitspreek teenoor almal wat op my pad gekom het en my gepeper het met vrae oor al die jare. Voorts is ek ook dankbaar dat ek soveel wonderlike preke en seminare/praaitjies kon aanhoor deur al die jare sodat my Bybel lyk soos ŉ mynveld met al die aantekeninge wat ek gemaak het. Baie dankie ook aan broeder Luyt van den Brink vir sy kommentaar wat ek as baie belangrik beskou en sy aanmoediging. Dit was van onskatbare waarde en het my staande gehou. Baie dankie ook aan Dr Hennie van Wyk wat met strukturering behulpsaam was.

Baie dankie ook aan my geliefde huisgesin Ansie en dogters Annelise, Liza en Lizelle wat my die ruimte gegun het om al die lang ure, maande en jare aan hierdie boek asook my ander boek "Lees die Bybelsamevatting in 5 ure" te werk wat ek na – ure moes doen omdat ek nog in ′n voltydse betrekking staan. Paulus sê dat om vir Christus te werk en sterf ŉ wins is en ek beleef dit ook deurgaans dat om vir Christus te werk en die op/uitbouing van sy Koninkryk ŉ groot geloofswins is.

Laastens wil ek God deur Jesus Christus en sy Heilige Gees loof en dank vir die volgehoue leiding en dat Hy my staande gehou het toe die massiewe omvang van die twee projekte my gedreig het om dit verskeie kere te wou laat vaar. Ek is tans doenig met my derde boek "Vertrou op God en Hy sal sy

werking aan jou toenemend toevertrou om Hom en jou naaste te dien" . Aan God Drie-enig al die eer, aanbidding en lof!!

**HENNIE DE KLERK**

**SEPTEMBER 2012 HERSIENE UITGAWE**

# 1 PERSOONLIKE GETUIENIS EN TERUGBLIK

Ek is gebore op 17 Maart 1952 in Pietermaritzburg. Soos met Timoteus het albei my ouers hulle doopsbelofte streng nagekom en ons drie seuns in die kerk en baie na aan die Woord van God opgevoed. Ek onthou nog duidelik hoe ons twee keer op 'n Sondag kerk toe gegaan het, in die oggende met die bus en in die aande ook met die bus of somtyds per huurmotor. Tot vandag toe is dit vir my belangrik om twee keer per Sondag eredienste by te woon, nie uit gewoonte nie, maar omdat ek daarna uitsien en nodig het vir my geloofslewe. Op skool (Voortrekker Hoërskool) was ek nie eintlik op akademiese gebied 'n uitblinker nie maar tog hardwerkend. Ek het ook gevorder tot eerste en tweede rugby span vleuel en het ook goed gevaar met gewigstoot op die atletiekveld.

Na skool moes ek maar soos almal militêre diens verrig met etlike grensdiens kampe. Ek het vir die Staatdiens gewerk vir bykans dertig jaar. Ek het ook die voorreg gehad om aan vyf Comrades marathonne deel te neem en het drie brons medaljes verwerf. Ek het ook 'n Nasionale Diploma en B. Admin. graad verwerf.

Op kerklike gebied het ek op sestienjarige ouderdom my geloof eerlik en opreg bely en was reeds diaken op sewentienjarige ouderdom. Ek het daarna vir veertig jaar as diaken en ouderling en op menige kommissies gedien. Ek is glad nie spyt daaroor nie want dit is noodsaaklik, net solank 'n mens ook net ruimte laat vir ander uiters belangrike geloofswerk. Ten opsigte van 'n paar dinge in my lewe het ek

die pad van opregte bekering, verootmoediging, versoening en vergifnis genadiglik gevolg.

Op Vrydagaand 16 April 2010 het ek ŉ wonderlike geleentheid bygewoon en my geloof in my Drie-enige God hernu en Hom opnuut omhels. Dit was die wonderlikste herlewings-naweek wat ek in my lewe ervaar het en van daardie aand af het my hele lewe verander. Dit wat vir my voorheen belangrik was, was meteens nie meer belangrik nie. Ek het my losgemaak van formele strukture. Die grootste gevaar in ŉ mens se lewe is dat jy so vasgevang kan word in strukture dat daar weinig tyd vir ander geloofsdade en aksies is. Nou was daar meteens tyd vir ander ongestruktureerde geleenthede, veral vir uitreiking. Deur die genade van God, die liefde van Jesus Christus en die leiding van die Heilige Gees kon ek hierdie boek en ook my eerste boek "Lees die Bybelsamevatting in vyf ure" voltooi, maar veral ook betrokke raak by die bediening van die Woord van God aan minder bevoorregtes met ŉ fles koffie en toebroodjies op straat en ook by sopkombuise. Sonder ŉ dag se teologiese opleiding maar wel deur die ervaring van die skool van die lewe het die Here vir my deure oopgemaak met die wonderlike onverdiende voorreg om sy Woord in eenvoud te verkondig aan mense wat dit so nodig het en so wonderlik daarop reageer. Ek kan met reg sê dat ek op my nederige wyse kan ervaar wat Paulus ervaar het toe hy sy bediening onder die heidene en diegene wat nie Christus geken het nie gedoen het. Ek glo dat heelwat van die persone wat ek mee in kontak is tot bekering gekom het en Christus omhels het as hulle enigste verlosser. Ek kon met my eie oë ervaar hoe ŉ broeder met krukke en wat skaars kon loop (Geoffrey) gevorder het na mooi gekleed, vol lewe,

lopend en met 'n rugsakkie op sy rug gereed om te kan werk. Prys die Here! Omstandighede is nie altyd van die veiligste nie maar God se beskerming en alomteenwoordigheid is met my elke dag van my lewe. Ek kan dit voel. Van daardie Vrydagaand af het my lewe ingrypend verander. Ek is nog 'n sondaar en het nog steeds tekortkominge maar nie noodwendig meer dieselfde tekortkominge nie. Ek dank God vir hierdie lewensverandering en lewe nou elke dag in 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus as wedergebore Christen. Natuurlik moet elke dag aan my geloof werk "poog om die glas vol te maak" anders is 'n mens geneig om so bietjie te begin wegdryf. Dit is nou vir my deurgaans duidelik dat ware geloof daagliks aangevul moet word met verootmoediging, bekering en lofprysing. Daarvoor dank ek die Here in alle nederigheid aangesien ek dit nie verdien nie, maar wel ontvang het as 'n geskenk deur die soenverdienste van Jesus Christus en die genade van God.



## 2 KOMMENTAAR

Baie dikwels kom daar ŉ vraag oor "wat sê die Bybel oor hierdie saak" en dan moet jy soek en spook en krap in jou boekrak en jy dink jy het dit êrens al gelees maar weet nie meer waar en in watter konteks nie. ŉ Mens wil so graag die persoon help wat vra – ek wil ŉ Bybelse en Christelike antwoord gee om dieper insig te bevorder. En dan is daar ŉ sekere verwagting by hom of haar dat jy darem weet wat is die Christelike begrip van hierdie spesifieke saak……

Soms kom daar ŉ vraag soos "verbied die Here werklik homoseksuele gedrag?" en waar staan dit dan in die Bybel (?) of wat sê die Here oor sulke mense wat dit beoefen .

En wat sê die Bybel oor die verhouding tussen man en vrou of tussen ouer en kind of selfs tussen "baas en klaas", waar kan ek dit vind sonder om die Bybel van voor tot agter deur te soek ?

Waar kan ek iets vind oor ouderlinge en diakens in die nuwe testament en waar word die dienste ingestel en wat is hulle funksie?

So is daar talle vrae wat antwoorde soek.

Die groot waarde van hierdie boek is dat ŉ mens net Alfabeties kan soek, en dan ŉ kort uiteensetting kan kry wat jou verder terug na die Bybel lei om die groter konteks te lees.

Daar is nie ŉ einde aan meer insig, beter verstaan van die Bybelse, antwoorde vir die lewe nie – en dit is waar hierdie boek ŉ belangrike bydrae maak.

Luyt van den Brink

# 3 A

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Aanddienste en kerkbyeen-komste. | Aanddienste en lofprysing met sang en lied op Sondae asook kerkbyeenkomste in die algemeen. Waar word dit aangespreek? | Ps. 92:14. Hulle vind hulle krag in die huis van die Here en groei op in die tempel van ons God.<br>Ps. 92:1-3. 'n Lied vir die Sabbatdag. Dit is goed om die Here te loof, om u naam te besing, Allerhoogste, om elke more van u liefde te getuig, en elke aand van u trou.(Sondagaand)<br>Joh. 20:19. Jesus ontmoet sy dissipels by hulle samekoms op die Sondagaand. In die Ou Testament was die gebruik om 'n oggend – en aandoffer vir die Here te bring en die kerkdienste in die oggend en aand het ook hieruit voortgespruit. In die vroeë Christelike kerk (Hand. 2:46) met die stigting van die eerste gemeentes was kerkdienste elke dag gehou en dan veral ook in die aand na die werksdag saam met gemeenskaplike maaltye. Na die Reformasie was daar 3 ot 5 dienste op 'n Sondag gehou om die agterstand in kennis in te haal.<br>Heb. 10:25. Ons moet nie wegbly van kerklike byeenkomste nie soos wat die gewoonte geword het nie. |
| Aanneem | Neem ons die Here aan? | Ps.27:10. My vader en my moeder het my verlaat, maar die Here sal my aanneem. Joh. 6:37. Elkeen wat die Vader vir my (Jesus Christus) gee sal na my toe kom, en ek sal hom nooit verwerp nie. Joh. 6:44. Niemand kan na My toe kom nie as die Vader wat my gestuur het, hom nie na My toe trek nie........ |
| Aarde | Nuwe aarde hier op die aarde. Waar is dit opgeteken? | Gen.1. God het die aarde volmaak geskep maar die sonde van die mens het dit bevlek. Jesus Christus se soendood herstel God se verhouding met die mens. Op.21:2. As gevolg van hierdie |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | soenverdienste beërwe die gelowiges die ewige lewe en die nuwe Jerusalem daal neer na hierdie aarde nadat dit gereinig is. |
| Abel en Kain. | Abel en Kain. Geloof en ongeloof asook geregtigheid en ongeregtigheid? Waar word dit aangespreek? | Gen.4:1-15; Heb.11:4. Abel het geglo omdat hy uitverkies was en Kain nie. Daarom het God Abel se offer aanvaar en die van Kain verwerp;1 Joh. 3:12. Kain het aan die bose behoort en sy broer vermoor omdat sy dade sleg was en die van sy broer reg. |
| Afvalligheid | Afvalligheid en wettelose mense in latere/eindtye? | 1 Tim. 4:1-5. In die eindtye sal baie afvallig word en geeste navolg om die leerstellings van die duiwels te bevorder. Hulle is dwaalleraars en skynheilige leuenaars wie se gewete toegeskroei is. |
| Afdwaal | Waar word dit aangespreek? | 2Tess.2:3.Ons prediking berus nie op dwalinge nie. |
| Afguns en Afdwaal | Waar word dit aangespreek? | Ps.73:1-3. God is goed vir Israel wat rein van hart is. Tog het ek daarin begin twyfel en byna koers verloor, want ek het die hooghartige goddeloses met afguns bejeën toe ek hulle voorspoed gesien het. |
| Agtergeblewe-nes | Agtergeblewe-nes, oues van dae, sorge van die lewe ensovoorts. Waar is dit opgeteken? | Deut. 32:6-12. Dink aan die dae wat lank verby is en onthou jou voorgeslagte. Vra jou pa en die ou mense dat hulle jou vertel daarvan; Jes. 40:1-8. Die mens is soos gras wat verdor en blomme wat verwelk maar die woord van God bly vir ewig en verwelk nie. |
| Alfa en Omega | Alfa en Omega. Waar is dit opgeteken en wat behels dit? | Op.1:8. Die begin en die einde. Alfa is die eerste letter van die Griekse alfabet en Omega die laaste. |
| Afhanklikheid van God | Waar is dit opgeteken? | Jak. 4:13 -17. Daar is sommige wat sê: Vandag of more sal ons na die en die stad toe gaan ......... Julle wat nie eers weet hoe julle lewe more sal wees nie. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
| --- | --- | --- |
| | | Julle is maar 'n damp wat oomblik verskyn en sommer weer verdwyn. Julle moet eerder sê: As die Here wil sal ons lewe en ons sal dit of dat doen. |
| Alles | Alles is geoorloof maar nie altyd heilsaam/opbouend/nuttig nie, of stig nie? Waar is dit opgeteken? | 1 Kor. 6:12, 10:23-24. Iets mag wel geoorloof wees maar nie noodwendig opbouend en heilsaam nie. Die mens moet nie sy eie voordeel soek ten koste van 'n ander nie. |
| Alles | Alles kom tot niks. Waar word dit aangespreek? | Pred.1-2.Ons kan niks van ons aardse besittings saam neem nie. Dit is tevergeefs. 1 Kor.15:58. Die antwoord hierteenoor is egter dat ons inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie al maak dit ons nie salig nie. |
| Alles | Het ons alles ontvang om God te dien. Waar word dit aangespreek? | Ja. 2 Pet.1:3. Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat nodig is om te lewe en Hom te dien. |
| Amen | Waarvoor staan dit? | Op.3:14.Dit is 'n Hebreeuse woord wat beteken dit is so of mag so wees en word gebruik om 'n seënwens of lof uitspraak te bevestig. Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 129: 2 Kor. 1:20: 2 Tim. 2:13. Dit sal waar en seker wees. Omdat Christus die geloofwaardige en ware getuie is word Hy die Amen genoem. |
| Ampsdraers | Ampsdraers. Is dit nodig en waar word dit aangespreek? | Luk. 9:1-6. Jesus stuur sy twaalf dissipels uit om God se Koninkryk te verkondig sonder dat hulle iets vir die pad saamneem; 1 Pet. 5:1-4. Die ouderlinge moet die kudde van God wat Hy aan hulle toevertrou het goed oppas. 1 Tim 3:1-14. Die pligte en verantwoordelikhede van ouderlinge en diakens word hier duidelik omskryf. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Antichris | Antichris/wettelose mens sal die wederkoms van Christus voorafgaan. Waar is dit opgeteken? | 2 Tess. 2; 1 Joh. 2:18. Dit staan vir teenstander of nabootser van Christus. Op.13:1-17. In die eindtyd sal hy verskyn as die wettelose mens of die dier uit die see en aarde om die stryd te voer teen Jesus Christus en sy kerk. |
| Antwoord | Antwoord op alle vrae. Waar word dit aangespreek? | Deut. 29:29. Daar is nie 'n antwoord op alle vrae nie. Wat nie geopenbaar is nie, is wel bekend aan die Here ons God. Daar is egter genoeg wat nodig is vir ons saligheid geopenbaar. |
| Apokriewe boeke. | Wat is die betekenis van hierdie boeke? | Dit is geskrewe boeke wat nie in die Bybel opgeteken is nie. Die kanonieke boeke soos vervat in die Bybel dra die volle gesag en die apokriewe boeke vervang of verander dit glad nie. Ons kan wel die apokriewe lees in soverre as wat dit met die kanonieke ooreenstem maar dit besit nie die krag en gesag van die ander kanonieke boeke nie. Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 6. Hierdie apokriewe boeke is:<br>die derde en vierde boek van Esra,<br>die boek van Tobias,<br>Judit,<br>die boek van wysheid,<br>Jesus Sirag,<br>Barug,<br>die byvoegsel by die geskiedenis van Ester,<br>die gebed van die drie manne in die vuur,<br>die geskiedenis van Susanna.<br>die beeld Bel en die van die draak,<br>die gebed van Manasse,<br>die twee boeke van die Makkabeërs.<br>Die Rooms Katolieke Kerk noem hierdie Apokriewe boeke die "Deuterocanonical books of secondary canon" en gebruik nog steeds sommige van hulle. Van |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | hierdie boeke verskyn Tobias, Judit, die wysheid van Salomo, Barug en die twee boeke van die Makkabeërs nog steeds vandag in die Katolieke Bybel. Die ander boeke verskyn vandag nie meer in die Katolieke Bybel nie en word ook nie meer as apokrief beskou nie. Die Protestante het tydens die Reformasie nie hierdie boeke aanvaar as goddelike gesag nie. Die Rooms Katolieke Raad van Trent het egter die "Deuterocanonical" boeke in 1546 aanvaar as goddelike gesag. Daar is ook talle Nuwe Testamentiese apokriewe boeke soos die addisionele evangelies en Henog. |
| Apostels | Wie was hulle en waar is dit opgeteken in die Bybel? | Mark. 3:13-19. 1. Simon Petrus; 2. Jakobus seun van Sebedeus; 3. Johannes broer van Jakobus; 4. Andreas; 5. Philippus; 6. Bartolomeus;<br>7. Mattheus/ Levi die tollenaar; 8. Tomas; 9. Jakobus seun van Alfeus; 10. Taddeus; 11. Simon die fanatikus; 12. Judas Iskariot en later Paulus. |
| Aramees | Wat behels dit? | Gen. 22:21. Dit was die taal van die Arameërs wat verwant is aan Hebreeus. Toe Jesus Christus op die aarde was, het die meeste Jode Aramees gepraat. Daniel 2-6 is onder andere ook in Aramees geskryf. |
| Arend | Waar in die Bybel word bemoedigende woorde in dié verband gevind? | Jes. 4:31. Maar die wat op die Here vertrou kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie. Hulle loop en raak nie afgemat nie. |
| Ark van die sondvloed en ark van die verbond. | Waar is dit opgeteken? | 1.Gen.6:4. Die ark van Noag wat gebruik was tydens die sondvloed was baie groot, gemaak van goferhout en dig gemaak met pik. Die lengte was 135m (langer as 'n rugbyveld), die breedte 22m en die |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | hoogte 13.5 m sodat dit al die mense en diere kon akkommodeer tydens die sondvloed.<br>2. Num. 10:33. Die verbondsark van die Here was 'n kis van doringhout, oorgetrek met goud met 'n deksel waarop twee regop gerubs (beelde van hemelwesens) aangebring was. Eks.25:22; Lev. 16:2. Die verskyning en teenwoordigheid van die Here was op 'n besondere wyse aan die ark verbind. Num.10:33; Jos.3:11; 1 Sam. 4:3-11. Die priesters het dit gedra tydens die woestynreis met die inval van Kanaän. Dit hou verband met die gedagte dat die Here self by die ark teenwoordig was. Eks. 31:18. Dit het ook gedien as bewaarplek vir die klippe waarop die tien gebooie geskryf was en (Eks. 25:16) ook as die getuienis van die verbond. Die Filistyne het op 'n stadium die ark gebuit maar dit was weer herwin deur die genade van God. 1 Kon. 8.Na die voltooiing van die tempel van Salomo was die ark in die allerheiligste gedeelte geplaas. Na die ballingskap lees ons nie weer van die ark nie. Daar kan afgelei word dat koning Nebukadneser dit weggevoer het en dat dit nooit weer herwin was nie. |
| Armageddon | Armageddon. Wat was dit en waarop loop dit uit? | Op.16:16; Rig.1:27; 5:19;Jos 12:21; 2 Kon. 9:27. By die waters van die stad Meggiddo waar Manasse met die verowering van die Kanaän gebied nie die Kanaäniete ten volle kon verslaan nie sal God se leërmagte in die eindtyd Satan se leërmagte oorwin vir ewig. Joel 2:32, 3:16-17;21. In teenstelling met Megiddo slaan God se leërmagte op vanaf die Sionsberg en in Jerusalem. Op.16:17-21. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | Hierdie oorwinning van God sal gepaard gaan met 'n baie groot aardbewing, donder- en bliksemstrale asook baie groot haelstene wat tot 50 kilogram elk weeg. |
| Armoede | Armoede en rykdom? Waar word dit aangespreek? | Fil. 4:10-20; Spr. 30:8-9; Ps. 49: 17-18. Moet julle nie daaroor kwel dat mense ryk word, dat hulle besittings baie word nie, want as hulle sterf, neem hulle niks saam nie, hulle besittings sal hulle nie volg nie. Spr. 19:17. Wie hom ontferm oor 'n arm mens gee 'n lening aan die Here wat hom ten volle daarvoor sal vergoed. |

## 4 B

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Baäl | Wat was dit en waar is dit opgeteken? | Rig.2:11;1Kon.16:31. Dit was ’n Kanaänitiese afgod. Die heidene het geglo dat dit hy was wat die grond, diere en mense vrugbaar gemaak het sodat daar goeie en baie oeste, vee en kinders sou wees. Verering van Baal was ’n seks kultus. As vrugbaarheidsgod het dit ook verband gehou met tempelprostitute. Sy diens was veral bevorder tydens die regering van koning Agab wat vir hom ’n tempel gebou het. Elke stad het ook egter sy eie Baäl vereer en daar was dus verskillende Baäls. ’n Groot aantal Amerikaanse seks- internet - web-werwe gebruik vandag nog die naam van Baäl. |
| Babilon | Wat was dit en waar is dit opgeteken? | 1 Pet.5:13; Gen.11:9. Dit was die naam van die hoofstad van die Babiloniese Ryk en was soms ook Babel genoem. In 586 v.C. was Jerusalem verwoes deur die Babiloniërs en die verbondsvolk was weggevoer in ballingskap na Babilon. Op. 14:8; Op 17:5. Dit was ook ’n simbool van sedeloosheid en seksuele losbandigheid. |
| Bang | Waar word dit aangespreek? | Spr. 29:25. As jy vir mense bang is, kan jy in ’n strik beland, maar as jy jou vertroue in die Here stel is jy veilig. |
| Barmhartig-heid. | Waar word dit | Deut. 15:4-5. As jy gehoorsaam is aan God se voorskrifte sal jy nie arm wees |

| Woord | **Vraag** | **Bybelgedeeltes / Antwoord** |
|---|---|---|
| | aangespreek? | nie; Spr. 21:13. As jy jou ore sluit vir die hulpgeroep van 'n arm mens sal jy nie antwoord kry as jy roep nie; Matt. 5:7. Geseënd is die wat barmhartig is want aan hulle sal barmhartigheid bewys word. |
| Bediening | Verheerliking en verryking van bediening van heidene. Waar is dit opgeteken? | Rom. 11:13-14. Paulus verklaar dat hy die apostel is van die heidennasies en dat hy in sy bediening daarna strewe om daardeur selfs sy eie mense jaloers te maak. |
| Beëlsebul | Wat was dit en waar is dit opgeteken? | Matt.10:25; 12:24; Markus 3:22. Dit was die naam van Satan, leier van die duiwels. Sy naam en die naam van die afgod Baäl-Sebub is amper dieselfde. |
| Begeertes | Menslike begeertes. Waar word dit aangespreek? | Gen. 3:6; Eks. 20:17; Spr. 10:3. Die Here laat nie die begeerte van die wat verkeerd doen bevredig word nie; 24 Wat die goddelose vrees kom hom oor; wat die regverdige begeer, gee God aan hom; 11:6. Die betroubaarheid van eerlike mense red hulle; onbetroubare mense word deur hulle hebsug gevang; Matt: 6:21. Waar jou skat is daar sal jou hart ook wees; Luk.12:31-34.Verkoop julle besittings en gee bydraes vir die armes. |
| Begrawe | Wat is die Bybelse voorbeelde/ | Gen.15:15. Abraham sal in vrede sterf en op 'n hoë ouderdom begrawe word; 1Kon.14:13. Abia die seun van |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | voorskrifte om begrawe te word en waar is dit opgeteken? | Jerobeam word siek en sterf. Die hele Israel sal oor hom rou en hom begrawe. Hy sal die enigste een van die familie van Jerobeam wees wat in 'n graf begrawe word want in die huis van Jerobeam het die Here God van Israel net in hom iets goed gevind; Hand. 2:29. Broers wat ons voorvader Dawid betref moet ek dit vir julle duidelik stel. Hy het gesterwe en is begrawe. Sy graf is nou nog hier by ons; Joh.19:40. Jesus se liggaam was uitgelê vir sy begrafnis; 1 Kon. 16:6. Baesa is oorlede en hy is begrawe in Tirsa; Pred. 6:3. 'n Man kan honderd kinders hê en baie lank lewe, maar hoe oud hy ook al word, as hy nie die goeie geniet nie en nie eens in 'n graf begrawe word nie is 'n doodgebore baba beter daaraan toe as hy; Rom. 6:4. Deur die doop is ons immers saam met Hom in Sy dood begrawe. Alhoewel verassing nie ons saligheid beïnvloed nie is die Bybelse voorbeelde die van begrawing. |
| Bejaardes | Bejaardes. Waar vind ons skrifgedeeltes om bejaardes te bemoedig en te vertroos? | Ps. 71. Nou dat Dawid oud geword het sê hy dat God hom bevry uit die hand van die goddeloses; 90. God is daar voordat die berge daar was wanneer jy jonk is en ook oud is; Jes. 40:21-31. Selfs jong manne word moeg en raak afgemat maar die wat op die Here vertrou kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hardloop en word nie moeg nie; 46:3-4. Ook tot |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | in julle ouderdom is ek die Here, tot in julle grysheid sal Ek julle dra. Ek het julle gemaak en sal julle vashou, julle dra en red. |
| Bekering/ Inkering/ Wederge-boorte | Is ’n dag en datum nodig? Is dit ’n voorvereiste? | 2 Tim. 1:5; 2 Tim. 3:14-15. Hand.9:1-19. Dit is nie noodwendig ’n voorvereiste nie waar die ware geloof reeds sedert ons kinderjare in ons is en ons dit so uitleef, maar kan beslis ook wel gebeur waarvan Paulus se inkeer tot die Christelike geloof ’n voorbeeld was naby Damaskus. Paulus verwys ook spesifiek na Timoteus se geloof wat eers gewoon het in sy grootmoeder Lois in is sy moeder Eunice wat oorgedra was na hom en die belangrike waarde daarvan in die sin dat die Christelike geloof reeds in Timoteus gevestig was vanaf sy kinderdae. Wanneer die persoon die volle omvang van hierdie gewaarwordingsproses ten volle verstaan, bely hy of sy haar geloof en persoonlike verhouding met Jesus Christus by ’n toepaslike geleentheid in reaksie op die wonderlike gratis geskenk van God. Natuurlik moet ons, ons nog daagliks bekeer vanweë ons sondes as deel van ons persoonlike verhouding met Jesus Christus.<br><br>In verstommend baie gevalle gaan baie mense vir baie jare kerk toe, lees die Bybel, bid en verkondig selfs die Woord van God, maar hulle lewe nie |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | werklik in 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus as wedergebore gelowige nie. God waarsku dat nie almal wat Here, Here sê die ewige lewe sal beërwe nie. (Luk.13:22-28 veral 25-28; Mark.13:1-31 veral verse 5 en 22; Luk.10:17-24; Matt.13:26-43; Heb.6:4-8). Om hierteen te waak en as jy nie seker is nie is dit die beste om by 'n toepaslike geleentheid Jesus Christus openlik en selfs in die openbaar te omhels/aanvaar/bely as jou persoonlike verlosser, al is dit dan ook 'n herbevestiging daarvan en om dan werklik in Hom te glo en daagliks te volg omdat Hy jou eerste liefgehad het. Jy kan dan nie anders as om hom terug lief te hê nie en ook jou naaste soos jouself. Jy moet dan hierdie wedergeboorte van jou daagliks aanvul (vol maak) en jouself bekeer. Dit is in reaksie op die bonatuurlike kragtige werking van die Heilige Gees wat Hy in jou plant deur die wedergeboorte waar die ou sondige mens in jou gekruisig is en jy Christus volg al sondig jy nog steeds.<br><br><u>Hoe doen ek dit? Deur die vrugte van die geloof:</u><br><br>1. Lees die Bybel (die onfeilbare Woord van God) daagliks sistematies en gebalanseerd (Ou en Nuwe Testament) van begin tot einde deur saam met betroubare handleidings wat kan verduidelik |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | waar ons nie altyd verstaan nie. Kort een minuut of bietjie langer dagstukkies is goed vir 'n spesifieke doel, maar nie altyd die antwoord nie. Ons het meer as dit nodig en moet die Bybel sistematies in sy volheid ervaar en verstaan.<br>2. 1 Tess. 5:17; Joh.16:23-24; Jak.4:2-3. 'n Behoorlike en opregte daaglikse gebedslewe waar ons God loof en prys vir sy genade, ons dankbaarheid aan Hom betoon vir al sy weldade, vra vir vergifnis van al ons sondes en ook voorbidding doen vir ander en bepaalde omstandighede in hulle en ons lewens. Vergeet van die "inkopie lys" Vra vir geloof, hoop en liefde en die liefde is die grootste van die drie. God sal die ander dinge insluitende materiële dinge vir ons skenk uit sy genade.<br>3. Rom.10:14-17. Hoe kan mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie en hoe kan jy glo as jy nie van Hom gehoor het nie en hoe kan jy hoor sonder iemand wat preek. Gaan luister na die verkondiging van die Woord van God in die kerk en vergeet van die probleme wat jy het met die mense in die kerk. Hulle is maar ook sondaars net soos jy wat nie altyd die regte dinge doen nie en die regte |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | voorbeeld stel nie. Die Kerk is die bymekaarkomplek van sondaars wat net geheilig word deur die soenverdienste van Jesus Christus.<br><br>4. Reik uit na andere en getuig van God se wonderlike teenwoordigheid in jou lewe en hoe ander hierdeur ook die ewige lewe kan beërwe.<br><br>As hierdie eienskappe teenwoordig is in jou lewe sal jy nie twyfel of jy wedergebore/ bekeer is of nie. |
| Bekering. | Waar word dit in die algemeen aangespreek? | Matt 16:24. As iemand agter My wil aankom moet hy homself verloën , sy kruis dra en My volg; Ef. 4:17-32. Kol. 3:1-14. Breek weg van die ou lewe en hang die nuwe lewe aan. Iy 'n Christelike lewenswandel met daaglikse bekering en vernuwing in die geloof in Jesus Christus. |
| Bekommer-nis | Waar is dit opgeteken om bemoediging en ondersteuning te verleen? | Spr. 12:25. Bekommernis druk 'n mens neer. 'n Vriendelike woord vrolik hom op; Matt. 6:25-34. Wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng; Fil. 4:6-7. Moet oor niks besorg wees nie maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Jesus |

| Woord | **Vraag** | **Bybelgedeeltes / Antwoord** |
|---|---|---|
| | | Christus. |
| Belasting | Belasting betaal. Waar word dit aangespreek? | Rom. 13:5-7. Die owerhede is besig om God se opdragte uit te voer en daarom moet belasting en aksyns betaal word. Matt. 22:15-22. Gee aan die keiser wat aan hom behoort en aan God wat aan God behoort. |
| Beloning | Waar word dit aangespreek? | Heb. 10;35. Daar is 'n groot beloning vir geloofsvertroue. |
| Beloofde land Kanaän | Moses en Elia se verskyning aldaar. Waar is dit opgeteken? | Matt 17:3. Moses en Elia verskyn op die berg van verheerliking in die beloofde land Kanaän een duisend jaar na hulle dood wat Moses nie toegelaat was om te doen gedurende sy leeftyd nie as gevolg van Aaron en sy sonde by die Meriba waters. |
| Belydenis /vergifnis | Belydenis/vergif nis van sonde. Waar word dit aangespreek? | Spr. 28:13. Wie sy sonde wegsteek moet niks goeds te wagte wees nie maar wie sy sonde bely en daarvan afsien sal genade ontvang; Jak 5:16. Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid sodat julle gesond kan word. Luk. 6:37. Spreek vry en julle sal vrygespreek word. Matt. 6: 14-15. As julle ander mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredinge vergewe nie. Verwys ook na Lev. 5:5; Num. 5:7; Neh.1:6 en Dan. 9:4 en 20. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Bemoedi-ging | Bemoediging/ troos in teëspoed, siekte, verdrukking ensovoorts. Waar is dit opgeteken? | Ps. 103. Dit is God wat ons van ons sondes vergewe, wat al ons siektes genees en ons red van die graf; 112. Die regverdige sal nooit wankel nie. Hy sal altyd onthou word. Vir slegte tyding is hy nie bevrees nie, hy is gerus en vertrou op die Here. Hand 15:11. Ons word net gered deur die genade van Jesus Christus. Neh. 9:7:31. Maar in u groot barmhartigheid het U hulle nie heeltemal uitgewis nie, hulle nie verlaat nie...... |
| Beproewing | Beproewinge/ siekte in die lewe. Uit watter gedeeltes kan ons iemand vertroos en bemoedig? | Jak.1:8. Moet nie altyd twyfel nie anders sal jy nie iets van die Here ontvang nie; Klaagl.3:24-39.(veral 26,32 en 39) Dit is goed om geduldig te wag op die hulp van die Here. Die Here verstoot nie 'n mens vir altyd nie. As Hy beproewing oor jou lewe bring ontferm Hy Hom weer, want sy liefde is groot. Wat kla 'n mens oor sy lewe? Hy moet eerder sy sonde oorwin. Jak.1:2-4. Ons moet bly wees as die beproewinge oor ons kom want as ons geloof die toets deurstaan het, stel dit ons in staat om te volhard. |
| Berou | Hoe moet mens berou toon en tot bekering kom? | Luk.3:8-14; Hand.3:19.Kom tot inkeer en bekering en God sal jou sondes uitwis; 26:20. Bewys jou bekering/ inkeer met jou dade; 2 Kor.7:10 Droefheid bring bekering. Ps. 51:19. 'n Psalm van Dawid na aanleiding van sy owerspel met Batseba. Die offer wat u wil hê, O God is |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | verootmoediging. U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie. |
| Beskerming | Wie beskerm ons? | Ps. 91. Die Here beskerm ons. |
| Besluitne-ming | Waar word goeie voorbereiding en toerusting aangespeek in besluitneming? | 2 Tim. 3:15-17. Die feit dat Timoteus van kleins af in die heilige Skrif onderrig was deur die jare gee aan hom die kennis om goeie besluite te neem. |
| Besnydenis | In watter skrifgedeeltes word dit aangespreek? | Rom.2:25-29; Gal. 5:2-6; 6:15-16. Dit het sonder meer nie saligheidswaarde nie. Geloof in Christus is nodig vir vryspraak en die ewige lewe. |
| Besnydenis | Wat het dit behels in die Ou Testament en wat is waarde daarvan in vandag se lewe? | Gen.17:9-14;Lev.12:3. In die Ou Testament was die voorhuide van seuntjies en slawe op die agste dag na geboorte afgesny as teken van die verbond tussen God en Abraham se nageslag. Fil.3:2-3. Met die koms van Christus in die Nuwe Testament het Hy ten volle betaal vir die sondes van die mens. Dit is inderdaad die ware besnydenis en derhalwe word die uiterlike besnydenis betekenloos en verval as gevolg daarvan. |
| Betrokken-heid | Saamstaan/ saamwerk met medegelowiges. Is dit nodig? | Ja. Neh.4 en 6; Gal. 6:1-10. Dra mekaar se laste en gee op die manier uitvoering aan die wet van Christus. Pred.4:9-12. 'n Driedubbele tou breek nie maklik nie as ons saamstaan/werk |

| Woord | **Vraag** | **Bybelgedeeltes / Antwoord** |
|---|---|---|
| | | in die geloof. |
| Beskerming. | Waar word dit aangespreek? | Ps.16:1. Ek het vir die Here gesê ek behoort aan U. Daar is vir my niks goeds nie behalwe U. Dawid neem dus sy toevlug na die Here toe. |
| Bevryding. | Waar word dit aangespreek? | Rig.3:9-10. Die Here stuur Otniël om Israel te bevry van koning Kusan-Risatajim van Mesopotamië en daarna was daar vrede vir 40 jaar. |
| Bid | Bid sonder om te twyfel. Waar word dit aangespreek? | Jak. 1:6. Iemand wat twyfel is soos 'n brander wat heen en weer deur die wind aangejaag word. |
| Bid | Verkeerd bid. Waar word dit aangespreek? | Jak.4:3. Jy moet nie bid om jou eie selfsugtige behoeftes te bevredig nie. |
| Bid | Sukkel om te bid. Waar vind ons bemoediging om te bid as ons sukkel daarmee? | Rom. 8:26. Die Gees staan ons by in ons swakheid. Ons weet nie hoe om te bid nie maar die Gees pleit vir ons wat nie met woorde gesê kan word nie. |
| Bid | Wat is die hoofelemente van die gebed? | Die hoofelemente van die gebed.<br>1 Tess. 5:17; Joh. 16:23-24; Jak. 4:2-3.<br><u>Hoofelemente.</u><br><u>Danksegging.</u> Spreek jou dank uit vir al God se seëninge.<br><u>Lofprysing.</u> Loof Hom vir sy grootheid |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | en alomteenwoordigheid.<br>Aanbidding. Aanbid God as die enigste en ware God.<br>Vergifnis. Vra vir vergifnis van sonde en vir krag om ander vir hulle sonde te vergewe.<br>Voorbidding vir ander mense soos siekes eensames ensovoorts.<br>Persoonlike versoeke. Hierdie element is die minste belangrik en wees baie versigtig vir die inkopie gebed. Negentig persent van 'n gebed behoort danksegging en lofprysing te wees vir God se genade al gaan ons ook deur moeilike tye. |
| Blameer | Blameer iemand anders. Waar word dit aangespreek? | Gen.3:12-13. Adam blameer vir Eva maar hy bly verantwoordelik. |
| Bou van kerk of tempel. | Waar word dit aangespreek? | Esra 3:10-12. Dit gaan nie net om die fisiese bouwerk nie maar oor die lewende ontmoeting en verhouding met God in sy huis. |
| Brand/ Verassing. | Waar vind ons Bybelse voorbeelde van verbranding/ verassing van liggame? | Lev. 20:14. Iemand wat met 'n ma en haar dogter trou begaan 'n afskuwelike sonde en al drie van hulle moet 'n vuurdood sterf; Jos. 7:15. Die man wat met die gewyde goed gevang word en sy mense moet verbrand word omdat hy die verbond van die Here verbreek en 'n roekelose sonde in Israel begaan; Amos.6:10. Die ondergang van Samaria/Israel. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | Met hierdie verbranding moet die naam van die Here nie eers genoem word nie. Verbranding was wel in enkele opsigte toegelaat waar daar 'n bepaalde gesondheidsrisiko was met geen ander uitweg nie. Alhoewel verassing nie ons saligheid beïnvloed nie is die Bybelse voorbeelde die van begrawing. |
| Bybel | Die enigste woord van God. Waar is dit opgeteken? | 1 Tess. 2:13. Dit is nie mense woorde nie maar die woord van God.; Op. 22:7;18-20. Niks kan bygevoeg of weggeneem word nie. |
| Bybel | Hoeveel boeke is daar in die Bybel? | 66 Boeke waarvan 39 in die Ou Testament en 27 in die Nuwe Testament is. |
| Bydraes aan God. | Dankbaarheids-bydrae aan God. Waar word ons kerklike bydraes en ander bydraes vir die kerk en God aangespreek? | 1 Kron. 29: 1-19. Die volk was bly oor hulle gewilligheid om gawes vrywilliglik met hulle hele harte te gee aan die Here vir die bou van die tempel; Mark. 12:41-44. Die arm weduwee se twee muntstukke bydrae was baie meer werd as die van die rykes omdat sy in haar gebrek alles ingegooi het wat sy gehad het; Mal. 3:8-12. Bring jou gawe en toets die Here. Hy sal die vensters van die hemel oopmaak sodat dit op jou reën en Hy sal die sprinkane keer. Jou wingerde/geloofslewe sal wonderlike vrugte dra en jy sal voorspoedig wees; Heb. 13:16. Moet nie nalaat om goed te doen nie, wees |

| Woord | **Vraag** | **Bybelgedeeltes / Antwoord** |
|---|---|---|
| | | mededeelsaam want dit is offers wat vir God aanneemlik is. 1 Kor. 16:2. Elke Sondag moet elkeen van julle na sy vermoë tuis iets op sy sit en dit opspaar, sodat geldinsameling nie eers plaasvind as ek kom nie. |
| Bywoning van kerk / erediens. | Is dit nodig en waar word dit aangespreek? | Rom.10:14-18. Hoe kan jy in God glo as jy nie hoor nie en hoe kan jy hoor sonder iemand wat preek; Heb. 10:25. Ons moet nie wegbly van die samekomste van die gemeente nie soos party se gewoonte geword het maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan. Luk. 4:14. Jesus het in Galilea die mense in die sinagoges (kerke van vandag) geleer en hulle het met lof van Hom gepraat. |

**5 C**

| Woord | **Vraag** | **Bybelgedeeltes / Antwoord** |
|---|---|---|
| Charisma-ties. | Charismatiese denke/prediking. Wat behels dit en waar word dit aangespreek? | Jes.8:20; 1Kor.2:1-5. Gal.1:6-10. Persoonlike ervaringe en wysheid is ondergeskik aan die suiwere woord verkondiging van God se woord. |
| Christelike opvoeding. | Christelike opvoeding en huisgodsdiens. Is dit nodig en waar word dit aangespreek? | Deut.6:6-9. Ons moet die gebooie en voorskrifte van God se woord inskerp by ons kinders in ons huis op die pad ensovoorts; 2 Tim.1: 1-14. Timoteus se ma Eunice en sy ouma Loïs het die geloof van kleins af by hom ingeskerp en Paulus is baie dankbaar vir hierdie opvoeding. |
| Christus. | Waarvoor staan die woord? | Jes.9:5-6. Jesaja praat reeds hier in die Ou Testament van 'n Seun, Jesus Christus, wat gebore sal word. Hy sal heers en Hy sal genoem word wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader en Vredevors. Die woord Christus is die Griekse vertaling van die Hebreeuse woord "Messias". Albei woorde beteken in Afrikaans gesalfde. Die verwagting van die Jode en Samaritane in die Ou Testament dat die Messias gaan kom is vervul in die Nuwe Testament met die koms van Jesus Christus maar hulle het dit nie geglo en aanvaar nie. Die ortodokse Jode wag vandag nog vir die koms van die Messias. |
| Christus. | Christus se geslagsregister. Waar is dit | Matt.1. Van Abraham tot Josef word sorgvuldig en sistematies beskryf. Luk. 23-38. Van Christus terug tot by |

| Woord | **Vraag** | **Bybelgedeeltes / Antwoord** |
|---|---|---|
| | opgeteken? | Adam. |

## 6 D

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Dade. | Daders van die geloof/Woord. Hoe belangrik is dit en waar word dit aangespreek? | Jak.1:19-27; Jak.2:14-26. Geloof sonder dade is niks werd nie. Op. 14:13. Dade volg jou egter en maak jou nie salig nie. |
| Dag van die Here. | Wat behels dit en waar is dit opgeteken? | Op.1:10. Dit is Sondag vir ons as gelowiges. Die opstandingsdag van Jesus Christus. Die woorde word ook gebruik as aanduiding van die oordeelsdag. Verwys in die verband na Joel 2:11; 3: 12 en 15; Jesaja 2:16-22; Amos 5:18-20; Psalms 97, 98 en 104. |
| Dawid stad. | Waar was dit en waar is dit opgeteken? | 2 Sam.5:7. Dit is ’n ander naam vir Jerusalem in die suidstreek Juda waar Dawid koning was. |
| Depressie hantering. | Hoe hanteer ek dit ? | <u>1.Angs</u><br>Ps. 91. Voorbeelde van bedreiging – Heb. 2 :14-18; 5:7-10; Kol. 3:1-4; Ps. 31. Geloof verdryf nie noodwendig altyd angs nie, maar laat ons wel die mag van God in die angstige oomblik raaksien.<br><u>2. Prestasiedrang/dwang</u><br>Fil.2:5-11; Deut.7:6-9; 1Kor.13. (Die liefde)<br>Dikwels wanneer ’n mens die toppunt bereik vind jy dat daar niks is nie. Ambisie is nie sonde nie. As dit egter jou hele lewensuitkyk bepaal/beheer kan dit skadelik wees. Jy is wat jy is |

| Woord | **Vraag** | **Bybelgedeeltes / Antwoord** |
|---|---|---|
| | | en nie wat jy doen nie. Prestasie volg dan vanself. Niemand is perfek nie!<br><br><u>3. Niemand aanvaar my nie</u><br><br>1 Sam 16:7.Dit maak nie saak wat mense van jou dink nie maar wat God van ons weet. Deut. 7:7-9; Rom. 5:6-10; Ps. 139:13-18; Jes. 41:8-14. Leer om na jouself te kyk soos God na jou kyk met gebreke.<br><br><u>4. Ek is ’n slagoffer van my verlede</u><br><br>Rom. 8:28. Bagasie. Niks gebeur sonder God se Wil nie. Moet nie die verlede probeer uitvee nie. God gebruik dit om jou op te bou, selfs die lelike dinge. Aanvaar dat gooie en slegte dinge in ons lewe gebeur en aanvaar dit. God beheer ook negatiewe ervarings in sy lewensplan vir ons. Alle depressie is nie sonde nie maar sonde kan ook depressie veroorsaak. Wees positief. Die Here sorg en voorsien. Fil. 4:4-9. Die grootste sukses en teenvoeter vir depressie is om gehoorsaam te wees aan God se beloftes. Maak jou begeertes asook probleme met danksegging aan God bekend. God sal dan oor jou hart en gedagtes wag hou in Jesus Christus. |
| Depressie in die algemeen. | Depressie in die algemeen.<br><br>Waar word dit aangespeek, waar mense | Gen. 4:6. Kain het baie kwaad en bedruk geword omdat God nie sy offer aanvaar het nie; Ps. 32:3-4. Toe Dawid oor sy sonde geswyg het, het sy liggaam uitgeteer geraak en die |

| Woord | **Vraag** | **Bybelgedeeltes / Antwoord** |
|---|---|---|
| | baie swaar gekry het? | hand van die Here het swaar op hom gedruk. Sy kragte het opgedroog soos water in die somerhitte; Ps.88. Dit is ’n psalm van die Koragiete en ’n gedig van Heman die Esragiet. Die Here sy God help hom altyd, selfs waar die swaarkry vir hom te veel geword het en hy vat aan die doderyk met sy een voet in die graf. Die Here se toorn rus op hom en dit bedreig hom soos vloedwater. |
| Diaken. | Instelling van diakenamp. Waar is dit opgeteken? | Hand. 6:1-7. Sewe diakens word gekies deur die apostels om veral om te sien na die Griekssprekende weduwees wat afgeskeep was in skerp kontras met die Hebreeus-sprekende weduwees, maar ook om ander barmhartigheidsfunksies te verrig. Die sewe was:<br>1. Stefanus<br>2. Fillipus<br>3. Progorus<br>4. Nikanor<br>5. Timon<br>6. Parmenas<br>7. Nikolaus van Antiogie.<br>1Tim. 3:8-12. Die vereistes van diakenskap word omskryf. Hulle moet ’n gooie en skoon karakter hê, nie uit twee monde praat nie, getrou wees aan hulle vrou en kinders, in alle opsigte vashou aan die geopenbaarde waarheid van die woord van God |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
| --- | --- | --- |
| | | ensovoorts.<br>Vrouens wat barmhartigheidswerk verrig het: Hand. 9:36. Tabita in Grieks Dorkas; Hand 16:11-15. Na Lidia se bekering word haar huishouding die begin punt van Paulus se mooiste gemeentes wat moontlik kan impliseer dat sy as praktiese handeldrywer van pers wolmateriaal barmhartigheidswerk sou verrig aan andere. Daar is geen aanduiding dat hulle formeel tot die amp van diaken verkies en bevestig is nie. |
| Diefstal. | Diefstal/steel. Waar word dit asook om gesteelde goedere te ontvang aangespreek en verbied? | Eks.20:15;Spr.29:24. Iemand wat gesteelde goedere ontvang gee nie om vir sy lewe nie, hy weet die vloek sal hom tref, maar wil nie daaroor praat nie; 30:7-9. Moet my nie arm of ryk maak nie, gee my net die kos wat ek nodig het en dit nie vir my nodig is om te steel en God se Naam oneer aan te doen nie; Spr.6:30-3.Selfs as jy honger is, is dit nie geoorloof om te steel nie. |
| Diensgroep. | Wat behels dit en waar is dit opgeteken? | Luk.1:5;8;1Kron.24:1-9. Die priesters was verdeel in 24 diensgroepe met die oog op die diens in die tempel van week tot week. Die belangrikste dienswerk was die bring van die wierookoffer vroeg in die môre. |
| Diplomaties. | Diplomatiese optrede. Waar word dit | Filem.1. Paulus pleit op diplomatiese wyse by Filemon dat hy sy slaaf Onesimus, wat van hom goedere |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | aangespreek? | gesteel het, maar daarna tot die geloof gekom het, terug moet neem. |
| Dissipline | Dissipline. Is dit raadsaam en waar word dit aangespreek? | Ja binne perke. Spr.3:11-12. Die seun moet die teregwysing wat van die Here af kom aanvaar en hom nie daarteen verset nie want die Here straf die mens wat hy liefhet net soos 'n vader met sy seun; 13:24. Wie sy seun nie straf nie het hom nie lief nie; 19:18. Behandel jou seun streng dan is daar hoop, maar moet jouself nie te buite gaan nie; 22:6; Heb. 12:7-11. Verdra die tug as opvoeding. |
| Doen. | Hoor en doen. Waar word dit aangespreek? | Matt. 7:21-23. Nie elkeen wat sê Here, Here sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van die van die Vader wat in die hemel is. |
| Dood gebore. | Dood gebore of dood voor doop. Is so 'n baba verlore? | Nee. Ps. 139:13-16. God het ons gevorm en aanmekaargeweef in die skoot van ons moeder. Hy het ons al gesien toe ons nog ongebore was, al ons lewensdae was in die boek opgeskrywe nog voordat ons gebore was; Jer.1:5. God ken en kies sy uitverkorenes uit nog voor hulle geboorte in hulle moeder se baarmoeder en al word hulle dood gebore is hulle reeds gered. |
| Dood. | Dood en selfmoord. Waar word die dood aangespreek asook selfmoord | Fil.1:20-21(selfmoord). Dit is Paulus se vurige verlange dat hy niks sal doen waaroor hy homself skaam nie want om te lewe is vir hom Christus en as hy moet sterwe soos deur God |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | en is selfmoord geoorloof? | bepaal is dit 'n wins. Job.14:5.Die mens se lewensduur is vasgestel deur God. Hy het die getal van ons jare bepaal en neergelê. Ons kan dit nie oorskry nie. Omdat God ons lewensduur bepaal het mag die mens dit nie versteur nie om sy eie lewe te neem nie; 1Tess.4:13-17.Opstanding uit die dood. Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel asook die trompet van God weerklink sal Hy self uit die hemel neerdaal. Allereers sal die wat in Christus gesterf het uit die dood opstaan. Daarna sal die wat nog lewe verander word en saam met hulle op die wolke weggevoer word die lug in, die Here tegemoet. Ons sal dan vir altyd by die Here wees. Spr.14:32. Die goddelose kom tot 'n val deur sy boosheid maar die regverdige het 'n toevlug, ook in sy dood; 1Kor.15:54-58. Die verganklike word beklee met die onverganklike en sterflike liggaam met die onsterflike. Dan word die woorde; dood waar is jou angel en oorwinning want die dood is oorwin vervul; Heb.2:14-15. Christus het ons van die ewige dood bevry; Deut.32:1-12. Moses se lied op sy sterfbed getuig van God se grootheid as die Rots van ons lewens en hy prys God daarvoor. Hy dink aan die dae wat lank verby is en onthou die jare van sy voorgeslagte. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Doop van Christus | Wat was die rede vir sy groot doop en waar is dit opgeteken? | Joh.1:31-34. In hierdie gedeelte verduidelik Johannes pertinent dat hy Christus gedoop het om Christus bekend te stel aan Israel. Hy sê ook dat Christus doop met die Heilige Gees. Heb. 7:11-28. Die doop van Christus was dus nie 'n bekeringsdoop nie maar wel bevestiging van sy priesterlike diens (Levitiese priesterdiens) veral gesien in die lig van die feit dat Hy nie uit die Leviete stam gebore was nie maar wel uit die stam van Juda. Daarvolgens kon hy nie as priester optree nie maar in Heb.7:17 staan dit duidelik dat hy vir ewig Priester (Hoëpriester) is volgens die priesterorde van Melgisedek. Geen Levitiese priester was vir ewig priester nie. In Matt. 3:15 staan .... om aan die wil van God te voldoen. Lees dit saam met Num. 8:23-26 wat Christus se priesterdiens bevestig wat gaan oor die inleiding en reiniging van priesters tussen 25 en 50 jaar oud. In vers 7 moes priesters gereinig word met die besprinkeling van water (nie onderdompeling nie). In Joh. 3:2 verwys Nikodemus na Christus as Rabbi (Priester) wat verband hou met sy Priesterlike verhouding. Sodoende kom Christus se priesterlike verhouding in vervulling met sy doop deur Johannes wat duidelik sê dat hy eintlik te sondig is en nie dit werd is |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | om Christus te doop nie. Christus was ook sonder sonde en dit was glad nie nodig vir Hom om gedoop te word nie, in die sin soos ons gedoop word nie. In Matt. 3:1-12 doop Johannes groot mense wat nuut tot die geloof gekom het en hulle bekeer op daardie tydstip. Daar is ook nie sprake van onderdompeling nie en dat Johannes homself laat groot doop het nie. Verwys ook na Matt. 2:13-17; Mark. 1:9-11; Luk. 3:21-22. |
| Doop van kinders | Is dit geoorloof en waar word dit aangespreek? | Matt.19:14. Die koninkryk van God is juis vir die kindertjies; Hand.2:39. Wat God belowe het was vir hulle en hulle kinders; Ondanks verskillende interpretasies is kinders net soos groot mense deel van die verbond van God en moet gedoop word. Johannes was reeds vanaf sy geboorte af vervul met die Heilige Gees en net soos die ander kinders deel van die verbond; Gen.15. God sluit 'n verbond met Abram en sy kinders asook sy nageslag wat so baie sal wees as die sterre in die hemel. |
| Doop. | Doop en besnydenis. Waar word dit in die algemeen aangespreek? | Besnydenis van seuntjies. Gen. 17:1-14 God sluit sy verbond met Abraham en sy nageslag wat 'n menigte is. As teken van die verbond moes seuntjies op die agste dag besny word aan die voorhuid. Dit het selfs gegeld vir sy slawe; Ps. 105:1-11; Matt. 28:16-20. Opdrag aan die dissipels om uit te gaan na al die nasies om hulle te |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | doop wat die besnydenis vervang en om hulle te leer van Christus. |
| Dra mekaar se laste. | Dra mekaar se laste. Waar is dit opgeteken? | Gal. 6:2. Dra mekaar se laste en gee so uitvoering aan die wet van Christus. |
| Drie-enigheid. | Drie-enigheid. Waar is dit opgeteken? | Gen. 1:2;26. God praat hier van Ons verwysende na sy drie-enigheid; Matt. 3:16-17. Tydens Jesus se doop sien Hy die Gees van God neerdaal op Hom soos ’n duif en God praat met ’n stem uit die hemel dat Hy sy geliefde Seun is; Rom. 8:9-11. Die Gees van God woon in ons en as ons nie die Gees van Christus het nie behoort ons nie aan Christus nie. Omdat Christus in ons is, gee die Gees aan ons die lewe op grond van God se vryspraak; Joh. 14:6-7. Jesus verduidelik aan Filippus dat wie Hom sien, sien die Vader en dat die Vader in Hom is en Hy in die Vader; Joh. 10:30. Ek en die Vader is een; Joh. 17:11(b). Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat u my gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees. ’n Voorbeeld om die Drie-enigheid te verduidelik is die van ’n boom. God (die wortels en stam), Jesus Christus (die takke) en die Heilige Gees (die blare en vrugte) manifesteer wel op verskillende fases maar is deurgaans vanaf die begin teenwoordig as ’n eenheid en kan nie van mekaar geskei word tot in |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | ewigheid nie. |
| Droefheid. | Droefheid/terne ergedruktheid. Waar word dit aangespreek? | Spr. 14:13. ’n Mens kan lag terwyl hy treur, die uiteinde van vreugde kan kommer wees; 15:13. Blydskap laat ’n mens se gesig straal maar smart maak ’n mens terneergedruk. |
| Dronk. | Dronkenskap. Waar word dit aangespreek? | Spr.20:1.Wyn maak jou ligsinnig, drank laat jou lawaai maak, niemand wat van dronkenskap slinger is verstandig nie; 31:4-6. Gee drank aan die wat besig is om onder te gaan, laat die wat swaar ly drink. As so ’n mens drink vergeet hy van sy armoede en dink hy nie meer aan sy moeilikheid nie; Ef. 5:18; 1Pet. 4:3. In die verlede toe die gelowiges nog Heidene was, was hulle lewens beheers deur hulle heidense begeertes en losbandigheid wat dronkenskap en wilde drinkpartytjies ingesluit het. |
| Duisend. | Een dag in die oë van Here is soos ’n duisend jaar. Waar is dit opgeteken? | 2 Pet.3:8-10. Een dag is in die oë van die Here soos duisend jaar en anders om. Die Here stel nie die vervulling van sy beloftes uit nie, al dink party mense so. Hy is egter net geduldig omdat Hy wil hê dat almal wat bestem is vir die ewige lewe hulle moet bekeer en nie verlore gaan nie. |
| Duiwel. | Waar is die onheilige drietal opgeteken? | Op.20:10.Duiwel – Antichris (Dier uit die see) - Valse profeet (Die dier uit die aarde). Verwys ook na Op. 13. |
| Duiwel. | Waar is die | Jes. 14 veral vers 12. Jy wat die |

| Woord | **Vraag** | **Bybelgedeeltes / Antwoord** |
|---|---|---|
| | uitwerping van die Duiwel uit die hemel opgeteken? | helder morester was, het uit jou hemel geval. Jy wat 'n oorwinnaar van nasies was, is in die grond in verpletter. Verwys ook na Op.12:3-4, die rooi draak met die 7 koppe. |
| Dwaalleer. | Dwaalleringe wat nie gegrond is op die Woord van God nie. Waar word dit aangespreek? | Gal. 1:6-10. Daar is geen ander evangelie nie. Daar is egter mense wat die evangelie van Christus probeer verdraai en hulle bring verwarring. Die vloek van God sal hulle tref. Verwys ook na 2 Pet. 2:1....... |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Een dag. | Een dag in die oë van die Here soos 'n duisend jaar? Waar is dit opgeteken? | 2 Pet. 3:8-10. Die Here is ook lankmoedig en geduldig sodat die mense tot bekering kan kom. |
| Eenheid. | Bewerkstellig die Heilige Gees eenheid en waar is dit opgeteken? | Ja. Ef.4:3. Hy lei God se kinders om eenheid te bewerkstellig. |
| Eensaamheid. | Eensaamheid. Waar word dit aangespreek? | 2 Sam.13:20. Amnon verkrag vir Tamar en sy gaan bly in Absolom se huis in eensaamheid as 'n wrak. Daarna vermoor Absolom vir Amnon; Ps. 25:16. Dawid vra dat die Here hom in genade aansien want hy is eensaam en verstote; 68:7. God laat eensames in 'n huisgesin woon maar die wat teen God in opstand kom woon in 'n kaal woestyn; 2 Kor. 4 :7-18. Ons is maar kleipotte wat maklik breek, maar God kan die skat uitbring in ons lewens. In alles kan ons verdruk voel maar nie terneergedruk nie, op die grond neergegooi maar nie vernietig nie; Spr.18:24. Maats kan jou breek, maar daar kan ook 'n vriend wees (Jesus Christus) wat nader is as 'n broer; 2 Tim.4:9-18. Paulus word hier verlaat deur baie maar die Here het hom staande gehou en hom krag gegee. God het ook hom beskerm van die bose aanvalle. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Egskeiding. | Egskeiding. Waar word dit aangespreek? | Gen. 2:24. Man en vrou word een!; Jes. 50:1.Die sonde bring skeiding; Matt. 5:31-32. Elkeen wat skei behalwe oor owerspel pleeg egbreuk en sondig teen die sewende gebod. Enigiemand wat met 'n geskeide trou pleeg ook egbreuk;19:3-8. Die man en vrou word een in die huwelik. Wat God saamgevoeg het mag 'n mens nie skei nie.; 1Kor. 7:10. 'n Vrou mag nie van haar man skei nie. As sy tog skei moet sy daarna ongetroud bly of haar met haar man versoen. Net so mag 'n man ook nie van sy vrou skei nie. Mal. 2:13-16; Die Here haat egskeiding. Egskeiding is niks anders as geweld nie. Beheer julle en moenie ontrou wees nie. |
| Eindtyd. | Tekens van die eindtyd. Waar is dit en afvalligheid opgeteken? | Matt.24:3-13.Rampe,oorloë, aardbewegings, hongersnood, siektes ensovoorts. 1Tim.4:1. Dit dui op die tydperk wat die voleinding voorafgaan. Sommige mense sal afvallig word van die geloof. Hulle sal misleidende geeste navolg en die leerstellings van die duiwels aanhang. |
| Engel van die Here/God. "Malak Jahwe" in Hebreeus. | Is dit 'n gewone engel en waar word dit aangespeek? | Rig.13:3.Dit is die naam vir 'n besondere wese wat as boodskapper en gevolmagtigde van die Here opgetree het om redding uit gevaar of vernietiging of iets belangriks aan te kondig. Die Engel van die Here verskyn aan Manoag se vrou wat kinderloos was en kondig aan dat sy |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | vir Simson in die lewe sal bring. Gen.16:7-10;Eks.3:2;4;Rig.6:11-14.Soms word die woord selfs met God self vereenselwig. Die Engel van die Here stuur vir die slavin Hagar terug na Sarai toe om 'n kind vir Abram in die lewe te bring. Die Engel van die Here verskyn aan Moses in die doringbos en God openbaar dan homself aan Moses. Die Engel van die Here verskyn ook aan Gideon en ondanks sy terugpratery gee God die krag aan hom om die volk te red uit die mag van die Midianiete. Gen.32:24 -32; Jakob veg met God. |
| Engele. | Engele. Waar is dit opgeteken en wat is hulle funksie? | Dit is hemelwesens wat in diens staan van die Here. Ps. 91:11. God gee opdrag aan die engele om die mens te beskerm; 103:20. Die engele voer die opdragte van die Here uit en gehoorsaam sy bevele; 148:2. Die engele prys God in die hemele; God het alles goed geskep insluitende engele. Job 4:18. Voor God is selfs die engele nie volmaak nie. Sommige engele het ongehoorsaam geword soos die duiwel en demone wat uit die hemel gewerp is en wat nou gevalle verlore engele is. |
| Eva. | Eva die moeder van almal. Waar is dit opgeteken? | Gen. 3:20. Die mens het die vrou Eva genoem en sy was die moeder van al die mense. |
| Evangelies. | Watter | Mattheus; Markus; Lukas; Johannes. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
| --- | --- | --- |
| | Bybelboeke staan bekend as die evangelies ? | |
| Evangelisa-sie. | Hoe benader ek 'n persoon om hom of haar tot die ware geloof te bring ? | <u>1.Die kern van bekering/ evange-lisasie:</u><br>1.1. Genade en liefde. God het ons eerste liefgehad.<br>1.2. Die mens en sonde.<br>1.3. God.<br>1.4. Jesus Christus. Verwys ook na Heilige Gees as deel van drie-eenheid.<br>1.5. Geloof.<br><u>STAP 1</u><br>Laat persoon toe om oor sy/haar lewe, "Christenskap" of ongeloof te praat (bagasie van die verlede) en help met antwoorde uit hierdie gids. Die persoon moet praat oor hierdie "spoke" van die verlede.<br><u>STAP 2:EVANGELISASIEPROSES.</u><br><u>2.1. Genade:</u> Rom. 6:23; Ef. 2:8-9.<br>Ons kan nie vir God se genade werk nie of dit probeer verdien nie. Dit is 'n geskenk van God.<br><u>2.2. Die mens en sonde:</u> Gen. 2-3.<br>Verwys na die erfsonde van Adam en Eva in die paradys. Rom.3:12;23; Rom.5:12; Joh.8:1-11.<br>Die loon of straf vir hierdie sonde is die ewige dood as ons sondes nie vergewe word nie. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | 2.3. God: Eks. 34:7(b); Rom. 6:23.<br>God moes die sonde straf met die ewige dood.<br>2.4.Jesus Christus: Joh. 1:1;14; Jes. 53:6.<br>Jesus Christus is die oplossing. Hy het die straf of ewige dood wat oor ons moes kom op Hom geneem en sodoende met sy kruisiging vir ons sondes ten volle betaal en ons vergewe. Ons volle sonde rekening is deur Hom betaal as ons in hom glo en ons bekeer van ons sonde. Deur sy dood en opstanding gee hy die ewige lewe aan gelowiges. (1Pet. 1:3)<br>2.5. Geloof<br>Rom.1:17.Elkeen wat deur God vrygespreek is vanweë sy/haargeloof sal lewe. Die groot kerkleier Calvyn verwys na geloof as die sleutel tot die Hemel.<br>Jak.2:19. Geloof is nie ’n intellektuele gebeurtenis nie maar sonder dade beteken dit ook niks.<br>1Kor. 15:19. Dit het niks met tydelike dinge te doen nie maar is gerig op die toekomstige ewige lewe.<br>Wat is dit wel ? Hand. 16:31. Om op Christus te vertrou en gered te word vir die ewige lewe. Ef.2:8;9. Dit is ’n gawe/geskenk van God en jy kan nie daarvoor werk nie.<br>Joh. 20:31. Glo in Jesus Christus. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | 2 Kor. 5:7; Heb. 11:13. Die woord van God is jou lewensredder en glo in wat jy nie kan sien nie.<br><br><u>2.6. Vrae aan persoon.</u><br><br>Het hierdie gesprek vir jou betekenis? (Peil vraag)<br><br>Wil jy deel in hierdie geskenk van God vir 'n ewige lewe ? Wil jy plek maak vir Jesus Christus as jou enigste verlosser?(Beslissingsvraag).<br>Persoon antwoord ja of nee.<br><br>Doen hierna 'n gebed as die antwoord ja is en Lees Rom. 10:10. Met die hart glo ons en word vrygespreek en met die mond bely ons en word gered. Die gebed moet verwys na ons erfsonde van Adam, verlossing deur geloof in Jesus Christus en 'n oproep om as ware wedergeborene te leef in 'n persoonlike verhouding met hom al sondig ons nog steeds.<br><br>As die persoon nee antwoord maak weer 'n afspraak as die persoon wel positief reageer maar nog eers meer dinge wil bespreek. Moet die persoon nie dwing nie!<br><br><u>2.7. Oproep tot die nuwe lewe as bekeerde as persoon ja antwoord.</u><br><br>Aanvaar dat jy steeds 'n sondaar is.<br><br>Gee jouself oor aan Jesus Christus as jou enigste verlosser wat ten volle vir jou sondes betaal het.<br><br>Wees gewillig om berou te hê oor jou |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | sondes en om daarteen te veg.<br>Wees gewillig om 'n verantwoordelike lid van God se huisgesin te wees in 'n Christelike kerk/gemeente en help die persoon om aan te sluit by sodanige kerk asook die uiters belangrike verwelkoming en begeleiding by sodanige kerk. Nog tekste wat gebruik kan word: Heb.10:25. Ons moet nie van die samekomste van die gemeente wegbly nie; Rom. 10:17. Deur die soenverdienste van Jesus Christus dink God nie eers meer aan ons sondes nie.<br>2.8. Nasorg<br>Hand.15:36. Hier se Paulus aan Barnabas dat hulle moet teruggaan na die broeders in die dorpe waar hulle die woord van God verkondig het om te sien hoe dit daar gaan. Die persoon is nog nuut in die geloof en baie vrae en selfs kwelvrae kan onstaan. Maak seker om opvolgbesoeke te doen om hierdie vrae aan te spreek en dat die persoon byvoorbeeld by 'n bybelstudiegroep of volwasse katkisasie groep aansluit om sodoende die nodige geloofskennis op te doen wat sal lei tot standvastige geloofsvertroue, geloofsgroei en geloofsekerheid. Maak ook seker dat die persoon 'n eksemplaar het van hierdie gids het om die baie vrae wat nog gaan onstaan aan te spreek. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Evangelisa-sie. | Evangelisasie, uitreiking en sending. Waar word dit in die algemeen aangespeek? | Luk. 8:47.Die vrou met bloedvloeiing. Geen dokters kon haar genees nie maar sy glo in Jesus Christus, raak aan sy soom en word genees vanweë die geloof wat Hy aan haar skenk; Rom.15:14-21. Paulus se sending opdrag om onder die heidennasies die woord van God te verkondig wat hy baie trots op is; Rom.1:16. Die evangelie van God is vir die Jood en die nie-Jood; Luk.9:1-2. Jesus stuur sy twaalf dissipels uit om die koninkryk van God te gaan verkondig; 10:1. Die Here stuur twee en sewentig ander gelowiges uit om sy woord te gaan verkondig omdat die oes groot is maar die arbeiders min;12:11-12. Die gelowiges moet hulle nie bekommer oor wat hulle gaan sê as hulle die Woord van God uitdra nie want die Heilige Gees sal hulle op daardie oomblik leer wat om te sê; 1Kor.3:6. Paulus het geplant, sy tydsgenoot Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei. Etiopiër- Hand. 8:26-40. Filippus verduidelik aan die ontmande Etiopiër die inhoud van Jesaja onder lyding van die Heilige Gees op 'n wa. Etiopiërs is Swart van gelaatskleur; Jes.56:3-8. Die nie-Israeliet en selfs ontmandes wat by die Here se volk aansluit en in Hom glo sal nie van sy volk afgesny word nie. Die Here bring hulle na sy heilige berg toe en gee aan hulle vreugde in |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | sy Huis van Gebed. Hy maak die verstrooides bymekaar en voeg selfs nog ander by hulle; Spr.11:30. Die mens wat wysheid het red lewens. |
| Ewige lewe. | Ewige lewe. Waar is dit opgeteken en sal ons mekaar in dieselfde huweliksverhou-ding ken as nou? | 1 Tess. 4:13-18. Met die koms van Christus sal die ontslapenes uit die dood uit opstaan en saam met die gelowiges wat nog op daardie tydstip leef saam met Hom die ewige lewe ingaan.<br>1Kor:15.Die opstandingsliggaam sal onverganklik en onsterflik wees. Mark 12:25. Wanneer die mense uit die dood opstaan trou hulle nie meer nie, maar hulle is dan soos die engele in die hemel. Ons sal mekaar dus nie ken in dieselfde verhouding as nou nie. Daar sal nie meer huwelike wees tussen man en vrou nie. Die huwelik is dan met Jesus Christus die Bruidegom. |

## 8 F

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Familie. | Familie. Waar is dit opgeteken? | Gen.2:18. God maak vir die mens iemand wat sy gelyke is, sy vrou. Saam het hulle kinders en dus ook familie; Eks. 20:12. Eer jou vader en moeder as jou ouers. |
| Fariseërs. | Wie was hulle en waar is dit opgeteken? | Matt 3:7; Matt.15:2 Dit was Jode wat aanvanklik as ’n politieke party onstaan het ongeveer 180 v.C. en die wet uiters nougeset nagekom het asook voorvaderlike tradisies. Hulle het nie geglo dat Jesus Christus die Messias was nie. Paulus was ook lid van die Fariseërs voor sy bekering. Verwys ook na Hand. 26:5. |
| Fortuin. | Fortuinvertellers en waarsêers. Waar word dit aangespreek? | Deut.13:1-3. As ’n profeet of ’n persoon ’n wonder of ’n teken doen en hy/sy wil afgode daardeur dien moet jy nie na hulle luister nie. Die Here stel jou net op die proef om vas te stel of jy Hom liefhet met hart en siel. Die duiwel se mag word toegelaat om ons geloof te toets. God is egter almagtig;Jos.13:22. Die waarsêer Bileam seun van Beor was deur die Israeliete doodgemaak; Hand.16:16-21. Paulus verdryf die bose gees uit die waarsêers vrou; Hand. 13:10. Paulus noem Elimas die towenaar ’n duiwelskind wat in die pad van die Here staan en hy sal gestraf word met blindheid. Eks.7-8. By Moses en die plae kon die toorders/waarsêers die plae tot by die tweede plaag (paddas) |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | ook namaak maar nie verder nie. Die duiwel is ook magtig maar God is Almagtig. Verwys ook na Lev. 19:26 en Deut.18:9-14. |

## 9 G

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Gabriël. | Wie was dit en waar is dit opgeteken? | Luk.1:19;26. Dan.8:16; 9:21. Hy was een van die belangrikste engele in diens van God. Die naam beteken man van God. Hy tree op om goeie en belangrike boodskappe oor te dra. Hy bring aan Sagaria die boodskap dat Johannes gebore gaan word en aan Maria dat sy geboorte gaan skenk aan Jesus. Hy verklaar/verduidelik ook die visioen /gesig van Daniel aan hom asook sy smeekgebed. Hy staan ook bekend as die aards-engel. |
| Gawes. | Genadegawes ontvang.<br>Waar word dit aangespreek? | 1 Pet. 4:10-11. Elkeen moet namate hulle genadegawes van God ontvang het die ander daarmee dien wat dit ook al mag wees soos byvoorbeeld om te preek of om die gemeente te dien; Ef. 4:1-17. Aan elkeen van ons is 'n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het. Hierdie gawes kan wees om apostels, profete, evangeliste, herders en leraars te wees ensovoorts; 1Kron. 29:5;14. Wie is nog daar om vandag sy hand oop te maak met 'n gawe aan die Here; 1Kor. 12:4-11. Ons het almal genadegawes ontvang wat van mekaar verskil maar al hierdie genadegawes werk saam soos al die ledemate in een liggaam, die Liggaam van Christus. Dit kan wees om die woord te verkondig, die gemeente te dien, onderrig te gee, te bemoedig, leiding te gee of om te help |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | ensovoorts. |
| Gebed | Verkeerd bid om jou eie selfsugtige begeertes te bevredig. Waar word dit aangespreek? | Jak.4:3. Waak teen wellus om jou eie selfsugtige begeertes te bevredig. |
| Gebed. | Wat is die hoofelemente van 'n gebed en waar word dit aangespreek? | 1 Tess. 5:17; Joh. 16:23-24; Jak. 4:2-3.<br>Hoofelemente.<br>Danksegging. Spreek jou dank uit vir al God se seëninge.<br>Lofprysing. Loof Hom vir sy grootheid en alomteenwoordigheid.<br>Aanbidding. Aanbid God as die enigste en ware God.<br>Skuldvergifnis. Vra vir skuldvergifnis en vir krag om ander wat teen jou sondig te kan vergewe.<br>Voorbidding vir ander mense soos siekes eensames ensovoorts.<br>Persoonlike versoeke. Hierdie element is die minste belangrik en vergeet maar van die inkopielys. Negentig persent van 'n gebed behoort danksegging en lofprysing te wees. |
| Gebed. | Gebed van Jabes. Waar is dit opgeteken? | 1Kron. 4.9-10. |
| Gebed. | As jy bid maar | Jak. 1:6. As jy so bid sal die gebed nie |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | steeds twyfel ? Waar word dit aangespreek? | verhoor word nie. |
| Gebed. | Gebedsverhoring. Moet ons God smeek vir gebedsverhoring in die ewige lewe en waar is dit opgeteken? | Jes. 65:24. God weet nog voor dat ons vra in die nuwe Jerusalem. |
| Gebed. | Gebed in die algemeen. Waar word dit aangespreek? | Hand.12:3-5. Die gemeente bid vir Petrus wat in die tronk is; Matt. 6:5-15. Gebed in die binnekamer. Dit is nie nodig om op die straathoeke te gaan bid nie. Luk. 11:5-13. Bid en ontvang; Luk. 18:1-8. Gereëlde gebede. Ef. 6:10-20. Die Christen se wapenrusting en gebed; 1Tim. 2:1-8.Gebed vir alle mense; 2Kor. 1:11.Gebed van baie. |
| Gebed. | As jy nie weet hoe om te bid nie. Waar is dit opgeteken? | Rom. 8:26. Die Gees staan ons in ons swakheid by en pleit vir ons wat nie met woorde gesê kan word nie |
| Gebed. | Gebed oor die skepping ? Waar is dit opgeteken? | Ps.19:1-7. Die openbaring van die Here in sy skepping is volmaak. Die een dag gee berig aan die ander en die een nag deel die kennis aan die volgende mee. Vir die son is daar in die hemel 'n tent opgeslaan as hy stralend op sy baan volg ensovoorts. Verwys ook na Ps. 104 in geheel. |
| Gebedsband. | Wat is dit en | Matt.23:5. Dit was 'n leerband wat |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | waar is dit opgeteken? | deur vrome Jode by gebed op die voorkop en om die linkerarm/hand gedra was. Aan die band was kubusagtige leerdosies met perkamentrolletjies daarin waarop skrifgedeeltes geskryf was as letterlike uitvoering van die tekste. |
| Gebedsworst eling | Waar word dit aangespreek? | Luk.22:41-42. Hy het hom toe van hulle afgesonder sover as wat jy met 'n klip kan gooi. Daar het Hy gekniel en gebid: Vader as dit U wil is, neem tog hierdie lydensbeker van my af weg. Laat nogtans nie My wil nie maar U wil geskied. Selfs Jesus het geworstel. Ons kan dus ook worstel maar nogtans moet ons ook vra dat die Wil van God geskied. |
| Geduld en vergifnis. | Waar word dit aangespreek? | Kol.3:13. As jy sukkel om te vergewe hou op om te konsentreer op die skuldenaar. Fokus liewer op jou eie onvolmaaktheid en die baie sonde wat God jou vergewe. Wie nie bereid is om te vergewe nie kan nie aanspraak maak op God se vergifnis nie en bly 'n gevangene van sy/haar eie wrokgevoelens. |
| Geduld. | Geduld. Waar kan ons daarvan leer en bemoedig word? | Jes.38:15;17;21. Hiskia se lang siekte en sy uiteindelike genesing na sy geduld met sy leiding wat hy moes verduur; Klaagl. 3:26. Dit is goed om geduldig te wag op die hulp van die Here. Klaagl.3:31-32. Die Here verstoot die mens nie vir altyd nie. As Hy beproewing bring ontferm Hy Hom |

| Woord | **Vraag** | **Bybelgedeeltes / Antwoord** |
|---|---|---|
| | | ook weer, want sy liefde is groot; 3:39. Wat kla 'n mens oor sy lewe? Hy moet liewer sy sonde oorwin. Spr.14:29. 'n Geduldige mens is baie verstandig. Een wat kort van draad is, stel sy dwaasheid ten toon; Ef.4:2. Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig en verdra mekaar in liefde. |
| Gees. | Moet God deur die Gees aanbid word ? | Joh. 4:24. Ja want Hy is Gees. |
| Gee. | Gee en vir julle sal gegee word. Waar word dit aangespreek? | Luk. 6:38. 'n Goeie maat ingestamp, propvol en geskud sal hulle julle in die hand gee. Met die maat waarmee jy meet sal ook oor jou gemeet word. Goeie werke maak jou egter nie salig nie maar sal ons wel volg volgens Openbaring 14:13. |
| Gehoorsaam-heid | Gehoorsaam-heid. Waar word dit aangespreek? | 1Sam.15:22. Gehoorsaamheid is beter as enige offerande; Hand5:29. Gehoorsaamheid aan God en nie aan mense nie is noodsaaklik; Ef. 6:1. Kinders moet gehoorsaam wees aan hulle ouers soos die wet vereis; 1Pet.1:22. Gehoorsaamheid en liefde vir mekaar loop hand aan hand. |
| Gejaag na wind. | Gejaag na wind. Waar is dit opgeteken? | Pred. 4. Die wêreldse dinge is 'n gejaag na wind. Jaag die hemelse dinge na. |
| Geslagsre-gister. | Geslagsregister van Jesus Christus. Waar is dit | Matt.1. Vanaf Abraham tot by Christus se geboorte. Luk. 3: 23 -38. Van Christus terug na Adam. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | opgeteken? | |
| Geld. | Is geld en rykdom skadelik of nie en waar word dit aangespreek? | 1. Spr. 10:4. 'n Mens wat nie sy hande uit sy mou steek nie word arm. Dit is vlytigheid wat ryk maak; 22. Dit is die seën van die Here wat rykdom bring. Jou geswoeg laat dit nie meer word nie.<br>2. Pred. 2:4-11;18-19;26. Rykdom is nie alles nie en bring baie keer meer swaarkry as voordele.<br>3. 1Tim. 5:8; 1 Sam. 2:7; Kol. 3:5; Geld of rykdom as sodanig is nie 'n probleem nie maar die gierigheid na steeds meer en meer is die probleem. Luk 16:13. Jy kan nie God en Mammon dien nie. Vertroue op geld is dus afgodery. Luk.12:15; 18-21; 14:12-14;18:18-23; Spr.15:16-17; 16:8; 17:1. Waarskuwings teen geldgierigheid.<br>4. Heb. 13:5-6; Matt. 6:25-34; Spr. 30:8-9. Die Here versorg ons en gee aan ons wat ons nodig het. Gen. 3:19. Leef uit die hand van die Here. In die sweet van jou aangesig verdien jy jou brood.<br>5. 1Tim. 6:12;19. Die werklike ideaal is die ewige lewe.<br>6. 1Tim. 6:9. Geldgierigheid vernietig jou. Die antwoord hierop word gevind in 1Tim. 6:11 asook Heb.13:5. Jaag die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid en sagmoedigheid na. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | Wees tevrede met wat jy het. God sal jou nooit in die steek laat nie. |
| Geloof. | Heiligmaking. Waar word dit aangespreek? | 2 Kor. 3:18. Ons word al hoe meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. |
| Geloof. | Glo sonder fisiese bewyse. Waar is dit opgeteken? | 2 Kor. 5:7. Ons lewe deur die geloof en nie deur wat ons kan sien nie; Heb. 11:13. Baie mense het gesterf sonder om te verkry wat beloof was, maar hulle het geglo, dit in die verte gesien en daaroor gejuig. |
| Geloof. | Wat is geloof in die algemeen en waar word dit aangespreek? | Heb. 11:1;9;11.Dit is om te glo en seker te wees van die dinge wat ons hoop en om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie; Jak. 1:22-25. Geloof en dade. As jou geloof sonder dade is bedrieg jy jouself en is dit niks werd nie. Rom. 3:28. Ons is geregverdig deur die geloof sonder die werke van die wet. Rom.10:10. Glo met die hart en bely met die mond. Jak. 2:14-26. Geloof sonder werke/dade is dood. |
| Geloof. | Geloofsgroei. Waar word dit aangespreek? | Ef. 4:11-32. Die aanwending van geloofsgawes om sodoende die gelowiges toe te rus vir die opbou van die liggaam van Christus; Jak. 2:14-26. Glo en doen dan sal jy groei in die geloof. 'n Liggaam wat nie asemhaal nie is dood. So is dit ook met die geloof sonder dade. |
| Geloof. | Geloofskennis. Waar word dit | Heb. 5:11-14. Moet nie altyd net by die melk bly nie maar gaan vir die |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | aangespreek? | vaste kos wat jou insig en ervaring gee om te onderskei tussen goed en kwaad. |
| Geloof. | Gelowige gebed. Waar is dit opgeteken? | Jak. 5:13-19. As daar iemand is wat swaarkry of siek is, moet ons en die ouderlinge vir hulle bid. Die gebed van ’n gelowige het ’n kragtige uitwerking ensovoorts. |
| Geloof. | Geloofsekerheid Waar is dit opgeteken? | Rom. 8:31-39. Niks kan ons van die liefde van Christus skei nie. Wat is dan die gevolgtrekking, as God vir ons is wie kan dan teen ons wees ensovoorts.1 Joh. 4:4-21. God het ons eerste liefgehad en ons het dus volle sekerheid van die ewige lewe. Ons hoef dus nie die oordeelsdag te vrees nie |
| Geloof. | Elemente van ’n ware geloof. Wat is dit? | 1. ’n Ware geloof is nie volmaak nie maar wel voluit gerig op Christus as die middelpunt van ons lewe.<br>2. Kinderlike vrees en afhanklikheid van God. Nie angs nie maar wel ontsag.<br>3. Droefheid oor ons sondes.<br>4. Honger en dors na die geregtigheid.<br>5. Geloofskennis en vertroue. Hierdie twee elemente kan nie geskei word van mekaar nie. |
| Geloof. | Geloof deur die sintuie ? | Matt. 5:16 - Sien. Matt.5:13 - Proe. Rom. 10:17 - Hoor; Rom. 16:16 - Voel. 2 Kor. 2:15 - Ruik. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Geloofsworst eling. | Waar word dit aangespreek? | Mark.6:49-50. Toe hulle Hom sien loop op die see het hulle gedink dit is 'n spook. Hulle het toe hard geskree, want hulle het Hom gesien en groot geskrik. |
| Gemeenskap. | Gemeenskap met diere ? Waar word dit aangespeek? | Lev. 18:23. Dit en homoseksualiteit word verbied. Gemeenskap met diere was deel van die Baal diens van die Kanaäniete. |
| Genesing. | Was geloofsgenesing deurgaans in die Bybel aangeteken ? | Hierdie verskynsel kom in Handelinge tot 'n einde toe daar nog baie vir ongelowiges gepreek is. Daarna vanaf Romeine is daar nie meer verwysings na die gawe van genesing nie. Dit beteken egter nie dat geloofgenesing nie meer vandag deur die genade van God plaasvind nie. |
| Geniet. | Kan ons onself geniet ? Waar word dit aangespreek? | Pred.11:9 en 12:14. Ja maar God eis steeds rekenskap. |
| Gerub. | Wat was dit en waar is dit opgeteken? | Gen.3:24. Dit was 'n spesifieke hemelse wese/engel met vlerke en hulle belangrikste taak was om as wagte te dien en om die troon van God te omring. Eks.25:18-22;Eseg.10:1-4; Heb.9:5. Die beelde van gerubs was op die deksel van die verbondsark aangebring. |
| Gewete. | Gewete. Waar word dit aangespeek? | Rom. 2:15.Ons moet sorg dat ons 'n skoon en rein gewete het. Jou gewete spreek jou aan as sondig. 1Kor. 8:10;12. Iemand met 'n swak gewete |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | sondig maklik. |
| Gewyde pale. | Waarna het dit verwys en waar is dit opgeteken? | 1Kon.18:19. Asjera was 'n godin wat in Fenisië vereer was maar in Palestina was sy beskou as die vrou van die afgod Baäl. Koningin Isebel het die aanbidding van hierdie twee gode bevorder. 1Kon.14:23. Daar was alreeds vroeër gewyde pale opgerig in tempels en op hoogtes waar Asjera en Astarte vereer was. Hierdie pale was tekens/beelde van vrugbaarheid en immergroen bome. Volgens opgrawings in Urgugiet (Sirië) was gewyde pale in die vorm van 'n penis gemaak. Klippilare was ook tekens van manlike vrugbaarheid. 2Kon.23:4 Tydens hervormings was dit telkens afgebreek en verwoes. |
| Godheid. | Godheid van Jesus Christus. Waar word dit aangespreek? | 1 Joh. 4:1-6 veral vers 2. ... Elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God. Die Johannes evangelie in geheel maak Jesus Christus bekend as die Seun van God. Paulus verwys ook telkens na die Godheid van Christus in Handelinge en in sy dertien briewe. |
| Goed. | Moet ons goed met kwaad vergeld? | Spr.17:13. Nee as jy dit doen sal die kwaad nie wyk nie; Ef. 4:32. Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het. |
| Goëlery. | Waar is dit aangeteken en moet ons bang | Ps. 91:5-6. Nee dit mag wel bestaan maar ons moet dit nie vrees nie anders twyfel ons in ons geloof in |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | daarvoor wees ? | God. |
| Gog en Magog. | Wie was dit en waar is dit opgeteken? | Op.20:8. Dit is persoonsname. Gen.10:2 Magog was 'n seun van Jafet wat weer op sy beurt seun van Noag was. 1Kron.5:4. Gog was 'n nakomeling van Ruben wat op sy beurt weer die seun van Jakob was. In Eseg.38:2-39:15 word verwys na 'n maghebber Gog as heerser van Magog wat uit die noorde optrek teen Jerusalem in Juda in die suide maar op die berge van Israel in die noorde deur die oordele van God verslaan word. Daar word ook na Gog verwys as die Antichris van die Ou Testament. In Op. 20:8 verskyn Gog en Magog weer as persone wat die leërmagte van Satan aanvoer teen die volk van God. Hulle word vernietig deur die ingryping van God |
| Griewe. | Griewe. Waar word dit aangespreek? | Heb.12:15.Waak teen onrus want dit besoedel gelowiges. |
| Grondbeset-ting. | Grondbesetting. Waar word dit aangespreek? | Jes. 5:8. Waak teen gierige oorbesetting. Gen. 17:8. Besetting van Kanaän. I Kon. 21:1. Besetting van Nabot se wingerd. |

## 10 H

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Hart. | Wees versigtig met wat in jou hart aangaan. Waar word dit aangespreek? | Spr.4:23. Wees baie versigtig daarmee want dit bepaal jou hele lewe. |
| Heidene. | Geen onderskeid tussen heidene en Christene nie. Waar word dit aangespreek? | Hand. 15:9-11. As ’n heiden tot die geloof kom, is hy/sy net so ’n goeie en volwaardige Christen as enige ander Christen. |
| Heidene. | Is die woord van God en bekering ook vir hulle ? | Kol.1:21. Beslis ja as dit God behaag en bekering plaasvind. |
| Heidene. | Verryking van jou amp/bediening. Waar is dit opgeteken? | Rom.11:13. Dit is verrykend om met Heidene te werk. Paulus strewe deurgaans daarna. |
| Heilige Gees. | Waar was die Heilige Gees op heidene uitgestort sodat hulle ook die ewige lewe kan hê ? | Hand.10:28. God het vir Paulus gewys dat geen mens as onheilig of onrein beskou moet word nie; Hand. 10:43-48. Die Heilige Gees was uitgestort op nie-Jode, almal wat in Jesus Christus geglo het. |
| Heilige Gees. | Uitstorting van die Heilige Gees. Waar staan dit ? | Hand. 2. Daar was skielik ’n geluid uit die hemel soos ’n geweldige stormwind en dit het die vertrek gevul. Hulle het toe iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel het wat op |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | elkeen gekom het en almal was toe met die Heilige Gees vervul. |
| Hemelvaart. | Jesus Christus was nog 40 dae op die aarde na sy opstanding. Waar is dit opgeteken? | Hand.1:3. Na sy dood het Hy nog baie onbetwisbare bewyse gelewer dat Hy lewe. In die verloop van hierdie veertig dae het Hy by verskeie geleenthede aan sy apostels verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat. |
| Hemelwesens | Waarna verwys dit en waar is dit opgeteken? | Gen.6:2;4; Job.1:6;2:1. Hulle behoort tot die geesteswêreld en nie tot die mensewêreld nie. Hulle oefen 'n sekere invloed uit op gebeurtenisse maar is ten volle onderdanig aan God en moet aan Hom verantwoording doen. Hulle kan ook egter nie getrou wees aan God nie soos byvoorbeeld die Satan wat uit die hemel uitgewerp was as gevalle engel. |
| Hisoptakkie | Waarna wys dit en waar is dit opgeteken? | Joh.19:29; Eks.12. Dit was 'n takkie van die hisopstruik wat by die Paasfees gebruik was om die deurkosyne te besprinkel met bloed. 'n Hisoptakkie was ook gebruik om die spons met suur wyn by die mond van Jesus te bring tydens sy kruisiging. Verwys ook na Lev. 14: 4-7 en Num. 19: 1-10. |
| Hoerery. | Waar word hoerery in die Bybel aangespreek en ook in die algemeen? | Eseg. 16. Jerusalem wat hom eerloos gedra word in verband gebring met 'n prostituut; 1Kor. 6:10. Sedelose mense sal nie deel kry aan die koninkryk van God nie. Die dien van afgode word ook na verwys as |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
| --- | --- | --- |
| | | hoerery teen die Here. |
| Homo-seksueel. | Homoseksuele/ Lesbiese verhoudings en gemeenskap met diere. Waar word dit in die Bybel aangespreek? | Lev.18:22-23. Homoseksualiteit en gemeenskap met diere is 'n afstootlike sonde by mans en vrouens. Dit besoedel jou liggaam en is afskuwelik; 20:13. Dit was selfs strafbaar met die dood. Rom. 1:26-32. Vrouens en mans verander die natuurlike omgang om hulle skandelike drifte te bevredig en brand van begeerte vir mekaar en hulle verdien die straf van God vir hulle perversiteit; 1Kor. 6:9-11. Homoseksuele en onsedelikes sal nie deel kry aan die Koninkryk van God nie; 1Tim. 1:10. Homoseksuele en andere oortree die wet van God. Dit is egter ook baie belangrik dat geen persoon 'n ander persoon vir 'n sonde kan oordeel of veroordeel nie. Net God Drie-enig kan dit doen volgens sy ewige raadsplan. Daar is ook ander sondes soos diefstal, woede uitbarstings, egbreuk en andere wat ook aangespreek word in die Bybel met die waarskuwing dat diegene wat hierdie sondes pleeg ,en nie waarlik tot bekering kom nie, ook nie die Koninkryk van God sal beërwe nie. |
| Hoogmoed. | Waar word hoogmoed aangespreek? | Spr. 29:23. Die nederige van gees sal eer verkry. Hoogmoed bring 'n mens tot 'n val. |
| Hoogtes | Waarna verwys dit en waar is dit opgeteken? | 1Sam.9:12-14. Dit was oop stukke grond/heiligdomme veral buite stede waar Kananitiese gode vereer was |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | gewoonlik met die oprigting van altare, klippilare en gewyde pale. Num.33:52; Ps.78:58. Die voorskrif aan Israel was dat die hoogtes verwoes moes word omdat dit in baie gevalle plekke was waar Israel afgodery aanbid het. Daar was ook egter uitsonderings waar byvoorbeeld Salomo offerandes vir die Here vir bepaalde redes gebring het by hoogtes. |
| Hoop. | Waar vind ons skrifgedeeltes oor hoop ? | Spr.13:12. 'n Begeerte wat vervul word bring nuwe lewe. Rom. 15:4-5. Die woord van God is daar om ons te leer en hoop te gee asook standvastigheid en bemoediging. Heb. 6:11. Dit is Paulus se vurige wens dat die gelowiges dieselfde ywer as vroeër aan die dag sal lê totdat die dinge waarop hulle hoop vervul sal word. |
| Hoor. | Hoor, glo en doen ? Waar is dit opgeteken. | Jak. 1:19-27. Wees gou om te hoor en stadig om te praat. Moet ook nie net hoor nie maar doen! |
| Humeur/ woede | Waar word dit in die Bybel aangespreek ? | Gal. 5:19-21. Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid, en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek al vroeër gewaarsku het: Wie |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie. |
| Huisgods-diens. | Waar is dit en Christelike opvoeding aangeteken? | Deut.6:7-12. Jy moet die voorskrifte van God inskerp by jou kinders en met hulle praat daaroor by jou huis, as jy op die pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan ensovoorts; Ps.128. Dit gaan goed met diegene wat die Here dien en sy wil doen. Die vrug van sy arbeid sal hy geniet en hy sal voorspoedig wees. Sy seuns is rondom sy tafel soos jong olyfboompies ensovoorts. Ef. 6:1-6. Vaders moet hulle kinders nie so behandel dat hulle opstandig raak nie, maar hulle groot maak met tug en vermaning soos die Here wil. |
| Huwelik. | Waar word die huwelik en egskeiding aangespreek? | Gen.2:24. Man en vrou word een!; Jes.50:1. Die sonde bring skeiding; Matt. 5:31-32. Elkeen wat skei behalwe oor owerspel pleeg egbreuk en sondig teen die sewende gebod. Enigiemand wat met ’n geskeide trou pleeg ook egbreuk; 19:3-8. Die man en vrou word een in die huwelik. Wat God saamgevoeg het mag ’n mens nie skei nie. 1Kor. 7:10. ’n Vrou mag nie van haar man skei nie. As sy tog skei moet sy daarna ongetroud bly of haar met haar man versoen. Net so mag ’n man ook nie van sy vrou skei nie. |
| Huwelik. | Kuisheid in die | Hoogl. 1-4. Salomo se mooiste lied |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | huwelik. Waar word dit aangespreek? | wat 'n wonderlike omskrywing gee van vurige liefde en getrouheid in die huwelik; Spr. 6:32-35. 'n Man wat owerspel pleeg moet van sy verstand af wees, iemand wat dit doen verwoes sy lewe. Hy sal slae op die lyf loop en verneder word, sy skande sal nooit uitgewis word nie. |
| Huwelik. | Hoe moet die huweliksverhouding in hierdie lewe wees? | <u>1. Christus se heerskappy bring huweliksvrede en vreugde.</u><br>Kol. 1:15-20.Christus se voorbeeld. Hy is die hoof van ons liggame en ook ons huwelike; Rom.13:14. Bly weg van sondige begeertes; Kol.3:12-15. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here ons vergewe moet ons mekaar ook vergewe.<br><u>2. Vrouens respekteer julle mans.</u><br>Kol. 3:18-19; Luk. 2:51; Joh. 19:25-27. Gen.2:24. Man en vrou word met die huwelik een voor God en dus gelykwaardig maar wel met verskillende rolle en verantwoordelikhede.<br>Gal. 3:28. Albei se status en waarde is gelyk voor God en dit word gesamentlik herstel deur die kruisdood van Jesus Christus. Gen. 2:22-23. Dit neem egter nie die rolverdeling weg nie. Vrouens volg in die huwelik. 1 Tim 5:14. Die man se leiersrol strek na buite en binne vir |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | voorsiening en die rol van die vrou na binne die huisgesin vir versorging. Albei se rolle is egter ewe belangrik vir 'n suksesvolle verhouding en huwelik en as die een ontbreek is daar 'n wanverhouding. Die verhouding kan maklik verduidelik word aan die hand van 'n praktiese voorbeeld. Tydens 'n oorlog neem die bevelvoerder die leiding. Hy is egter glad nie belangriker as sy ander offisiere en veral die doodgewone voetsoldate nie. Trouens sonder hulle sal die oorlog nooit gewen word nie. Elkeen op elke vlak dra uiters belangrik by tot die uiteindelike oorwinning. So is dit ook in die huweliksverhouding. Alhoewel die man lei sal hy nooit enige sukses behaal as hy dit nie in samewerking met sy vrou doen nie. Hy sal 'n totale mislukking wees as hy sy vrou ignoreer in huweliks - beslissings.<br><br>Die verskillende verantwoordelikhede van die drie-enigheid is ook 'n baie goeie voorbeeld. God skep, Christus verlos en die Heilige Gees vertroos. In 1 Kor. 11:3 se Paulus dat God die hoof is van Christus alhoewel hulle een is en so is Christus die hoof van die man. Die man is die hoof van die vrou maar tog is hulle ook een en gelykwaardig voor God. Gal. 3:28. ..... Dit maak nie saak of jy man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | een. Hulle vertolk egter verskillende rolle wat ewe belangrik is. Die man as voorsiener en die vrou as versorger alhoewel dit tans moeilik gaan as gevolg van regstellende optrede.<br>3. Mans wees selfloos lief vir julle vrouens.<br>Ef. 5:25. Soos jy die kerk en Christus liefhet moet jy jou vrou liefhê en haar so behandel. Maak die Here die oplossing van jou huweliksprobleme en nie ander wêreldse modelle nie.<br>4. Hierdie beginsel is nie noodwendig van toepassing op maatskaplike vlak nie waar vrouens wel die leiding kan neem. Selfs in die boeke van Paulus wat baie voorskrifte en beperkinge oor die vrou in die huwelik en kerk vasgelê het, word in die ses kere tydens sy skakeling en samewerking met sy mede-Christene Priscilla (vroulik) en Akwila (manlik) veral ten opsigte van tentmakery (Hand.18:1-4) wat aangeteken is, vier keer Priscilla se naam eerste voor die naam van Akwila genoem. ’n Goeie meer huidige voorbeeld is die van Margaret Thatcher die voormalige Eerste Minister van Engeland wat die hoogste politieke vlak bereik het maar nogtans in die huwelik haar eggenoot as leier gerespekteer en ondersteun het. |
| Huwelik. | Wat sal ons | Mark. 12:25. Dit sal nie bestaan nie. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | huweliksverhouding in die ewige Lewe wees ? | Ons sal soos engele wees en die bruidegom sal Christus wees. Daar sal nie meer huwelike wees nie. Christus is dan die bruidegom en ons die bruid. |
| Huwelik. | Huweliksprobleme/Egskeiding. Waar word dit aangespreek? | Matt.19:1-12. Wanneer 'n man en vrou trou word hulle een. Wat God dan saamgevoeg het mag geen mens skei nie; Rom. 13:8. Ons moet niemand iets verskuldig wees nie behalwe om mekaar lief te hê; 1Kor. 13. Die wonderlike omskrywing van die liefde wat alles oortref in die lewe; Ef. 4:1-6. Ons moet altyd beskeie, vriendelik en geduldig wees en mekaar verdra in liefde, ook in ons huwelike;5:22-23.Vrouens moet onderdanig wees aan hulle mans. Die man is die hoof van die vrou maar Christus is weer die hoof van die man. |

## 11 I

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Isebel | Wie was dit? | 1Kon.16:29-21:9. Sy was die Sidoniese vrou van koning Agab van Israel wat die volk verlei het om die afgod Baäl te dien en ook om onsedelik te lewe. |

## 12 J

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Jaloesie. | Jaloesie. Waar word dit | Tit. 3:2-3. Sondige begeertes wat jaloesie ingesluit het. Christus het |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | aangespreek? | egter deur sy voorbeeld en soenverdienste vir ons net die teenoorgestelde geleer; 1Pet. 2:1. Hou op met elke vorm van kwaad, bedrog, huigelary, jaloesie en kwaadpratery. |
| Jesus Christus. | Was Jesus Christus ’n mooi mens? | Jes. 53:2-3. Hy het geen begeerlike voorkoms gehad nie. |
| Job. | Hoe oud is die boek Job? | Dit is een van die oudste boeke in die Ou Testament en dateer terug na ongeveer 1900 v.C. gedurende die tydperk van die Aartsvaders in Genesis. Nog ’n aanduiding van hierdie vroeë datering is dat Job die ook die ouderdom van die Aartsvaders bereik het. Na sy beproewing het Job nog 140 jaar geleef. |
| Jong mense. | Jong mense. Waar word hulle afdwaling en ook die aanleer van verstandigheid/ wysheid aangespreek? | Ps. 119:9-16. ’n Jong mens kan sy lewe skoon hou deur hom te hou by die Woord van God en nie af te wyk van die gebooie nie. Hulle moet ook vashou aan die beloftes van God; Spr. 1:1-19. Kinders wat ’n behoorlike opvoeding ontvang kweek ’n sin vir regverdigheid, reg en billikheid. Wie nog nie kennis het nie sal verstandig word, jong mense sal leer om met kennis en oorleg op te tree; Dan. 1:17. God het aan die vier jongmanne verstand gegee en insig in alles wat geskryf was en ook die wysheid. Daniel kon enige gesig of droom uitlê. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | Verwys ook na Prediker 12 in geheel. |

**13 K**

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Kain en Abel. | Waar word daar na hulle verhouding verwys asook hulle offer aan God? | Gen. 4:1-15. Kain het van die opbrengs van die land 'n offer aan die Here gebring. Abel het dit ook gedoen maar van die eerstelinge van sy kudde, van hulle vet. Die Here het toe die offer van Abel aangeneem maar nie die van Kain nie; Heb. 11:4. Abel het geglo en 'n beter offer aan God gebring as Kain. Vanweë Abel se geloof het hy van God bevestiging ontvang en God het sy offer aangeneem. Deur dieselfde geloof spreek hy nog al is hy reeds dood; 1 Joh. 3:12. Moet nie wees soos Kain nie. Hy het aan die bose behoort en sy broer vermoor omdat sy eie dade sleg was en die van sy broer sin reg; Jud. 1:11. Die dwaalleraars se lot sal verskriklik wees want hulle het dieselfde pad as Kain geloop. |
| Kerk. | Kerk wees in die algemeen. Waar is dit opgeteken? | Ef. 4:1-6. Eenheid in die kerk. Ons moet altyd beskeie, vriendelik en geduldig wees en mekaar verdra in liefde. Ons moet ons daarop toelê om die eenheid wat die Gees tussen ons gesmee het te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. Heb. 10:25. Ons moet nie van die samekomste van die gemeente wegbly nie soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | dit des te meer namate die oordeelsdag nader kom; Op. 2;3. Hou aan om te werk en moet nie moeg word nie. Verduur baie in die naam van die Here. |
| Kerk. | Is dit regtig nodig om deel te wees van die kerk en waar word dit aangespreek? | Ja. Ef.1:22-23. Aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul; 2:19. Ons is nie meer ver van God af nie en nie meer bywoners nie maar wel medeburgers van die gelowiges en lede van God se huisgesin (sy kerk). Die kerk van Christus bestaan uit baie ledemate/lidmate. |
| Kerk. | Aanddienste/ oggenddienste/ lofprysing met sang en lied op Sondae. Waar word dit aangespreek? | Ps.92:14. Hulle vind hulle krag in die huis van die Here en groei op in die tempel van ons God.<br>Ps.92:1-3. 'n Lied vir die Sabbatdag. Dit is goed om die Here te loof, om u naam te besing, Allerhoogste, om elke more van u liefde te getuig, en elke aand van u trou.(Sondagaand)<br>Joh.20:19. Jesus ontmoet sy dissipels by hulle samekoms op die Sondagaand. In die Ou Testament was die gebruik om 'n oggend – en aandoffer vir die Here te bring en die kerkdienste in die oggend en aand het ook hieruit voortgespruit.<br>In die vroeë Christelike kerk (Hand. 2:46) met die stigting van die eerste |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
| --- | --- | --- |
| | | gemeentes was kerkdienste elke dag gehou en dan veral ook in die aand na die werksdag saam met gemeenskaplike maaltye. Na die Reformasie was daar 3 ot 5 dienste op 'n Sondag gehou om die agterstand in kennis in te haal.<br>Heb. 10:25. Ons moet nie wegbly van kerklike byeenkomste nie soos wat die gewoonte geword het nie. |
| Kerk. | Waar word kerk en erediensbywoning/preekdienste aangespreek ? | Rom. 10:14-18 veral vers 17. Hoe kan 'n mens God aanroep as jy nie in Hom glo nie. En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie. En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek. Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor en die prediking wat ons hoor is die verkondiging van Christus; Ps.27:4. Dawid verklaar dat hy net een ding van die Here vra en najaag. Dit is dat hy sy hele lewe lank in God se huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel (kerk); 84:2. Hoe lief het ek U woning, Here die Almagtige; 122. Dawid was bly dat hulle vir hom gesê het, kom ons gaan na die huis van Here toe. |
| Kersfees. | Hoe het dit ontstaan met die datum op 25 Desember wat op daardie datum destyds | 1. Die Romeins heidense keiser Aurylan het regeer tussen 270 – 275 n.C. met baie heidense invloede.<br>2. Die Romeinse Christen keiser Konstantyn het regeer tussen 305- |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
| --- | --- | --- |
| | die kortste dag van die jaar was in Europa? (huidiglik 21 Desember) | 340 n.C.<br>3. Keiser Aurylan het Sol Invictus (son god) as enigste god vereer. Hy het 25 Desember 'n nasionale feesdag gemaak tot verering van die son god op die kortste dag van die jaar in die hartjie van die winter toe die planete Jupiter, Saturnus en Mercurius reg in lyn was met die aarde en kon gelyk het soos 'n ster. 'n Ander teorie is dat dit 'n komeet kon gewees het wat gewoonlik lyk soos 'n ster.<br>4. Christen monnik biskop St. Nicholas (Santa Claus) het in Europa by Myra in Turkye vir mense geskenke gegee op 5 Desember vir die feesdag op 6 Desember.<br>5. Kersvader was 'n ander persoon wat in Engeland en Amerika opgetree het.<br>6. Christen keiser Konstantyn het die bekende heidense feesdae gebruik as kompromie om die heidene te akkommodeer en selfs nader te trek na Christendom met die geboorte van Christus wat op 25 Desember herdenk en gevier word. Die heidense inhoud was vervang met die ware Christusfees vir Christene.<br>7. Die werklike geboorte van Christus was in die hartjie van die somer tussen April en Augustus. Die volkstelling was op die langste dag gedoen wat waarskynlik tussen die |

| Woord | **Vraag** | **Bybelgedeeltes / Antwoord** |
|---|---|---|
| | | tweede helfte van April en die eerste week in Mei was. Omdat ’n presiese datum tot nou toe nog nie bepaal is nie vier ons steeds die Christusfees op 25 Desember maar natuurlik met ’n totale Christus inhoud. |
| Klop. | Die Here klop aan die deur en ons moet daarop reageer? Waar word dit aangespreek? | Op.3:20. Die inisiatief lê by God en nie die mens nie. |
| Kommunika-sie. | Kommunikasie in en die waarde van die vrou in die huwelik. Waar word dit aangespreek? | Ef.5:21. Alhoewel die vrou onderdanig aan die mans moet wees sonder om minder belangrik vir die Here te wees in vers 22, verklaar vers 21 ook duidelik dat man en vrou ook aanmekaar onderdanig moet wees; Spr.31:10-12. ’n Knap vrou is baie werd, meer as edelstene. Haar man steun op haar en pluk die vrugte van haar werk. Sy bring hom net voordeel en nie nadeel nie; Spr. 18:22. Wie ’n vrou kry vind geluk en geniet die goedheid van die Here; Ef.4: 29......Praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede sodat dit julle hoorders ten goede kan kom. |
| Kommunika-sie. | Kommunikasie en twis in die algemeen. Waar word dit | Ef.4:25-32. Die son moet nie ondergaan oor ons toorn nie. As ons kwaad word moet ons nie sondig nie en ’n dag kwaad afsluit nie. Moet nie |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | aangespreek? | die duiwel 'n vatkans gee nie.(29) .....Praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede sodat dit julle hoorders ten goede kan kom. |
| Konflik. | Waar word konflik aangespreek? | Gen. 4:5-7. Kain word baie kwaad en bedruk omdat God nie sy offer aangeneem het nie. God wys hom daarop dat hy nie moet toelaat dat die sonde oor hom heers nie; Spr.15:1. 'n Sagte antwoord laat woede bedaar. 'n Krenkende woord laat woede ontvlam. Ef. 4:26-32. Moet nie 'n dag kwaad afsluit nie en die duiwel 'n vatkans gee nie; Jak. 1:19-20. Elke mens moet maar gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en te gou kwaad word nie. 'n Mens wat kwaad word doen nie wat reg is voor God nie. |
| Koragiete. | Na wie verwys dit en waar is dit opgeteken? | Ps.42; Ps.44-49. 2Kron.20:19. Dit was die benaming vir een kategorie van die Leviete wat diens in die tempel gedoen het meestal as sangers. Die psalms soos hierbo vermeld was waarskynlik uit 'n sangbundel van die Koragitiese tempelsangers. |
| Kosbaar. | Is ons kosbaar vir God en waar is dit opgeteken? | Ja. Jes.43:4. Omdat jy vir My kosbaar is, omdat Ek jou liefhet en hoog ag, gee Ek mense in jou plek, volke in ruil vir jou lewe. |
| Krag. | Waar word dit aangespreek? | Ps.73:25-26. Daar is niks op die hemel en aarde wat vir my meer beteken as U nie. Al is ek afgetakel na gees en liggaam, God is my sterkte. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
| --- | --- | --- |
| | | Aan Hom behoort ek vir altyd. |
| Kruisondervraging. | Waar word die Audi Alteram Partem reël (gee aan die ander persoon die geleentheid om sy kant van die saak te stel) asook kruisverhoor aangespreek? | Spr. 18:17. Iemand wat in 'n regsaak eerste praat is altyd onskuldig, maar daar kom iemand anders en ondervra hom; Jak1:19. ....Elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou te praat nie en te gou kwaad word nie. |
| Kwaad. | Moet nie kwaad met kwaad vergeld nie. Waar word dit aangespreek? | 1Tess. 5:15. Niemand moet kwaad met kwaad vergeld nie. Beywer julle liewer altyd vir die belange van julle medegelowiges en van alle mense; Jak. 1:19. .......Elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou te praat nie en te gou kwaad word nie. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Laste. | Dra mekaar se laste. Waar word dit aangespreek? | Gal. 5:6(b). Ons laste is nie belangrik nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde oorgaan tot dade; Gal. 6:1-10. Dra mekaar se laste en gee op die manier uitvoering aan die wet van Christus. |
| Leer. | Leer die Heilige Gees ons en herinner dit ons aan God se woord. Waar word dit aangespreek? | Joh.14:26. Wanneer die Vader die Voorspraak, die Heilige Gees stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. |
| Leiding. | Gee die Heilige Gees leiding en waar word dit aangespreek? | Ja. Hand.16:7-9. Paulus word ondanks ander planne deur die Gees gelei na Macedonië om eerder daar te gaan werk. |
| Lesbies. | Waar word lesbiese verhoudings tussen vrouens spesifiek aangespreek ? | Rom. 1:26. God gee hulle oor aan hulle skandelike drifte. Hulle vroue verander die natuurlike omgang in ’n teen-natuurlike omgang. Verwys ook na Homoseksuele verhoudings by H. |
| Leuens. | Waar word leuens aangespreek ? | Eks. 20:16. Jy mag nie vals getuienis teen ’n ander gee nie; Ef. 4:25. Noudat julle die valsheid afgelê het moet julle onder mekaar die waarheid praat want ons is almal lede van dieselfde liggaam; Kol. 3:9. Moenie vir mekaar lieg nie. Julle moet die ou sondige mens en sy gewoontes breek. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Leviatan. | Waarna verwys dit en waar is dit opgeteken? | Dit was ’n groot seemonster of waterdier met skubbe wat soms voorgestel was as ’n slang met meer as een kop. In Ps. 74:14 en Jes.27:1 staan dit dat die Here tydens die skepping en die oordeel wat kom die Leviatan doodmaak. In Job 3:8 en 40:20-41:25 bedreig dit die skepping. In Ps.104:26 kom dit egter ook daarop neer dat die Here dit geskep het as ’n speelding en is dit nie bedreiging nie. |
| Leviete. | Waarna verwys dit en waar is dit opgeteken? | Eks.32:29. Dit verwys na die lede van die stam Levi en ook tempelpersoneel. Die stam Levi was afgesonder vir tempeldiens. Jos.3:3. Num.3:5-9. Daar was ook verwys na priesters en Leviete maar ook na Leviete as tempelpersoneel op ’n laer vlak as priesters wat hulpdienste of ondersteuningsdienste gelewer het aan die priesters. |
| Lewensduur. | Is ons lewensduur vas bepaal? Waar is dit opgeteken? | Ja. Job. 14.5. Die mens se dae is vasgestel. U het die getal van sy jare bepaal. U het dit neergelê en hy kan dit nie oorskry nie. |
| Lewenswyse. | Soms lyk dit reg vir die mens maar is tog verkeerd.<br>Waar word dit aangespreek? | Spr. 14:12. Is jy op God se pad of op ’n pad wat volgens jou oordeel reg lyk. |
| Lewe. | Kan die mens self lewend | Nee. Joh.6:63. Dit is die Gees wat lewend maak. Die mens kan dit nie |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | word in die geloof. | doen nie. |
| Lewe | Die lewe is maar net ’n dampie/ wasem. Waar is dit opgeteken? | Jak. 4:13-17. Daar is sommige wat sê: Vandag of more sal ons na die en die stad toe gaan ......... Julle wat nie eers weet hoe julle lewe more sal wees nie. Julle is maar ’n damp wat ’n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn. Julle moet eerder sê: As die Here wil sal ons lewe en ons sal dit of dat doen. |
| Liefde bo alles. | Waar word dit aangespreek? | Kol.3:14. Dit is die band wat ons tot volmaakte eenheid saambind. |
| Liefde. | Wat is liefde in die algemeen? | 1 Joh. 5:3. Die liefde vir God bestaan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam; Spr. 10:12. Haat verwek twis. Liefde bedek alles wat aanstoot gee; Matt. 5:44. Julle moet julle vyande lief hê en julle moet bid vir die wat julle vervolg; Rom. 13:10. Liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet; 1Joh.4:10;19. God het ons eerste liefgehad. |
| Liefde. | Wat is die belangrikheid van liefde en waar is dit opgeteken? | 1 Kor. 13. Dit is die belangrikste beginsel van alle beginsels. |
| Liefde. | Waar kom dit vandaan? | 1 Joh.4:7. Geliefdes ons moet mekaar liefhê want liefde kom van God. Elkeen wat liefhet is ’n kind van God. |
| Lieg. | Lieg en bedrieg. | Spr. 6:11-15. Dit is ’n nikswerd mens, |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | Waar word dit aangespreek ? | ’n mens vol onreg wat altyd reg is om te lieg en te bedrieg. |
| Ligdraers. | Waar word ligdraers in die wêreld aangespreek ? | Fil. 2:12-18. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld deur die Woord van die lewe aan ander uit te dra. |
| Liggaam. | Waar word die aardse en ewige liggaam aangespreek ? | 2 Kor. 5:1-4. Wanneer ons aardse woning wat maar net ’n tent is afgebreek word, word ons ’n vaste gebou in die hemel. Dit is ’n woning wat nie deur die mens gemaak is nie, maar deur God en dit bly ewig staan. Verwys ook na 1 Tess. 4:13-18. |
| Losser. | Waarna verwys dit en waar is dit opteken? | Rut.1-4. Dit was die naam van ’n bloedverwant wat die verpligting gehad het om ten behoewe van iemand in te staan. In Rut wat ’n weduwee was, was die losser die bloedverwant wat die eerste reg gehad het om Naomi se grond te koop maar die voorwaarde was dat hy met Rut moes trou om die grond in familiebesit terug te kry vir die voorbestaan van Elimelek se nageslag. Dit lei daartoe dat Rut met Boas wat ’n bloedverwant van Elimelek was trou en hy tree dus as losser op wat die grond in familiebesit behou. |
| Louheid. | Waar word louheid aangespreek? | Op.3:15-16. Die boodskap aan Laodisea. Ek weet dat julle nie koud is nie en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was. Maar nou omdat julle lou is gaan ek julle uit my |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | | mond uitspoeg; Jak.2:14-26. ’n Liggaam wat nie asemhaal nie is dood. So is die geloof wat nie tot dade kom nie, ook dood. |
| Luiheid. | Waar word luiheid aangespreek? | Matt.25:24-29. Die lui slaaf gaan begrawe sy een goue muntstuk in die grond en as gevolg daarvan neem sy baas dit van hom af weg en gee dit aan die slaaf wat tien muntstukke gegenereer het en bereid is om te werk; Spr. 6:6-11. Kyk na die mier luiaard, hoe hy werk en leer by hom. Nog ’n bietjie slaap, nog ’n bietjie sluimer, nog ’n beitjie hande vou en bly lê, dan oorval die armoede jou soos ’n rower. Die gebrek oorrompel jou dan soos ’n inbreker; 12:24;27. Hardwerkende mense kom in magsposisies maar lui mense word dwangarbeiders. Die luiaard gaan vang nie eens wild om te braai nie. ’n Hardwerkende mens versamel kosbare besittings. |
| Luister. | Waar word om noukeurig te luister aangespreek ? | Spr.15:31. Wie op ’n teregwysing ag slaan sal lewe en ’n tuiste vind tussen mense wat wysheid het; 18:13. Wie antwoord voor hy die vraag gehoor het is dwaas en kom in skande. |

## 15 M

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Mammon. | Waarna verwys dit en waar word dit aangespreek? | Matt.6:24; Luk.16:13. Dit verwys na aardse besittings/geld/rykdom wat so ’n belangrike rol in die gelowiges se lewe speel dat dit hulle vervreem van God deurdat hulle God en hulle rykdom/besittings vereer op dieselfde vlak. Hulle verkry dit selfs op oneerlike wyse sonder dat hulle daarvoor werk. Luk16:9;11. Die antwoord is dat jy net God kan dien en nie Mammon en God nie. |
| Man en vrou. | Waar word die man en vrou verhouding aangespreek? | 1. <u>Christus se heerskappy bring huweliksvrede en vreugde.</u><br>Kol. 1:15-20.Christus se voorbeeld. Hy is die hoof van ons liggame en ook ons huwelike; Rom.13:14. Bly weg van sondige begeertes; Kol.3:12-15. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here ons vergewe moet ons mekaar ook vergewe.<br>2. <u>Vrouens respekteer julle mans.</u><br>Kol. 3:18-19;Luk. 2:51; Joh. 19:25-27. Gen.2:24. Man en vrou word met die huwelik een voor God en dus gelykwaardig maar wel met verskillende rolle en verantwoordelikhede.<br>Gal. 3:28. Albei se status en waarde is gelyk voor God en dit word gesamentlik herstel deur die kruisdood van Jesus Christus. Gen. 2:22-23. Dit neem egter nie die |

| | | |
|---|---|---|
| | | rolverdeling weg nie. Vrouens volg in die huwelik. 1 Tim 5:14. Die man se leiersrol strek na buite en binne vir voorsiening en die rol van die vrou na binne die huisgesin vir versorging. Albei se rolle is egter ewe belangrik vir 'n suksesvolle verhouding en huwelik en as die een ontbreek is daar 'n wanverhouding. Die verhouding kan maklik verduidelik word aan die hand van 'n praktiese voorbeeld. Tydens 'n oorlog neem die bevelvoerder die leiding. Hy is egter glad nie belangriker as sy ander offisiere en veral die doodgewone voetsoldate nie. Trouens sonder hulle sal die oorlog nooit gewen word nie. Elkeen op elke vlak dra uiters belangrik by tot die uiteindelike oorwinning. So is dit ook in die huweliksverhouding. Alhoewel die man lei sal hy nooit enige sukses behaal as hy dit nie in samewerking met sy vrou doen nie. Hy sal 'n totale mislukking wees as hy sy vrou ignoreer in huweliks - beslissings.<br>Die verskillende verantwoordelikhede van die drie-enigheid is ook 'n baie goeie voorbeeld. God skep, Christus verlos en die Heilige Gees vertroos. In 1 Kor. 11:3 se Paulus dat God die hoof is van Christus alhoewel hulle een is en so is Christus die hoof van die man. Die man is die hoof van die vrou maar tog is hulle ook een en gelykwaardig voor God. Gal. 3:28. .....<br>Dit maak nie saak of jy man of vrou is |

| | | |
|---|---|---|
| | | nie: in Christus Jesus is julle almal een. Hulle vertolk egter verskillende rolle wat ewe belangrik is. Die man as voorsiener en die vrou as versorger alhoewel dit tans moeilik gaan as gevolg van regstellende optrede.<br>3. Mans wees selfloos lief vir julle vrouens.<br>Ef. 5:25. Soos jy die kerk en Christus liefhet moet jy jou vrou liefhê en haar so behandel. Maak die Here die oplossing van jou huweliksprobleme en nie ander wêreldse modelle nie.<br>4. Hierdie beginsel is nie noodwendig van toepassing op maatskaplike vlak nie waar vrouens wel die leiding kan neem. Selfs in die boeke van Paulus wat baie voorskrifte en beperkinge oor die vrou in die huwelik en kerk vasgelê het, word in die ses kere tydens sy skakeling en samewerking met sy mede-Christene Priscilla (vroulik) en Akwila (manlik) veral ten opsigte van tentmakery (Hand.18:1-4) wat aangeteken is, vier keer Priscilla se naam eerste voor die naam van Akwila genoem. 'n Goeie meer huidige voorbeeld is die van Margaret Thatcher die voormalige Eerste Minister van Engeland wat die hoogste politieke vlak bereik het maar nogtans in die huwelik haar eggenoot as leier gerespekteer en ondersteun het. |
| Martelare | Het al die apostels van Jesus Christus | Met die uitsondering van die apostel Johannes het al die apostels 'n marteldood gesterf volgens die |

| | | |
|---|---|---|
| | 'n marteldood gesterf? | geskrifte van John Foxe en andere. In sommige gevalle sal name en sekere uitsprake, wat ek by gebrek aan bronne tot my beskikking nie kan vertaal nie, in Engels aangehaal word. Enkele opmerkings in die verband lui as volg:<br><br>1. Jakobus, die broer van Johannes is die eerste apostel wat na Stefanus gemartel is. Clement vertel dat die persoon wat Jakobus vergesel het om gemartel te word vanweë sy Christelike oortuigings, homself ook tot bekering gekom het. Hy vra Jakobus om hom te vergewe en Jakobus draai na hom met die opmerking " Peace be to thee brother" en soen hom. Beide van hulle is toe deur diegene wat hulle vervolg het onthoof in die jaar 36 n.C.<br><br>2. Die apostel Tomas het gepreek vir die "Parthians", Mede, Perse, "Carmanians, Hycranians, Bactrians and Magians" Hy is vermoor in Clamina, Indië.<br><br>3. Simon, die broer van Judas en Jakobus, al drie seuns van Alfeus en Maria "Cleophas", was die biskop van Jerusalem na Jakobus. Hy is gemartel en gekruisig vanweë sy Christelike oortuiginge in Egipte gedurende die bewind van die Romeinse |

| | | |
|---|---|---|
| | | heerser "Trajan".<br>4. Die Apostel Simon die fanatikus "Zealot" het gepreek in Mauritanië in Afrika en ook in Brittanje. Hy is ook vervolg en gekruisig.<br>5. Die apostel Markus was die eerste biskop van Alexandrië en preek daar in Egipte. Hy is verbrand op 'n brandstapel en ook daar begrawe by 'n plek met die naam van "Bucolus" tydens die bewind van "Trajan".<br>6. Die apostel Bartolomeus het volgens berigte in Indië gepreek en het die evangelie van Mattheus in hulle taal vertaal. Hy was geslaan, gekruisig en ook onthoof in "Albinopolis" Armenië.<br>7. Apostel Andreas die broer van Petrus het gepreek vir die "Scythians, Sogdians and Sacae in Sebastopolis" Etiopië, Afrika in die jaar 80 n.C. Hy is gekruisig deur "Aegeas" goewerneur van die "Edessenes" en begrawe in "Patrae", "Archaia". Bernard en St. Cyprian beskryf die wonderlike belydenis van hierdie geseënde apostel. Hy het 'n menigte tot geloof in Christus gebring deur sy prediking. Goewerneur "Aegeas" vra die Roomse senaat om alle Christine te forseer om die Romeinse |

| | | |
|---|---|---|
| | | gode te vereer en offerhande vir hulle te bring. Andreas weier volstrek en vra dat die gode verban word. Hy volhou die prediking van God Drie-enig insluitende Christus as ons enigste verlosser en die enigste weg na God. "Aegeas" raak woedend en die Roomse raad gee opdrag dat hy nie meer hierdie dinge moet verkondig nie. Hy sal gekruisig word as hy aanhou om dit te doen. Andreas antwoord dat hy veel eerder gekruisig sal word as om te buig voor die Romeinse gode. Hy word beskou as die verkondiger van 'n nuwe sekte. Op pad na die kruis het Andreas nie soos ander wat gekruisig is sy redenasievermoë en liggaamspostuur verloor nie en is met 'n blymoedige hart gekruisig terwyl hy alle eer aan Christus gebring het.<br>8. Die apostel Mattheus wat ook as Levi die tollenaar bekend gestaan het voor sy bekering, se evangelie was aan die Hebreeuse Jode gerig. Nadat hy 'n menigte mense in Egipte en Etiopië gehelp het om hulle tot die Christendom te bekeer het koning "Hircanus" iemand gestuur om hom met 'n spies dood te steek. |

| | | |
|---|---|---|
| | | 9. Die apostel Philippus het vir jare aan die barbaarse nasies die Woord van God verkondig maar uiteindelik is hy gestenig en gekruisig in Hierapolis en begrawe saam met een van sy dogters.<br><br>10. Die apostel Jakobus, broer van Christus was beskou as 'n regverdige en nougesette Christen wat die kerk van Christus onderhou het saam met die ander apostels. Hy het geen wyn of sterk drank gedrink nie, geen vleis geëet nie en het net linne klere gedra. Hy het geen wolklere gedra nie. Hy het die tempel alleen betree, ook die heilige gedeelte, en telkens op sy knieë geval om te vra vir vergifnis van die mense, in so 'n mate die vel om sy knieë hard en gevoelloos geraak het soos die van 'n kameel. Vanweë sy nougesette en voluit geloofslewe het hy bekend gestaan as die "regverdige" en "die beskermer van die mense". Baie van die Jode en Fariseërs se leidingsfigure het hulle bekeer tot die Christendom en die res van hulle het hulle begin bekommer dat al die Jode Jesus Christus sou volg. Hulle het hom toe versoek om tydens die Paasfees op die dak van die tempel te verkondig dat die Jode Jesus |

| | | |
|---|---|---|
| | | Christus verkeerdelik volg. Hy het net die teenoorgestelde gedoen en Jesus Christus verkondig as die Seun van God en Verlosser van almal wat in Hom glo. Baie Jode het steeds bekeer tot die Christendom en dit was eenvoudig een te veel vir die ongelowige Jode. Hulle het hom toe van die dak van die tempel afgestamp maar die val het hom nie gedood nie. Hy het op sy gevoellose knieë geval en die Here gevra "O Vader my God, ek pleit by u om hulle te vergewe want hulle weet nie wat hulle doen nie" want ons sterk herinner aan die kruiswoorde van Jesus Christus. Hulle het hom toe gestenig maar een van die priesters het hulle aangespreek en gemeld dat Jakobus vir hulle bid. Een van die mans het toe 'n instrument wat hy klere mee gemaak het geneem en Jakobus daarmee doodgeslaan en hom net daar begrawe.<br><br>11. Die eerste van die tien groot vervolgings is aangespoor deur die heerser Nero ongeveer 64 n.C. Sy woede teen die Christene was ongelooflik, in so 'n mate, dat dit gesê is dat stede besaai was met die lyke van naakte Christen manne en vroue. Die dood was in menige |

| | | |
|---|---|---|
| | | opsigte nie as genoeg beskou nie en baie was ook geslaan met swepe, stukkend in uitmekaar geskeur, binnegoed uitgeskeur, gestenig, deur wilde diere verskeur, op die horings van bulle en warm staal plate gegooi. Hulle is nie begrawe nie en hulle liggame was net so gelaat in hope om te verrot. Hy en ander heersers het die Christene vir alles geblameer wat die groot brand wat hy self op verskeie in Rome begin het ingesluit het, maar hulle was ook geblameer vir droogte, aardbewegings en oorloë. Hulle het dit hoofsaaklik gedoen omdat hulle bang was dat die Christendom hulle leierskap en heersing sou ondermyn en het nie die boodskap van verlossing deur Jesus Christus verstaan of daarin geglo nie.<br><br>12. Die apostel Petrus (Simon Petrus) was gedurende hierdie vervolging gemartel maar sommige meen dat hy aanvanklik ontsnap het. Hy het egter teruggekom en volgens "Jerome" is hy toe gekruisig. Op sy versoek is hy onderstebo gekruisig omdat hy gevoel het dat hy nie waardig was om op dieselfde manier as sy Here gekruisig te word nie. |

| | | |
|---|---|---|
| | | 13. Die apostel Paulus het ook onder hierdie vervolging gely. Nero het twee van sy volgelinge “Ferega” en “Parthemius” gestuur om hom te vervolg. Paulus was besig om te preek en bid vir die mense. Paulus het toe onderneem om hierdie twee manne te doop en hulle het hom te gely na die stad waar Paul toe onthoof was. Hierdie vervolging het geëindig onder die bewind van “Vespasian”<br><br>14. Die enigste apostel wat volgens oorlewering nie ’n marteldood gesterf het nie was die apostel Johannes vir wie Jesus Christus baie lief was. Die tweede vervolging het begin met die bewind van Domitianus broer van Titus in die jaar 95 n.C. toe hy Johannes verban het na die eiland Patmos waar hy die visioen van die boek Openbaring ontvang het. Met die dood van Domitianus is hy egter toegelaat om terug te keer na Efese in die jaar 97 n.C. Hy het daar gebly tot die bewind van “Trajan” en die Woord van God verkondig. Hy het ’n natuurlike dood gesterf op die hoë en geseënde ouderdom van ongeveer 100 jaar oud.<br><br>Uit die voorgaande inligting is dit duidelik dat Jesus Christus se apostels en ’n menigte Christene |

| | | |
|---|---|---|
| | | vervolg is, pertinent as gevolg van hulle Christelike geloof. 'n Hele paar apostels het dieselfde dood by wyse van kruisiging net soos Christus gesterf en die ander op ander wyses deur al die eeue heen met tussenposes tot 1808 n.C. toe Napoleon Bonaparte Spanje ingeval het en Ferdinand Vii by sy pa Charles iv oorgeneem het. Op 22 Februarie, 1813 het die Spaanse inkwisisie op 'n einde gekom in Madrid. Die Christin biskoppe was weer in ere herstel en die vervolging van Christine het in Spanje op 'n einde gekom. Ons bevind ons vandag in 'n redelike gemaksone in Suid Afrika waar ons Christenskap saam met ander gelowe deur die grondwet beskerm word. Dit is inderdaad nie die geval in sekere ander gebiede van Afrika en die res van die wêreld nie. |
| Mededeel-saamheid. | Waar word dit aangespreek? | 1Tim. 6:17-19. Die wat ryk is, moet gewaarsku word om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet aangespoor word om goed te doen, ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam. Sodoende vergader hulle 'n skat as 'n goeie belegging vir die toekoms sodat hulle die ware lewe sal verkry; Mark. 10: 17-31. Die ryk jong man wat die wet ten volle onderhou het. Jesus deel hom egter mee dat hy een ding kort kom en dit is dat hy al sy besittings moet verkoop en die opbrengs moet uitdeel ander die armes. Die man gaan egter |

| | | |
|---|---|---|
| | | bedruk weg. |
| Melaatsheid | Wat het dit behels en waar is dit opgeteken? | 2Kon.7:3. Dit verwys na 'n verskeidenheid velsiektes waarvan sommige as ongeneeslik beskou was. 'n Melaatse was kulties as onrein beskou en gewoonlik uitgedryf uit die gemeenskap. Hulle het 'n ellendige lewe gely. Bepaalde voorskrifte was gevolg met velsiektes en onreinheid in Lev.13:1-46 om God se volk daarteen te beskerm.Matt.8:2;3;Mark.1:40-45. Genesing van 'n melaatse was beskou as 'n nuwe lewe. |
| Mensheid van Jesus Christus. | Waar word dit aangespreek? | 1Kor.15:21. Aangesien die dood deur 'n mens gekom het, het die opstanding van die dooies ook deur 'n mens gekom; Heb.2:14-16. Aangesien God se kinders van vlees en bloed is, het Hy (Jesus) ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur sy dood die duiwel te oorwin en om hulle wat hulle hele lewe lank in slawerny was te bevry. |
| Minderwaardigheid. | Waar word dit aangespreek? | Rig.6:11-40. Gideon voel dat hy te minderwaardig is om die Midianiete te verslaan. God leer hom egter anders en gee hom die krag om die Midianete te oorwin. |
| Miskraam. | Wat gebeur met so 'n kind? | Hand 2:39; Ps. 139:13-16; Jer. 1:5. God kies sy uitverkorenes uit nog voor hulle geboorte in hulle moeder se baarmoeder en al word hulle dood gebore is hulle reeds gered. |
| Moegheid. | Waar word dit aangespreek? | Jes. 40:28-31. God word nooit moeg nie en derhalwe gee hy ook aan ons nuwe krag met vlerke soos die van 'n |

| | | |
|---|---|---|
| | | arend. |
| Mond. | Die sonde en die mond/tong. Waar word dit aangespreek. | Jak. 3. Beheersing van die tong. Die tong is maar 'n klein liggaamsdeeltjie maar het tog groot krag. Die tong is soos 'n vuur, 'n wêreld vol van ongeregtigheid. Dit is die deel van die liggaam wat die hele mens besmet. Jak. 3:7-10. Diere kan getem word maar geen mens kan die tong tem nie. Dit is 'n rustelose kwaad, vol dodelike gif. Uit dieselfde mond kom lof en vloek. Met die tong loof ons die Here maar met dieselfde tong vloek mense wat as die beeld van God gemaak is. Spr.18:13. Wie antwoord voor hy die vraag gehoor het, is dwaas en kom in skande. |
| Môrester | Wat was dit en waar is dit opgeteken? | Op.22:16 en 2:28; Num24:17. Dit was 'n benaming van Jesus Christus wat waarskynlik terugverwys na die Messiaanse vertolking van die "ster van Jakob". 2Pet.1:19. Hy is die môrester wat die nuwe dag van die ewige lewe inlei. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Nagmaal. | Is ondersoek voor die nagmaal nodig en indien wel waar word dit aangespreek? | 1 Kor. 11:27-28. Elkeen wat op ongepaste wyse van die beker van die Here drink en sy brood eet sal skuldig wees aan sonde teen die liggaam en bloed van die Here. Maar elkeen moet homself ondersoek voordat hy van die beker drink en die brood eet. |
| Nagmaal. | Nagmaal in die algemeen? Waar word dit aangespreek? | Ps.23. Ons sit aan by die feesmaal as eregaste terwyl ons teestanders toekyk;1Kor.11:17-34;Ongerymdhede. In daardie tyd het die nagmaal gepaard gegaan met 'n maaltyd. Sommige van die rykes het te veel geëet en gedrink ten koste van die armes. Jes. 55. Almal wat dors is, kom na die water (nagmaal) toe, selfs ook die wat nie geld het nie, kom koop en eet sonder geld en sonder om te betaal, wyn en melk; Matt. 26:17-30. Voorbereiding van die paasmaaltyd deur die dissipels; Op. 19:1-10. Die bruilof van die Lam het aangebreek. Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal uitgenooi is. |
| Nardusolie. | Wat was dit en waar is dit opgeteken? | Dit was 'n olie gemaak van wortels van 'n welriekende struik. Hooglied 1:12. Dit was ook as parfuum gebruik en was baie duur. In Joh.12:3 neem Maria 'n halfliter van die olie, giet dit uit op Jesus se voete en droog sy voete af met haar hare. |
| Nasireër. | Waarna verwys dit en waar is dit | Dit is iemand wat hom aan die Here toegewy het en 'n Nasireër gelofte |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| | opgeteken? | afgelê het. Volgens Num.6:1-21 het dit behels dat die persoon hom onthou het van die gebruik van wyn /bier en enigiets wat van die wingerdstok afgekom het. Hulle het ook nie hulle hare of baard geskeer nie. |
| Nederigheid. | Nederigheid. Waar word dit aangespreek? | Spr. 15:33. Om die Here te dien is om onderrig te word in wysheid. Nederigheid kom voor eer; 29:23. Hoogmoed bring 'n mens tot 'n val. Nederigheid bring eer; Fil. 2:1-11. Die voorbeeld van Jesus Christus. Hy het Homself verneder en aan die mens gelyk geword. Toe Hy as mens verskyn het, het Hy homself nog verder verneder deur die kruisdood. Daarom het God Hom tot die hoogste eer verhef as Jesus Christus. Veral ook vers 3. Moet niks uit selfsug doen nie. In nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. |
| Nuwe aarde. | Nuwe aarde in die algemeen. Waar word dit aangepreek? | Jes. 65:17-25. Ek gaan 'n nuwe hemel en aarde skep....... My volk sal so oud word soos 'n boom, die wat hy uitverkies het.... Voor hulle nog roep sal Ek antwoord, terwyl hulle nog praat, sal ek hulle gebed verhoor. Die wolf en die lam sal saam wei. Die leeu sal strooi vreet soos 'n bees...; Op. 21:2. En ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem van God uit die hemel uit sien afkom. Die stad was gereed soos 'n bruid wat vir haar man versier is. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Nuwe aarde. | Wat behels die proses van onsterflikheid min of meer en waar is dit opgeteken? | Op. 21:4. Mense sterwe nie meer nie. Daar sal geen pyn of leed wees nie. Geen nag meer nie. Op. 21:23-25. Die son en die maan se lig sal nie meer nodig wees nie omdat God en die Lam die nuwe stad/aarde sal verlig. |
| Nuwe aarde. | Nuwe aarde hier op die aarde. Waar word dit aangespreek? | Op. 21:2. Eerstens sal die wat die ewige lewe beërwe (die ontslapenes en die wat nog op die aarde lewend is) in die wolke weggevoer word om die Here tegemoet te gaan. 1 Tess. 4:17. Dan sal die reinigingsproses eers plaasvind (verbranding en verwoesting van nie - gelowiges en dit wat onrein is) en daarna daal die nuwe Jerusalem neer op die aarde. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Onbekeerlik-heid. | Waar word onbekeerlikheid, verharding en die laaste oordeel aangespreek? | Luk.12:1-20. Waarskuwing teen huigelary asook die gierigheid van die ryk dwaas en om as teenvoeter hiervoor Christus te bely; Kol. 3:1-17. Ons moet die aardse dinge van onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, gierigheid en afgodery doodmaak van die ou lewe en die dinge van die nuwe lewe aanhang; Jak. 1:19-27. As jy hoor en nie doen nie help dit niks; Op. 20:11-15. Die laaste oordeel. Iemand wie se naam nie in die boek van die lewe geskryf is nie word in die vuurpoel gegooi. |
| Onbetrokken heid. | Waar word dit aangespreek? | Eseg. 37. God blaas lewe in dooie bene (onbetrokkenes). |
| Oneerlikheid. | Waar word oneerlikheid aangespreek? | Spr.4:14-27. Vermy die goddeloses.... Hulle lê wakker as hulle nie iemand se ondergang kan bewerkstellig nie.... Misdaad is hulle kos, geweld hulle drank... Weerhou jou van leuens en moenie mense mislei nie; Spr. 6:12-15. Die Here haat 'n tong wat lieg; 21:6-8. Skatte wat met bedrog versamel is verdwyn in die wind en bring dood... 'n Slegte mens loop krom paaie.... 'n Eerbare mens tree eerlik op. |
| Ongewone tale. | Waar word dit aangespreek? | 1Kor.12:7-11;14:1-9. Alhoewel hierdie gawe wel bestaan is die gawe om te profeteer baie belangriker. As jy in tale praat is dit tot stigting van jouself |

| | | |
|---|---|---|
| | | maar as jy profeteer stig jy die gemeente en reik dus uit na andere. |
| Onse Vader gebed. | Waar is dit opgeteken? | Matt. 6. |
| Ontug/ Owerspel | Waar word ontug en owerspel aangespreek? | Spr.6:20-7:27. My onderrig sal jou beskerm teen die slegte vrou van 'n ander wat jou met 'n gladde tong wil verlei. Moenie dat haar skoonheid jou begeerte wek nie, moenie dat sy jou vang met haar oë nie. Jy kan 'n prostituut kry vir 'n stuk brood maar owerspel kan jou lewe kos.....; Matt. 15:19-20. Uit die hart kom slegte gedagtes: moord, owerspel, onkuisheid, diefstal, valse getuienis, kwaadpratery. Dit is die dinge wat die mens onrein maak......; 1Kor.6:9-10. Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal hê aan die koninkryk van God nie. .......geen onsedelikes of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen of diewe of geldgieriges of dronkaards, of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie. Nogtans kan net God oordeel en nie ons nie; Luk. 6:37. Moenie oordeel nie en julle sal nie geoordeel word nie. Moenie veroordeel nie en julle sal nie veroordeel word nie. Spreek vry en julle sal vrygespreek word. |
| Opstanding. | Waar word die opstanding van die nuwe mens in die ewige | Mark.12:26-27. Jesus wys die Sadduseërs wat nie aan die opstanding uit die dood geglo het nie dat God nie 'n God van dooies is nie maar wel van lewendes. Almal wat nie |

| | | |
|---|---|---|
| | lewe beskryf? | aan die opstandingsliggaam glo nie is dwaas....... |
| Opvoeding. | Waar word Christelike opvoeding aangespreek? | Deut. 6:1-12. Jy moet die gebooie inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat in jou huis, as jy op die pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.....; Ps. 34:12. Kom kinders luister na my. Ek wil julle leer hoe om die Here te dien; 2Tim. 1:1-14. Paulus dank God vir die wonderlike Christelike opvoeding wat Timoteus vanaf kindsbeen ontvang het van sy ma Eunice en sy ouma Loïs. |
| Opvoeding. | Opvoeding van kinders en verhoudings in die huisgesin. Waar word dit aangespreek? | Kol. 3:18-21. Kinders wees aan julle ouers gehoorsaam. Die Here verwag dit van kinders wat in Hom glo; Ef. 6:1-9..... Eer jou vader en moeder is ’n baie belangrike gebod.....; Spr. 4:1-4. Kinders neem die opvoeding wat ’n vader julle gee ter harte. Slaan daarop ag sodat julle kan leer wat insig is.....; 5-27. My seun hou vas aan wat jou vader jou voorskryf, wat jou moeder jou leer.... Dit moet jou altyd bybly, daarmee moet jy saamleef en dit sal jou leiding gee in wat jy doen. Dit sal jou beskerm as jy slaap en jou lei sodra jy wakker word...... |
| Orde. | Waar word orde in die erediens aangespreek? | 1Kor. 14:33. God is nie ’n God van wanorde nie maar wel van orde en vrede. |
| Orgaansken-king. | Skep dit ’n probleem met die opwekking van die nuwe | 1 Kor. 15:42-44. ’n Verganklike liggaam word gesaai en ’n onverganklike liggaam word opgewek in die ewige lewe wat heeltemal nuut |

| | | |
|---|---|---|
| | liggaam in die ewige lewe? | is en heeltemal herskep is. Die ou organe het heeltemal vergaan en God gebruik dit nie weer nie. Orgaanskenking skep dus nie 'n probleem nie. |
| Ou Testament. | Waar word die Ou Testament in die Nuwe Testament beskryf? | Hand.7. Stefanus beskryf die Ou Testament tydens sy steniging. |
| Ouderdom. | Ouderdom is 'n sierlike kroon vir die wat reg lewe. Waar is dit opgeteken? | Spr. 16:31. ...Die sierlike kroon word in hulle ouderdom bereik deur die wat reg lewe. |
| Ouderlingskap | Waar word dit aangespreek? | 1Tim. 3; Tit. 1:5-16. Omskrywing van die eienskappe wat nodig is om as ouderling te dien (getrou aan sy vrou, nugter, onberispelik, verstandig, beskaaf, gasvry, bekwaam om te onderrig, nie aan drank verslaaf wees nie, nie rusie maak nie, inskiklikheid, vredeliewend en nie geldgierig nie. Hy moet ook sy huisgesin goed beheer)....; 1 Tim. 5:17. Ouderlinge wat goeie leiding gee behoort dubbele erkenning te kry, veral die wat hard werk en onderrig gee. |
| Ouers. | Waar word die ouer / kind verhoudings aangespreek? | 2 Kor. 12:14.... Dit is nie kinders wat vir ouers sorg nie maar ouers vir die kinders; Ef. 6:1-4. Kinders wees gehoorsaam aan julle ouers want die wet van God vereis dit. |
| Owerheid. | Waar word onderdanigheid | Rom. 13:1-7. Die owerheid is die dienaar van God tot jou beswil. |

| | | |
|---|---|---|
| | aan die owerheid en betaal van belasting aangespreek? | Daarom moet jy onderdanig wees aan die owerheid en ook jou belastings betaal al is dit ook nie 'n Christelike owerheid nie. |
| Owerspel. | Waar word dit aangespreek? | Spr.6:28-35. Kan jy op brandende kole trap sonder dat jy jou voete brand. Net so min kan jy by 'n ander man se vrou slaap sonder om gestraf te word. Jy sal nie vry kom as jy met haar lol nie; Matt. 5:31-32. Elkeen wat van sy vrou skei behalwe deur owerspel pleeg egbreuk en iemand wat met 'n geskeide vrou trou pleeg ook egbreuk. Spr. 2:16-18. Die wysheid hou jou weg van die slegte vrou af, die vrou met verleidelike praaitjies, wat haar man verlaat en die verbond van God vergeet. Haar huis ly jou na die dood toe. Haar spore bring jou by die dooies uit; Mal. 2:13-16; Die Here haat egskeiding. Egskeiding is niks anders as geweld nie. Beheers julle en moenie ontrou wees nie. |
| Owerste van die wêreld. | Waarna verwys dit en waar is dit opgeteken? | Joh.12:31; 14:30,16:11. Dit is 'n benaming vir Satan. Hy word so genoem omdat hy in hierdie wêreld sy heerskappy ontplooi. |

## 18 P

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Paulus se bekering/inkering tot die Christelike geloof. | Waar is dit opgeteken? | Hand. 9:1-19. Toe Paulus naby Damaskus kom het daar skielik 'n lig uit die hemel op hom gestraal. Hy het op die grond neergeval en God het vir hom gesê, Saul, Saul waarom vervolg jy My. Hy kon daarna nie sien nie. Die mense het hom gelei na Damaskus toe. Hy kon vir drie dae nie sien nie. Die Here stuur vir Ananias na Paulus toe by die huis van Judas in reguitstraat. |
| Plae. | Wat was die plae en waar is dit opgeteken in beide die Ou Testament asook Nuwe Testament? | <u>Eksodus 7-11.</u><br>Water in bloed.<br>Paddas.<br>Muggies.<br>Steekvlieë.<br>Pes onder die vee.<br>Swere.<br>Hael.<br>Sprinkane.<br>Donkerte vir 3 dae.<br>Dood van die eersgeborenes.<br><u>Op. 16.Plae/bakke van Engele</u><br>Swere.<br>Die see verander in bloed.<br>Die riviere verander in bloed.<br>Die son brand die mense.<br>Donkerte.<br>Padda in draak se bek.<br>Groot aardbewing en baie groot |

| | | |
|---|---|---|
| | | haelkorrels van 50 kilogram elk. |
| Prediking. | Waar word dit aangespreek? | Jes. 52:7. Hoe wonderlik klink op die berge, die voetstappe van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede aankondig, wat die goeie tyding bring en wat redding aankondig; 1 Pet. 4:7-11. Iemand wat die gawe van prediking ontvang het laat God deur hom aan die woord kom; Rom.10:14-17. Hoe kan iemand glo sonder dat hy hoor. En hoe kan iemand hoor sonder iemand wat preek. |
| Priester. | Waarna verwys dit en waar is dit opgeteken? | Dit is 'n ampstitel wat aan Jesus Christus opgedra word. Eks.28-29. In Israel kon net iemand wat uit die stam Levi en uit die geslag van Aaron was die priesteramp beklee en moes in die heiligdom van die tempel diens doen. Jesus was uit die stam van Juda en kon volgens die wet nie 'n priester wees nie. Heb.5:6;7:17; Heb.7:21. Hy bring egter die priesteramp tot vervulling volgens die priesterorde van Melgisedek en bly vir ewig Priester. Op.1:6;5:10;20:6. Deur Hom kan ons ook in die hemel priesters vir God wees. 1Pet.2:9. In hierdie lewe tans kan ons koninklike priesters wees. |
| Probleme. | Mense wat probleme, onsedelikheid en onreg in die lewe skep. Waar word dit | I Kor. 6:9-12. Geen onsedelikes, afgodsdienaars, egbrekers, homo-seksuele, diewe, geldgieriges, dronk-aards, kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die Koninkryk van God nie. |

| | | |
|---|---|---|
| | aangespreek? | |
| Profeet.<br><br>Profeet | Waarna verwys dit en waar is dit opgeteken? | Joh.1:21;25;6:14;7:40.Deut.18:15;Mal. 3:1;4:5. Dit is die ampstitel van 'n persoon wat kragtens Joodse verwagting sou kom voordat die koninkryk van God aanbreek. Matt.16:14;Mark.6:15;Joh.1:21;25.<br>Daar was gedink /verwag dat een van die profete van die Ou Verbond/Testament soos Elia of Jeremia weer sou verskyn op aarde. Matt.16:14;Mark.6:15;Joh.1:21;25.Aan die ander kant was verwag dat dit 'n nuwe profeet sou wees, die grootste van almal. Die profeet sou die voorloper van Jesus Christus wees en sou ook ly en sterf vir die werk wat hy gedoen het. Sy lyding sou egter nie vir iemand anders wees nie.<br>Johannes die doper (Matt.14:5; 2:26; Mark.11:32; Luk.20:6) en Jesus Christus (Matt.21:46; Luk.7:16; 39; 24:19; Joh4:19; 19:17) is op gronde van hulle besondere dade deur baie as profete beskou en ook as die profeet wat sou kom. Jesus verklaar in Matt.11:9 dat Johannes meer as 'n profeet was. Num.11:24-29; Kol.3:9-10. Alle Christene is dus reeds in hierdie lewe profete, konings en priesters wat in vervulling gebring is deur die hoogste Profeet, Hoëpriester en Koning Jesus Christus. |
| Vroulike profete. | Waar word dit beskryf in die Bybel? | <u>Ou Testament</u>:<br>1. Mirjam. Eks. 15:20.Mirjam die profetes het 'n tamboeryn |

| | | |
|---|---|---|
| | | gevat en al die vroue het met tamboeryne agterna geloop en gedans.<br>2. Debora. Rig. 4:4-7. In daardie tyd was Debora die vrou van Lappidot, die leier van die Israeliete. Sy was 'n profetes...........<br>3. Sara. Gen.<br>4. Hanna. 1 Sam: 2.<br>5. Abigail.1Sam:25:3 en andere.<br>6. Gulda. 2 Kon.22:14-20.<br>7. Ester.<br>8. Joel 2:28. Wanneer dit alles gebeur het sal Ek my Gees laat kom op al die mense, julle seuns en dogters sal as profete optree....<br><u>Nuwe Testament:</u><br>1. Luk.2:36-38. Anna die weduwee van 84 jaar oud was net sewe jaar getroud toe sy jonk was.<br>2. Hand. 21:8-9. Filippus se vier <u>ongetroude</u> dogters wat die gawe ontvang het om God se boodskap te verkondig.<br>3. Hand. 2:17-18. So sal dit in die laaste dae wees sê God, Ek sal my Gees uitstort op alle mense. Julle seuns en dogters sal as profete optree.......Ja, op my dienaars en dienaresse sal ek in die laaste dae my Gees uitstort , en hulle sal as |

| | | |
|---|---|---|
| | | profete optree.<br>4. Daarteenoor, in die briewe van Paulus maan hy op verskeie plekke dat vrouens, veral getroude vrouens nie 'n spreekbeurt in eredienste mag kry nie ensovoorts.<br>Daar word ook aangevoer dat profetering 'n weier begrip is om as 'n leraar van 'n spesifieke gemeente op te tree. Daar is baie ander geleenthede waar die Woord van God uitgedra kan word by wyse van toesprake, getuienisse,gebede, christelike gesprekke/geleenthede ensovoorts. |
| Prostitute. | Ragab die prostituut. Waar is dit opgeteken? | Jos. 2. Ragab die prostituut het Josua se verkenners weggesteek in Jerigo met die verowering van die beloofde land Kanaän. |
| Prostitute. | Waar word dit in die algemeen aangespreek? | Eseg. 16. Jerusalem wat hom eerloos gedra word in verband gebring met 'n prostituut; 1Kor. 6:10. Sedelose mense sal nie deel kry aan die koninkryk van God nie. |

## 19 R

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Raaisel. | Raaisel in 'n spieël. Waar is dit opgeteken? | 1 Kor.13. Ons kyk nou nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ons gedeeltelik maar eendag sal ons ten volle ken soos God ons ten volle ken. |
| Rahab. | Wie was dit en waar is dit opgeteken? | Job.9:13; 26:12; Ps.89:11; Jes.51:9. Net soos die Leviatan was dit 'n seemonster wat voorgestel was as 'n mag wat die skepping bedreig het en deur die Here verslaan is. |
| Rampe. | Rampe en groot teëspoed. Waar word dit aangespreek? | Ps. 34:6;20. Diegene wat swaar kry sien op na Hom en straal van blydskap. Hulle word nie teleurgestel in hulle verwagting nie. Al word die regverdige ook deur hoeveel rampe getref, die Here red hom uit almal. |
| Redding deur geloof. | Waar is dit opgeteken? | Rom.9:30-10:15. Die heidene het vryspraak gekry deur hulle geloof. Israel het vryspraak gesoek uit onderhouding van die wet en op grond van hulle eie prestasies en dit nie gekry nie; Hand. 16:31. Glo in die Here Jesus en jy en jou huisgesin sal gered word. |
| Regverdige Regter. | Waar is dit opgeteken? | Spr.24:23-25. 'n Regter wat 'n skuldige onskuldig verklaar, sal deur die hele bevolking vervloek word. Maar met regters wat regverdig straf sal dit goed gaan. Hulle sal geseën word met voorspoed. |
| Regverdige. | Waarna verwys | Jer.11:20; Ps.7:9;10; Ps.112:4; |

| | | |
|---|---|---|
| | dit en waar is dit opgeteken? | 119:142. Dit verwys na 'n persoon wat voldoen aan die eise wat gestel word wat 'n ander persoon aan hom stel en so aan die verhouding getrou is. God is regverdig omdat Hy getrou is aan sy verhouding met die mens. As Regter gee Hy regverdige beslissings en laat Hy reg geskied maar sy genade, barmhartigheid, liefde en trou is deel van sy regverdigheid. Van die mens eis Hy trou aan die verhouding met Hom, ook in die onderlinge menslike verhoudings, al is die mens nie sonder sonde nie. Ps.1:6;34:20. Die mens moet hom/haar dus binne hierdie verhouding met God bevind en volledig van Hom afhanklik wees. |
| Rekenskap. | Eis God rekenskap en waar is dit opgeteken. ? | Ja. Pred. 11:9. Doen wat jy goed vind en waarvan jy hou, maar moenie vergeet dat God van jou rekenskap sal eis oor alles nie; 12:14. God sal rekenskap eis oor alles wat gedoen word, ook oor wat in die geheim gedoen word (sonde wat jy wegsteek), of dit nou goed is of kwaad. |
| Reuse. | Wie was dit en waar is dit opgeteken? | Gen.6:4; Num.13:33. Dit was mense wat buitengewoon groot was. Daar word net op hierdie twee plekke na hulle verwys in die Bybel. Dit was 'n groep mense voor die sondvloed in die tyd toe hulle voorvaders, die hemelwesens getrou het met die dogters van die mense. Num.13:33. Verder was die mense van die beloofde land Kanaän voor die intog van die Israeliete so genoem deur die |

| | | |
|---|---|---|
| | | verkenners wat nie op die Here vertrou het, dat Hy die land in hulle mag sou gee nie. Daar het dus 'n oordrywing in die uitdrukking gelê om die gelowiges skrik te maak. |
| Rusie. | Waar word dit aangespreek? | 2 Tim. 2:24. 'n Dienaar van die Here moet nie rusie maak nie. Inteendeel, hy moet vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om ander te leer en iemand wat onreg kan dra. Met vriendelikheid moet hy sy teenstanders teregwys. |
| Ryk jong man. | Waar is dit opgeteken? | Luk. 18:18-30. Hy onderhou die wet maar is nie bereid om al sy besittings te verkoop en vir die armes te gee nie, asook om dan Jesus te volg nie. |
| Rykdom. | Jy kan niks met jou saamneem nie? | Pred. 5:14. Self gaan die mens kaal uit die wêreld uit soos hy daarin gekom het. Hy kan niks met hom saamneem vir al sy inspanning nie. |
| Rykdom. | Is rykdom en geld skadelik? | 1. Spr. 10:4;22. 'n Mens wat nie sy hande uit sy mou steek nie, word arm. Dit is vlyt wat ryk maak. Dit is die seën van die Here wat rykdom bring. Jou geswoeg laat dit nie meer word nie.<br>2. Pred. 2:4-11; 18-19;26. Rykdom is nie alles nie en bring baie keer meer swaarkry as voordele.<br>3. 1Tim. 5:8; 1 Sam. 2:7; Kol. 3:5. Geld of rykdom as sodanig is nie 'n probleem nie maar die gierigheid na steeds meer en meer is die probleem. Luk 16:13. Jy kan nie God en Mammon dien nie. Luk. 6:24; |

| | | |
|---|---|---|
| | | 12:15; 18-21;14:12-14; 15:11-31;16:13;19; 18:18-23;Spr.15:16-17;16:8;17:1 -Waarskuwings teen geldgierigheid.<br>4. Heb. 13:5-6; Matt. 6:25-34; Spr. 30:8-9. Die Here versorg ons en gee aan ons wat ons nodig het. Gen. 3:19. Leef uit die hand van die Here.<br>5. 1Tim. 6:12;19. Die werklike ideaal is die ewige lewe.<br>6. 1Tim.6:9-10. Geldgierigheid vernietig jou. 1Tim. 6:11. Die antwoord hierop word gevind in geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid en sagmoedigheid.<br>7.Heb.13:5.Wees vry van geldgierigheid. |
| Rykdom. | Kan vinnig ryk word 'n probleem wees? | Spr.13:11;23:4-5. Vinnige rykdom verminder maklik maar wie gelydelik bymekaar maak word ryk. |
| Rusplek vir die Here se voete. | Waar word dit in die Bybel aangespeek ? | Hand. 7:49. Die Hemel is my troon en die aarde die rusplek vir my voete, se die Here. Watter soort huis sal julle tog vir my bou..... |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
| --- | --- | --- |
| Sabbatsheil-iging. | Waar word dit aangespreek? | Jer.17:19-27. As julle aan my ongehoorsaam is en die Sabbatdag nie heilig hou nie en op die dag goed deur die poorte van Jerusalem dra, sal ek die poorte van die stad aan die brand steek en die vuur sal die mooi huise verteer sonder dat iemand dit blus; Num. 15:32-36. 'n Man het op die Sabbatdag hout bymekaar gemaak. Die Here het toe vir Moses beveel dat hy doodgemaak moes word en die volk het hom toe gestenig; Luk. 6:1-11. Jesus is Here oor die Sabbat. Terwyl Jesus op die Sabbatdag deur die gesaaides gestap het, het sy dissipels koringare gepluk, gevryf in hulle hande en geëet. Die Fariseërs wou toe weet hoekom hulle dit doen op die Sabbatdag. Jesus wys hulle egter daarop dat Dawid en sy manskappe offerbrode op die Sabbatdag in die huis van God geëet het omdat hulle honger was. |
| Sadduseërs. | Na wie verwys dit en waar is dit opgeteken? | Matt.22:23; Mark.12:18; Luk.20:27; Hand.23:8. Dit was die lede van die Joodse party wat in die Nuwe Testament afkomstig was van vooraanstaande priesterfamilies. Anders as die Fariseërs het hulle meer in politieke sake hulle invloed uitgeoefen. Hulle het egter op baie belangrike sake met die Fariseërs verskil. Hulle het die wet nog strenger toegepas en was strenger op |

| | | |
|---|---|---|
| | | wetsoortreders. Hulle het die gesag van die wet van Moses bo die van die profete aanvaar en nie tradisionele bykomende voorskrifte nie. Hulle het ook nie geglo in die bestaan van engele en geeste nie. Hulle het ook nie geglo in die opstanding nie omdat dit nie aangeteken is in die wet nie. Die Fariseërs het wel in hierdie dinge geglo. |
| Saligheid. | Word alleen deur die geloof verkry. Waar word dit aangespreek? | Ja. Rom. 1:16-17. Paulus skaam hom nie oor die evangelie nie aangesien dit ’n krag van God tot redding is van elkeen wat glo of jy nou Jood of nie-Jood is. |
| Samaritane | Na wie verwys dit en waar is dit opgeteken? | Matt.22:23; Mark.12:18; Luk.20:27; Hand.23:8. Dit was die bevolking wat ontstaan het toe die vooraanstaande Israeliete in ballingskap weggevoer was en ander mense daarheen ingevoer is. Hulle het met die Israeliete wat agtergebly het ondertrou en in die gebied van Samaria gewoon. Joh.8:48. As gevolg hiervan het die Jode hulle gehaat en hulle naam as ’n skelwoord gebruik. Daar was voortdurend vyandskap tussen hulle. Die Samaritane het net die eerste vyf boeke (Pentateug) van die Bybel aanvaar. Hulle het ook die koms van Christus verwag. |
| Seën. | Die seën van die Here maak ryk. | Spr.10:22. Ons arbeid en goeie werke dra nie daartoe by nie. Dit is die seën van die Here wat rykdom bewerkstellig. |

| | | |
|---|---|---|
| Sending | Waar word dit aangespreek?<br>Groei van die Christendom in die jare 2010 tot 2012? | Enkele opmerkings in dié verband lui as volg:<br>❖ Ondanks vryheid van geloof het die persentasie "belydende Christene" in Suid Afrika afgeneem van ongeveer 80 % na 62%.<br>❖ Daar is ongeveer 6.5 tot 7 biljoen mense in die wêreld. 47 % of ongeveer 3 biljoen het nog glad nie van Jesus Christus as verlosser gehoor nie. 80% van hierdie heidene kan slegs deur kruis kulturele sending werk deur Christene van ander dele van die wêreld bereik word. Alhoewel God hierdie situasie in 'n oogwink kan verander vir sy uitverkorenes om in massas te bekeer tot belydende Christene sê Hy in sy Woord dat ons as dissipels sy Woord moet uitdra na alle nasies en tale sodat die getal van sy uitverkorenes kan vol word. Dit is inderdaad 'n groot opdrag vir ons almal. Baie werk moet nog gedoen word en meer as 90% van |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | sendelinge werk in ander Christen georiënteerde lande en nie in lande wat dit die meeste nodig het nie. Groeipunte tans is :<br>❖ Indië. Christene het gegroei van 'n skamele 2% van die bevolking tot 10%. (Van 1 miljoen tot 18 miljoen nuwe Christene.)<br>❖ Sjina. Dertig tot veertig duisend bekerings vind daagliks plaas.<br>❖ Indonesië. Volledige dorpies kom volledig tot bekering.<br>❖ Afrika. (Nie Suid –Afrika nie). Voorbeeld. Ruanda. Ons almal onthou die groot burgeroorlog in 1994. Die Hutsis het 1 miljoen Tutsis vermoor. Oor die laaste 17 jaar het 'n wonderwerk plaasgevind. Politieke stabiliteit het in die jaar 2000 plaasgevind en enorme ontwikkelings wat van oorsee befonds word het plaasgevind en duur voort. Dit is die tweede vinnigste groeipunt in Afrika. Op die laaste Saterdag van |

| | | |
|---|---|---|
| | | elke maand mag niemand werk nie en almal maak die stede en dorpe skoon! Die Christendom groei baie vinnig met 'n baie groot behoefte na onderrig. Daar is 'n baie groot tekort aan pastore/sendelinge.<br>❖ Daar is 'n geweldige afname in die Christendom in Europa met groot groei van die Islam geloof, veral in Frankryk, Duitsland en selfs Engeland. Daar word verwag dat die Christendom in Frankryk binne die volgende dertig jaar kan verdwyn. Ironies genoeg skep dit weer groot evangelisasie geleenthede wat alreeds veral onder die jeug begin plaasvind. |
| Sekerheid. | Waar word dit aangespreek? | 1 Joh. 5:13. Johannes skryf die brief vir die mense sodat hulle kan weet (sekerheid kan hê) dat hulle die ewige lewe het as hulle in die Seun van God glo; Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om Hom te dien en te lewe. 1 Pet. 1:3-5. Deur hierdie sekerheid moet ons alles in die stryd werp om ons geloof te verryk met deugsaamheid, kennis, |

| | | |
|---|---|---|
| | | selfbeheersing, volharding, godsvrug en liefde vir mekaar. 1 Pet. 1:3-5. |
| Seks. | Hoe moet dit uitgeleef word in die huwelik? | 1Tess. 4:1-8. Dit is die wil van God dat hulle heilig moet lewe en hulle moet weerhou van onsedelikheid. Elkeen moet heilig en eerbaar saam leef met sy vrou. Wie hierdie voorskrif verwerp, verwerp ook vir God en sy Heilige Gees; Deut. 22:13-30. Wanneer 'n man betrap word terwyl hy gemeenskap met 'n ander man se vrou het moet beide uitgeroei word om daardie kwaad so tussen die Israeliete uit te roei. |
| Seks. | Seks voor die huwelik. Waar word dit aangespreek? | Hoogl. 2:7; 3:5; 8:4. Salomo se mooiste lied. Hy smeek die vroue van Jerusalem by drie geleenthede om nie die liefde wakker te maak en aan te vuur voordat die tyd ryp is daarvoor nie. Hy roep die ribbokke en takbokke in die veld as getuies. |
| Seksualiteit. | Waar word dit aangespreek? | Gen. 2:25. Hulle twee, die mens en die vrou was kaal maar nie skaam vir mekaar nie; 1Kor.7:1-5. Dit is goed vir 'n man om sonder 'n vrou te lewe, maar as gevolg van die gevare van onsedelikheid behoort elke man sy eie vrou te hê en elke vrou haar eie man. Met wedersydse toestemming kan omgang gestaak word vir toewyding aan gebed net vir n bepaalde tyd lank. Daarna moet daar weer saamgekom word sodat die duiwel nie vatkans kan kry om man en vrou te verlei nie weens gebrek aan selfbeheersing. |

| | | |
|---|---|---|
| Selfbeheers-ing. | Waar word dit aangespeek? | Pred.10:17. Dit gaan goed met die land waar amptenare op die regte tyd feesvier met selfbeheersing en nie met 'n drinkery nie. |
| Selfmoord. | Waar word dit aangespreek? | Pred.8:8. Niemand het mag oor die dag van sy dood nie. Pred. 9:12. Die mens ken nie sy eie tyd nie. |
| Seun van Dawid. | Na wie verwys dit en waar is dit opgeteken? | 2Sam.7:13;14. Dit is 'n benaming vir Christus vanuit sy menslike natuur. Die verwagting dat Christus uit die geslag van Dawid sou wees, berus op die belofte aan Dawid. Die Joodse verwagting was dat die christus 'n aardse vors was uit die geslag van Dawid en hy sou 'n aardse koninkryk kom oprig. Ps.110; Matt.22:43-46. Hierdie opvatting word deur Jesus Christus weerlê. Hy vra vir die Fariseërs hoekom Dawid deur die ingewing van die Gees Hom dan Here noem en dat die Here gesê het dat hy aan sy regterhand moes gaan sit totdat sy vyande aan hom onderwerp was. As Dawid hom dan Here noem (Goddelike natuur), hoe kan die Fariseërs dan sê dat Hy die seun van Dawid is. |
| Seun van die mens. | Na wie verwys dit en waar is dit opgeteken? | Dan:7:13. Dit was 'n hemelse figuur soos 'n menslike figuur maar met ewige heerskappy en eer. Jesus gebruik hierdie naam vir Homself (menslike natuur). |
| Seun van God. | Na wie verwys dit en waar is dit opgeteken? | Joh.3:16; Matt.3:17; 17:5; Luk.3:22; Mark.1:11. Dit is die benaming vir Christus wat benadruk dat Hy van |

| | | |
|---|---|---|
| | | dieselfde wese as God die Vader is en dus God self. As enigste seun staan Hy in 'n unieke verhouding met God die Vader. |
| Siekte. | Lazarus se siekte. Waar word dit aangespreek. | Joh. 11:4. Lazarus word genees deur Jesus wat aankondig dat sy siekte nie op die dood sal uitloop nie maar wel op die openbaring van die mag van God sodat die Seun van God daardeur verheerlik sou word. |
| Siekte. | Waar word siekte, moegheid en gebrekke in die algemeen aangespreek? | Mark.5:21-43. Jesus genees die dogtertjie van Jaïrus asook die vrou met bloedvloeiing wat die mense stom en met verbasing laat; Jes.40:27-31. Die Here gee krag aan alle vermoeides en versterk hulle. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie. Hulle loop en raak nie afgemat nie; Joh. 9:3. En Jesus antwoord: Dit is nie deur sy eie sonde nie en ook nie deur sy ouers sin nie, maar hy is blind sodat die werke wat God doen, in hom gesien sal kan word. |
| Siekte. | Genesing sonder tekens en wonders. Waar is dit opgeteken? | Joh.4:43-54. Seun van die regeringsamptenaar. Jesus genees sy seun sonder om 'n groot saak daarvan te maak. Hy gaan nie eers na die amptenaar se huis nie en maak net eenvoudig die aankondiging aan hom sonder enige tekens juis omdat Hy vir hulle sê dat hulle nie glo nie as hulle nie wondertekens sien nie. Die amptenaar het dit geglo en kry eers bevestiging van die genesing van sy kind by sy werksmense oppad huis |

| | | |
|---|---|---|
| | | toe. |
| Siel. | Ons siel gaan onmiddellik na die Here by afsterwe. Waar is dit opgeteken? | Luk. 23:43. Jesus antwoord die misdadiger saam met Hom aan die kruis wat vra dat Hy aan hom moet dink wanneer Hy in die Koninkryk kom, dat hy dieselfde dag nog saam met Hom in die paradys sal wees; Luk. 16:22. Die ryk man en Lasarus. Toe Lasarus die arm man sterf het die engele hom weggedra na die ereplek langs Abraham. Die ryk man wat daagliks weelderig en feestelik gelewe het, het ook gesterf en is begrawe en verkeer in pyn in die dood. |
| Sien. | Niemand het God spesifiek van aangesig tot aangesig in die oë gesien nie. Waar is dit opgeteken? | 1 Joh. 4:12. Niemand het God nog ooit gesien nie. As ons mekaar egter liefhet bly God in ons en het sy liefde in ons sy volkome doel bereik. |
| Sien. | Die Here sien alles wat ons doen. Waar is dit opgeteken? | Spr. 15:3. Die Here sien oral. Hy hou slegte en goeie mense dop. |
| Sing. | Waar word samesang en lofsange aangespeek? | Ps. 104:33-35. Ek wil sing tot eer van die Here so lank ek lewe. Ek wil die lof van my God besing so lank ek daar is; 100:2;4;5..... Gaan sy poorte in met dankliedere, sy tempel met lofsange. Dank hom prys sy naam..... |
| Skaamte. | Waar word skaamte in die algemeen aangespreek? | Gen. 2:25. Die mens en die vrou was kaal maar nie skaam nie; 1 Pet. 3:16. As jy ly doen dit met beskeidenheid en met eerbied vir God. Sorg dat julle |

| | | |
|---|---|---|
| | | gewete skoon is sodat die wat julle oor julle goeie lewenswandel in Christus belaster daaroor skaam kan kry dat hulle kwaad gepraat het van julle. |
| Skei. | Waar word dit aangespreek? | 1 Kor. 7:1-40 veral: 10. Die vrou en man mag nie van mekaar skei nie. Gen. 2:24. Man en vrou word een!; Jes.50:1. Die sonde bring skeiding; Matt. 5:31-32. Elkeen wat skei behalwe oor owerspel pleeg egbreuk en sondig teen die sewende gebod. Enigiemand wat met 'n geskeide trou pleeg ook egbreuk;19:3-8. Die man en vrou word een in die huwelik. Wat God saamgevoeg het mag 'n mens nie skei nie; Mal. 2:13-16; Die Here haat egskeiding. Egskeiding is niks anders as geweld nie. Beheers julle en moenie ontrou wees nie. |
| Skinder. | Waar word dit aangespreek? | Spr. 10:18. Wie skinderstories versprei is 'n dwaas. Sonder 'n kwaadstoker hou rusie nie aan nie; 26:20-22 Skinder is soos lekker kos. Mense sluk dit so maklik. |
| Skrifgeleerde s | Na wie verwys dit en waar is dit opgeteken? | Dit was die benaming vir invloedryke godsdienstige leiers van die Joodse volk wat die wet en skrif by uitstek bestudeer het. Hulle het ook gebruik gemaak van oorgelewerde godsdienstige gebruike en seremonies van die voorgeslagte om hulle bestudering aan te vul. Hand.23:9. Baie van hulle was lede van die party van die Fariseërs. Een derde van die Joodse Raad het uit |

| | | |
|---|---|---|
| | | skrifgeleerdes bestaan. |
| Slim. | Slim Jan vang sy eie baas. Waar is dit opgeteken? | 1 Kor. 3:18-22. As 'n mens dink dat hy wys is volgens wêreldse standaarde moet hy dwaas word sodat hy werklik 'n wyse mens kan word. Die wysheid van die wêreld is dwaasheid by God. God vang die slimmes met hulle eie slinkse planne. Hy ken die gedagtes van wyse mense en weet dat dit niks beteken nie. |
| Sonde. | Ons kan nie sê dat ons nooit sondig nie. Waar is dit opgeteken? | 1 Joh. 1:8-10. As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak ons van God 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie. |
| Sonde. | Die Here kyk dwarsdeur die sonde en gaan aan met sy raadsplan. Waar is dit opgeteken? | 2 Kon.14: 23-29. Die Here het die bittere ellende van sy volk Israel raakgesien dwarsdeur die sondes van Jerobeam en hulle gered. |
| Sonde. | Sonde teen die Heilige Gees. Waar word dit aangespreek? | Matt. 12:31-32. Elke sonde en lastering kan vergewe word maar lastering teen die Heilige Gees kan nie vergewe word nie, nie in hierdie bedeling nie en ook nie in die toekomstige bedeling nie. |
| Sonde. | Sonde in die algemeen. Waar word dit aangespreek? | Ef. 2:3. Ons is heeltemal skuldig. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en as gevolg daarvan sou ons deur God gestraf moes word; 2Kor. 3:4-5. Maar God sien ons anders. Hy is ryk in barmhartigheid. Deur sy groot liefde het Hy ons wat |

| | | |
|---|---|---|
| | | dood was as gevolg van ons oortredinge saam met Christus en deur Christus se soenverdienste lewend gemaak. Uit genade is ons gered. |
| Sonde. | Die genade is geen vrybrief vir die sonde nie maar verlos ons daarvan. Waar is dit opgeteken? | Rom.6. Alhoewel ons nog sondig moet dit nie meer baas wees oor ons nie want ons staan nie meer onder die wet nie maar wel onder die genade. |
| Sonde. | Deur die Wet ken ons, ons sondes. Waar is dit opgeteken? | Rom.3:20. Niemand word op grond van wetsonderhouding gered nie. Inteendeel deur die wet leer ’n mens wat sonde is. |
| Sondige natuur | Waar word dit in die Bybel aangespreek? | Gal. 5:19-21. Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid, en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak , sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie. |
| Sorge. | Sorge van die lewe. Waar word dit aangespreek ? | 2 Kor. 4:7-18. Ons is maar soos ’n skat in ’n kleipot wat maklik kan breek. Ons word verdruk maar nie terneergedruk nie, oor raad verleë maar nie radeloos nie, vervolg maar nie deur God verlaat nie, op die grond gegooi maar nie vernietig nie. |

| | | |
|---|---|---|
| | | Voortdurend word ons uitgelewer aan die dood terwille van Jesus sodat in ons sterflike bestaan die lewe van Jesus sigbaar kan word. |
| Spaar. | Waar word dit aangespreek? | Eks.12:27. Terwyl Hy die Egiptenare getref het, het Hy ons huise gespaar. Toe het die volk in aanbidding gebuig |
| Sorg. | Waar word dit aangespreek? | Ps.16:5-6. Here U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang kom alles van U af. ’n Pragtige deel is vir my afgemeet. Wat ek ontvang het, is vir my mooi. |
| Spiritualiste. | Waar word dit aangespreek? | Eks.7-11. By Moses en die plae kon die toorders/waarsêers die plae tot by die tweede plaag (paddas) ook namaak maar nie verder nie. Die duiwel is magtig maar God is Almagtig. |
| Splinter in die oog. | Waar word dit aangespreek ? | Luk.6:41-42. Waarom sien jy die splinter raak in die oog van jou broer, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie. Haal eers die balk in jou eie oog uit dan sal jy goed kan sien om die splinter in jou broer se oog uit te haal. |
| Spokery. | Waar is dit opgeteken? | Ps. 91. Dit mag wel bestaan maar ons moet dit nie vrees nie anders twyfel ons in ons geloof in God. |
| Staat. | Waar word dit aangespeek? | Matt. 22:21. Die staat funksioneer onafhanklik van die kerk. Gee aan die staat wat dit toekom en ook aan die kerk. Tit. 3:1-2; Rom.13:1-7. Dien selfs ook ’n nie- Christelike staat en handhaaf die wette van die staat. |

| | | |
|---|---|---|
| | | Dawid het Nebukadneser se heidense staat gedien in soverre dit nie God se gesag ondermyn het nie. Hand. 5:29. Bly egter steeds onderdanig aan God. |
| Steel. | Steel in die algemeen. Waar word dit aangespreek? | Eks. 20:15. Jy mag nie steel nie; Spr.29:24. Iemand wat gesteelde goedere ontvang gee nie om vir sy lewe nie. Hy weet dat die vloek hom sal tref; 30:7-9. Moet my nie arm of ryk maak nie, gee my net die kos wat ek nodig het, sodat ek nie te veel het en U verloën nie. Maak my net ook nie so arm dat ek steel en my God se Naam oneer aan doen nie; Ef. 4:28. 'n Dief moet ophou om te steel. Hy moet deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien en ook iets gee aan die armes. Spr.6:30-31. Selfs as jy honger is, moet jy nie steel nie. |
| Steel. | Steel van die Here. Waar is dit opgeteken? | Jos. 7:1-12. Die volk Israel het van die gewyde goed wat aan die Here behoort gesteel. Daarom kon hulle nie teen hulle vyande staande bly nie. Ons steel self van sy tyd as ons nie genoeg tyd maak vir Hom in ons lewens nie. |
| Sterfbed. | Waar word dit aangespreek? | Luk. 7:11-17. Seun van Nain wat Jesus weer lewend maak; Deut. 32:1-12. Moses se wonderlike lied op sy sterfbed waar hy dink aan die wonderlike dae en geslagte wat verby is. |
| Stof. | Vee die stof van jou voete af en | Luk. 10:10-11; Mark. 6:7-13 veral vers 11. Die stof word afgeskud selfs as 'n |

| | | |
|---|---|---|
| | gaan verder aan met ander werk as jy aanmekaar probeer om iemand die regte pad te wys maar hy/sy ignoreer dit telkens. Waar word dit aangespreek? | aanklag teen hulle wat nie wil luister nie. |
| Straf. | Straf/tug?<br>Waar word dit aangespreek? | Spr. 3:11-12. My seun aanvaar die straf wat van die Here kom en moet jou nie teen sy teregwysing verset nie want die Here straf die mens wat Hy liefhet, net soos ’n vader doen met sy seun; 13:24. Wie sy seun nie straf nie het hom nie lief nie. As hy hom liefhet sal hy hom straf wanneer dit nodig is; 22:15. Onverstandigheid is eie aan ’n jongmens. ’n Pak slae haal dit uit hom uit; Heb.10:26.Opsetlike sondes. Wanneer ons opsetlik bly sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, is daar geen offer meer wat ons sondes kan tersyde stel nie. Heb.12:11. Wanneer ons getug word lyk dit op daardie stadium nie na iets om oor bly te wees nie maar eerder om oor te huil. Later lewer dit egter vir die wat daardeur gevorm word, ’n goeie vrug en vrede omdat hulle gehoorsaam is aan die wil van God. |
| Straf/Swaarkr y | Waar word straf, teëspoed | Job. 37:13. God stuur die storm in ons lewens of om te straf, of om sy liefde |

| | | |
|---|---|---|
| | en swaarkry aangespreek in so 'n mate dat God dit kan gebruik ten beste sodat dit eintlik nie straf as sulks is nie? | te betoon. Hy help jou en ander wat dit in jou sien om liefde te betoon teen Hom en ander ondanks jou teëspoed in reaksie op sy onbaatsugtige liefde (Hos. 6:3), of om vir die aarde te sorg (Deut. 11:11-12). Ondanks die teëspoed in jou lewe sien die wêreld jou positiwiteit en rotsvaste geloof en kom tot inkeer/geloof. |
| Swaarkry | Waar word dit aangespreek? | Klaagl. 3. Ondanks al die ontberinge en teëspoed verstoot die Here 'n mens nooit vir altyd nie. As Hy beproewing oor 'n mens gebring het ontferm Hy Hom ook weer, want sy liefde is groot. Dit is goed om te wag op die hulp van die Here; Rom. 5:1-11. Ons verheug ons as ons swaar kry want ons weet dat swaarkry volharding kweek, volharding kweek egtheid van geloof, egtheid van geloof kweek hoop en die hoop beskaam nie want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het. |
| Swaarkry en rampe. | Waar word dit aangespeek? | Ps. 34. Die Here beskerm die gelowige. Die wat swaar kry sien op na Hom en straal van blydskap. Hulle word nie teleurgestel in hulle verwagtinge nie. |
| Swak kerkbesoek. | Waar word dit aangespreek? | Heb. 10:25. Ons moet nie van die samekomste van die gemeente wegbly nie soos dit die gewoonte geword het by sommiges nie maar mekaar eerder aanspoor om daarheen te gaan en dit des te meer namate ons die oordeel sien nader |

| | | |
|---|---|---|
| | | kom; Rom. 10:11-21. Geloof kom deur te hoor. Die gehoor kom deur die prediking in die huis van die Here; Ps. 84. Hoe lieflik is U woning Here. Ek smag van verlange na die tempel van die Here. |
| Swakheid. | Waar word dit in die algemeen aangespreek? | 2 Kor. 12:9-10. Wanneer ek swak is, is ek eintlik sterk. |
| Swart mense. | Waar vind ons skrifgedeeltes oor Swart mense? | Hand. 8:26-40. Etiopiër (Kussiet). Etiopiërs is Swart van gelaatskleur. Filippus verklaar die skrifgedeelte uit Jesaja wat hy op sy wa lees aan hom. Matt. 27:32. Simon van Sirene uit Noord Afrika het Christus se kruis gedra. |
| Sweer. | Moet nie sweer nie behalwe as dit in die hof verlang word? | Jak. 5:12. Ons ja moet ons ja wees en ons nee, nee. Ons moet ons daarvan weerhou om te sweer. |

## 21 T

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Tabernakel. | Waarna verwys dit en waar is dit opgeteken? | Eks.25-30; 35-40; Eks.27:21 Dit was die draagbare heiligdom (waarskynlik 'n tent) wat vervaardig was tydens die verblyf by Sinai. Dit was ook die tent van ontmoeting genoem; Num.9:15, die tent van getuienis en(Heb.9:2) die verbondstent. Eks.40:34-38. Die benaming verwys na die teenwoordigheid van God se Heiligdom waar (Eks.25:16) die verbondsbepalings/getuienis bewaar was. Heb.8:2; 9:11. In die Nuwe Testament word Christus die Hoëpriester en bedienaar van die ware verbondstent in die hemel. |
| Taktvol. | Waar word dit aangespreek? | Spr. 3:21. My seun behou die takt en oorleg. Moet dit nie uit die oog verloor nie. |
| Tale praat. | Waar word dit aangespreek? | 1Kor. 14:2;3;4;19;23. Lees volle hoofstuk. Dit is beter en belangriker om te profeteer as om in tale te spreek. As jy in tale praat dien dit tot jou eie stigting maar as jy profeteer dien tot stigting van die gemeente en ander. |
| Tatoeëring. | Waar word dit aangespreek? | Lev. 19:28. Julle mag nie heidense rou gebruike navolg deur .......snye en tatoeëer merke op julle liggame te maak nie.... |
| Teëspoed. | Waar word straf, teëspoed en swaarkry | Job. 37:13. God stuur die storm in ons lewens of om te straf (Gen. 7:11. Noag), of om sy liefde te betoon. Hy |

| | | |
|---|---|---|
| | aangespreek in so 'n mate dat God dit kan gebruik ten beste sodat dit eintlik nie straf as sulks is nie ? | help jou en ander wat dit in jou sien om liefde te betoon teenoor Hom en ander ondanks jou teëspoed in reaksie op sy onbaatsugtige liefde (Hos. 6:3), of om vir die aarde te sorg (Deut. 11:11-12). Ondanks die teëspoed in jou lewe sien die wêreld jou positiwiteit en rotsvaste geloof en kom tot inkeer/geloof. |
| Teëspoed. | Waar word dit in die algemeen aangespreek? | Luk. 12:19-26. Ons moet ons nie bekommer oor wat ons sal eet en aantrek nie. Kyk na die lelies van die veld. Hulle swoeg nie en maak nie klere nie maar is mooier as Salomo in al sy prag; Job. 2. Die Satan tref vir Job met bose swere; Ps. 34:20. Al word die regverdige ook deur hoeveel rampe getref, die Here red hom daaruit; Joh. 9:3. Nie sonde nie maar wel God se werke moet in teëspoed geopenbaar word. Die blinde man en sy ouers het nie gesondig nie toe Jesus hom genees het. |
| Tempel | Waarna verwys dit en waar is dit opgeteken? | Esra 5:14; Hand.19:27. Dit is die gebou of geboukompleks waar in die ou tyd 'n god vereer was. In Jerusalem was daar drie agtereenvolgende tempels waarin die Here gedien was. Volgens 1 Sam.1:9 en 3:3 was daar 'n tempel wat in Silo verwoes was Jer.7:12;26:6. Daar was ook baie ander tempels waarvan die opspraakwekkende tempel van Salomo een was. In die allerheiligste deel waar die ark bewaar was, was dit die agterste vertrek van die tempel die |

| | | |
|---|---|---|
| | | simbool van God se teenwoordigheid. Volgens 1 Kon.6:16 was die ark se grote 10x10x10 meter. |
| Tempelprosti-tute. | Waarna verwys dit en waar is dit opgeteken? | Num.25:1-2; Jes.57:4-8. Dit dui op die deelname aan seksuele uitspattighede by tempels en (Hos.4:10-13) op hoogtes as deel van die afgodsdiens en verering van Baäl asook Asjera. Gen.38:21; Deut.23:17-18; 1Kon.14:23-24. Hiervoor was daar tempelprostitute wat mans en vrouens ingesluit het. Jer.2:20;25;Eseg.22:9-11. Hierdie sondes was deurgaans veroordeel tydens hervormings. Selfs die Israeliete het deur werklike owerspel en hoerery ontrou geword aan die Here en selfs daardeur geglo dat hulle, hulle eie vrugbaarheid (Hos.4:10) asook die van hulle grond en diere daardeur verhoog het.(Jer.3:1-3). |
| Toetsing van geloof. | Die Here laat toe dat die duiwel ons versoek om ons geloof te toets? | Hand. 16:16-21; 1 Sam. 28:7; Deut. 13:1-3.Hand. 13:10; Op. 21:8. Die duiwel se mag word toegelaat om ons geloof te toets. God is egter almagtig en behaal altyd die oorwinning in die finale instansie. |
| Tollenaar | Wie was dit en waar is dit opgeteken? | Dit was 'n Jood wat opgetree het as agent vir die Romeinse owerheid met die oog op insameling van tolgelde. Hulle moes jaarliks 'n vasgestelde bedrag aan die owerheid oorbetaal en kon dit hou wat oorgebly het. Sodoende het hulle deurgaans meer as wat nodig was ingevorder en hulle daardeur verryk. Luk.19:8. Die Jode |

| | | |
|---|---|---|
| | | het hulle gehaat omdat hulle gesien was as onderdrukkers en uitbuiters van die volk. Ons lees ook egter van baie tollenaars wat tot bekering gekom het waarvan Jesus Christus se dissipel Mattheus ’n voorbeeld was. |
| Tong. | Sonde met woorde/ die tong? | Jak.3:1-12. Dit is maar ’n klein liggaamsdeeltjie maar het groot mag. ’n Klein vuurtjie kan ’n groot bos aan die brand steek. So is dit ook met die tong wat die hele mens se liggaam besmet. Jak. 3:7-10. Diere kan getem word maar geen mens kan die tong tem nie. Dit is ’n rustelose kwaad, vol dodelike gif. Uit dieselfde mond kom lof en vloek. Met die tong loof ons die Here maar met dieselfde tong vloek mense wat as die beeld van God gemaak is. Spr.18:13. Wie antwoord voor hy die vraag gehoor het, is dwaas en kom in skande. Jak. 1:19-27. Wees gou om te hoor en stadig om te praat. Moet ook nie net hoor nie maar doen! Spr.15:1. ’n Sagte antwoord laat woede bedaar. ’n Krenkende woord laat woede ontvlam. |
| Towery. | Wat het dit behels en waar word dit aangespreek? | Gal.5:20; Op.9:21;Lev.19:26. Dit word saam met waarsêery deur die wet van God verbied. Die Griekse woord beteken die meng van medisyne, maar word ook gebruik vir die meng van toormiddels wat ’n magiese werking sou hê. Hand.19:19. Dit ly tot omgang met geeste, bygeloof en afgodery. Paulus waarsku pertinent hierteen en hy laat in Efese die boeke |

| | | |
|---|---|---|
| | | oor toorkunste verbrand. |
| Troos. | Waar word dit aangespreek? | Ps.103. Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siektes genees, wat my red van die graf en my bekroon met liefde en ontferming;112. Die regverdige sal nooit wankel nie; Neh. 9:17. God verlaat nie die gelowiges nie maar vergewe hulle, is barmhartig, genadig en lankmoedig. |
| Trou. | Hoekom moet ons trou en is dit 'n moet/ voorvereiste. | 1 Kor. 7:1-9. 'n Man kan sonder 'n vrou lewe maar weens die gevare van onsedelikheid behoort elke man sy eie vrou te hê en elke vrou haar eie man. |
| Tug. | Waar word dit aangespreek? | Heb. 12:6-11. Die Here tug die wat Hy liefhet. Verdra die tug as opvoeding. Hy tug ons tot ons beswil sodat ons sy heiligheid kan deel. Wanneer ons getug word lyk dit op daardie stadium nie na iets om oor bly te wees nie. Later lewer dit egter vir die wat daardeur gevorm word 'n goeie vrug omdat ons gehoorsaam is aan die wil van God.<br>Rom.11:22-24. Let dan op God se goedheid en strengheid. Maar dan moet jy uit sy goedheid lewe, anders kan jy ook uitgekap word.<br>Matt. 18:15-35. As jou broer verkeerd teen jou optree gaan wys hom tereg en as hy nie na jou luister nie neem nog een of twee saam met jou as getuies. As hy steeds nie luister nie gaan sê dit vir die gemeente en as hy steeds nie luister nie moet jy hom as 'n heiden behandel. |

| | | |
|---|---|---|
| Twee snydende swaard. | Waar word dit aangespreek? | Heb. 4:12. Die woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart; Op. 1:16. In sy regterhand het Hy sewe sterre gehad en 'n skerp swaard met twee snykante het uit sy mond gekom. Sy hele voorkoms was soos die son wat op sy helderste skyn. |
| Twee. | Twee vaar beter as een/saamstaan in die geloof. Waar word dit aangespreek? | Pred. 4:9-12. 'n Driedubbele tou breek nie maklik nie. Een alleen kan oorweldig word maar twee saam kan weerstand bied. |
| Twis. | Waar word dit aangespreek? | Matt. 18:15-35. As jou broer verkeerd teen jou optree gaan wys hom tereg en as hy nie na jou luister nie neem nog een of twee saam met jou as getuies. As hy steeds nie luister nie gaan sê dit vir die gemeente en as hy steeds nie luister nie moet jy hom as 'n heiden behandel; Ef. 4:17-32. As julle kwaad word moet nie 'n dag kwaad afsluit nie. Moet nie die duiwel vatkans gee nie. |
| Twyfel. | Waar word dit in die algemeen aangespreek? | Luk.7:23. Gelukkig is die man wat nie aan My begin twyfel nie. |
| Twyfel. | Bid in geloof sonder om te twyfel ? | Jak. 1:6. Mens moet gelowig bid en nie twyfel nie. Iemand wat twyfel is soos 'n brander in die see wat deur die wind heen en weer gedryf word. |
| Tyd vir alles. | Waar is 'n vaste tyd vir alles | Pred. 3. Elke ding in die lewe het 'n vaste tyd. 'n Tyd om gebore te word |

| | | |
|---|---|---|
| | opgeteken ? | en 'n tyd om te sterf asook wat daarop volg. Wat God doen is blywend. Jy kan niks daarby voeg nie en ook niks wegneem nie. Wat is was reeds. Wat kom was ook alreeds. |
| Tyd. | By die Here is een dag soos 'n duisend jaar en andersom ? | 2Pet.3:8-9. Die Here stel nie die vervulling van sy beloftes uit nie al dink sommiges so. Hy is geduldig omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore moet gaan nie. |
| Tyd. | Wat is die tyd van die wederkoms? | Mark.13:32.Niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, selfs nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit; Op. 3:3; 1Tess.5:2. Die Here kom soos 'n dief in die nag. |

## 22 U

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Uitreiking. | Hoe benader ek 'n persoon om hom of haar tot die ware geloof te bring ? | 1. Die kern van bekering/ evangelisasie:<br>1.1. Genade en liefde. God het ons eerste liefgehad.<br>1.2. Die mens en sonde.<br>1.3. God.<br>1.4. Jesus Christus. Verwys ook na Heilige Gees as deel van drie-eenheid.<br>1.5. Geloof.<br>STAP 1<br>Laat persoon toe om oor sy/haar lewe, "Christenskap" of ongeloof te praat (bagasie van die verlede) en help met antwoorde uit hierdie gids. Die persoon moet praat oor hierdie "spoke" van die verlede.<br>STAP 2:EVANGELISASIEPROSES.<br>2.1. Genade: Rom. 6:23; Ef. 2:8-9.<br>Ons kan nie vir God se genade werk nie of dit probeer verdien nie. Dit is 'n geskenk van God.<br>2.2. Die mens en sonde : Gen. 2-3.<br>Verwys na die erfsonde van Adam en Eva in die paradys. Rom.3:12;23; Rom.5:12; Joh.8:1-11.<br>Die loon of straf vir hierdie sonde is die ewige dood as ons sondes nie vergewe word nie.<br>2.3. God : Eks. 34:7(b); Rom. 6:23.<br>God moes die sonde straf met die ewige dood. |

| | | |
|---|---|---|
| | | 2.4.Jesus Christus: Joh. 1:1;14; Jes. 53:6.<br>Jesus Christus is die oplossing. Hy het die straf of ewige dood wat oor ons moes kom op Hom geneem en sodoende met sy kruisiging vir ons sondes ten volle betaal en ons vergewe. Ons volle sonde rekening is deur Hom betaal as ons in hom glo en ons bekeer van ons sonde. Deur sy dood en opstanding gee hy die ewige lewe aan gelowiges. (1Pet. 1:3)<br>2.5. Geloof<br>Rom.1:17.Elkeen wat deur God vrygespreek is vanweë sy/haar geloof sal lewe. Die groot kerkleier Calvyn verwys na geloof as die sleutel tot die Hemel.<br>Jak.2:19. Geloof is nie ’n intellektuele gebeurtenis nie maar sonder dade beteken dit ook niks.<br>1Kor. 15:19. Dit het niks met tydelike dinge te doen nie maar is gerig op die toekomstige ewige lewe.<br>Wat is dit wel ? Hand. 16:31. Om op Christus te vertrou en gered te word vir die ewige lewe. Ef.2:8;9. Dit is ’n gawe/geskenk van God en jy kan nie daarvoor werk nie.<br>Joh. 20:31. Glo in Jesus Christus.<br>2 Kor. 5:7; Heb. 11:13. Die woord van God is jou lewensredder en glo in wat jy nie kan sien nie.<br>2.6. Vrae aan persoon.<br>Het hierdie gesprek vir jou betekenis? |

| | | |
|---|---|---|
| | | (Peil vraag)<br>Wil jy deel in hierdie geskenk van God vir 'n ewige lewe ? Wil jy plek maak vir Jesus Christus as jou enigste verlosser?(Beslissingsvraag).<br>Persoon antwoord ja of nee.<br>Doen hierna 'n gebed as die antwoord ja is en Lees Rom. 10:10. Met die hart glo ons en word vrygespreek en met die mond bely ons en word gered. Die gebed moet verwys na ons erfsonde van Adam, verlossing deur geloof in Jesus Christus en 'n oproep om as ware wedergeborene te leef in 'n persoonlike verhouding met hom al sondig ons nog steeds.<br>As die persoon nee antwoord maak weer 'n afspraak as die persoon wel positief reageer maar nog eers meer dinge wil bespreek. Moet die persoon nie dwing nie!<br><u>2.7. Oproep tot die nuwe lewe as bekeerde as persoon ja antwoord.</u><br>Aanvaar dat jy steeds 'n sondaar is.<br>Gee jouself oor aan Jesus Christus as jou enigste verlosser wat ten volle vir jou sondes betaal het.<br>Wees gewillig om berou te hê oor jou sondes en om daarteen te veg.<br>Wees gewillig om 'n verantwoordelike lid van God se huisgesin te wees in 'n Christelike kerk/gemeente en help die persoon om aan te sluit by sodanige kerk asook die uiters belangrike verwelkoming en begeleiding by sodanige kerk. Nog tekste wat gebruik |

| | | |
|---|---|---|
| | | kan word: Heb.10:25. Ons moet nie van die samekomste van die gemeente wegbly nie; Rom. 10:17. Deur die soenverdienste van Jesus Christus dink God nie eers meer aan ons sondes nie.<br><u>2.8. Nasorg</u><br>Hand.15:36. Hier sê Paulus aan Barnabas dat hulle moet teruggaan na die broeders in die dorpe waar hulle die woord van God verkondig het om te sien hoe dit daar gaan. Die persoon is nog nuut in die geloof en baie vrae en selfs kwelvrae kan onstaan. Maak seker om opvolgbesoeke te doen om hierdie vrae aan te spreek en dat die persoon byvoorbeeld by ’n bybelstudiegroep of volwasse katkisasie groep aansluit om sodoende die nodige geloofskennis op te doen wat sal lei tot standvastige geloofsvertroue, geloofsgroei en geloofsekerheid. Maak ook seker dat die persoon ’n eksemplaar het van hierdie gids om die baie vrae wat nog gaan onstaan aan te spreek. |
| Uitstorting van Heilige Gees. | Waar is dit opgeteken? | Hand. 2:1-13. Daar was skielik ’n geluid uit die hemel soos ’n geweldige stormwind en dit het die vertrek gevul. Hulle het toe iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel het wat op elkeen gekom het en almal was toe met die Heilige Gees vervul |
| Uitverkiesing. | Uitverkiesing/Wedergeboorte/ bekering. Hoe | 1. Rom.3:9-24. Almal is sondaars en verdien om veroordeel te word.<br>2. Joh.3:16-21. Net ’n God van liefde |

| | | |
|---|---|---|
| | om dit volledig aan iemand te verduidelik en om die baie vrae rondom hierdie onderwerp te beantwoord? | sal sy eie Seun as losprys gee.<br>3. Rom.10:5-17.God stuur sy verkondigers na wie Hy wil en wanneer Hy wil.<br>4. Mark.16:16. Net die wat glo word gered.<br>5. Hand. 18:1-5. As iemand gered word, is dit deur God se genade.<br>6. Joh. 17:6-12; Joh.6:35. Eenmaal ’n kind van God altyd ’n kind van God.<br>7. Joh.17:6-12;Joh.6:35. Dieselfde uitverkiesing is vir almal wat salig word.<br>8. Ef.1:4. Is ek uitverkies omdat ek glo of glo ek omdat ek uitverkies is? Ons glo omdat ons van voor die grondlegging van die wêreld uitverkies is.<br>9. Rom. 9:1-18. God kies my omdat Hy wil.<br>10. Op. 3:1-6. God is nie wispelturig nie.<br>11. 1 Joh. 5. Hoe is ek seker van my uitverkiesing? Dit is as ons God liefhet en sy gebooie onderhou. Joh. 6:41-71. As die leer van die uitverkiesing jou nie by God uitbring nie word dit verkeerd verkondig.<br>12. Ef. 1. Die wat die uitverkiesing reg verstaan jubel daaroor.<br>13. Ef. 2:1-10. Geloof vra geen voorwaardes nie. Enkel alleen uit genade word dit geskenk deur God.<br>14. Joh. 6:35;17:6-12. Wie uitverkies is, kan nie verlore gaan nie.<br>15. Is daar werklik mense wat verlore |

| | | |
|---|---|---|
| | | sal gaan? Ja. Luk.13:22-28 veral 25-28; Luk. 10:17-24; Matt.13:26-43; Mark13:1-31 veral verse 5 en 25; Heb. 6:4-8; Op. 20:15. Daar is mense/lidmate in die kerk wat God se genade ervaar en geproe het wat verlore kan gaan omdat hulle nie uitverkies is nie en dus nie ’n ware geloof openbaar nie.<br>16.Hoe weet ek dat ek uitverkies is of nie?<br>God het nie ’n persoonlike fisiese afspraak met enigiemand gemaak en hom meegedeel dat hy of sy uitverkies is nie.<br>Persoonlik glo ons egter en voel ons seker dat ons as wedergeborenes uitverkies is as ons baie na aan God lewe in ’n persoonlike verhouding met Jesus Christus, Hom omhels en aanvaar in reaksie op sy onuitputlike liefde. Hoe verder ons weg beweeg van ’n persoonlike verhouding met God Drie-enig hoe meer begin ons twyfel aan ons uitverkiesing.<br>In verstommend baie gevalle gaan baie mense vir baie jare kerk toe, lees die Bybel, bid en verkondig selfs die Woord van God, maar hulle lewe nie werklik in ’n persoonlike verhouding met Jesus Christus as wedergebore gelowige nie. God waarsku dat nie almal wat Here, Here sê die ewige lewe sal beërwe nie. (Luk.13:22-28 veral 25-28; Mark.13:1-31 veral verse 5 en 22; Luk.10:17-24; Matt.13:26-43; Heb.6:4-8; Matt.7:21-23. Nie almal |

| | | |
|---|---|---|
| | | wat Here, Here se sal die koninkryk van die hemele ingaan nie). Om hierteen te waak en as jy nie seker is nie is dit die beste om by 'n toepaslike geleentheid Jesus Christus openlik en selfs in die openbaar te omhels/aanvaar as jou persoonlike verlosser en om dan werklik in Hom te glo en daagliks te volg omdat Hy jou eerste liefgehad het. Jy kan dan nie anders as om hom terug lief te hê nie en ook jou naaste soos jouself. Jy moet dan hierdie wedergeboorte en uitverkiesing van jou daagliks aanvul (vol maak) en jouself bekeer. Dit is in reaksie op die bonatuurlike kragtige werking van die Heilige Gees wat Hy in jou plant deur die wedergeboorte waar die ou sondige mens in jou gekruisig is en jy Christus volg al sondig jy nog steeds. <br> <u>17.Hoe doen ek dit? Deur die vrugte van die geloof:</u> <br> 1. Lees die Bybel (die onfeilbare Woord van God) daagliks sistematies en gebalanseerd (Ou en Nuwe Testament) van begin tot einde deur saam met betroubare handleidings wat kan verduidelik waar ons nie altyd verstaan nie. Kort een minuut of bietjie langer dagstukkies is goed vir 'n spesifieke doel, maar nie altyd die antwoord nie. Ons het meer as dit nodig en moet die Bybel sistematies in sy volheid ervaar en verstaan. |

| | | |
|---|---|---|
| | | 2. 1 Tess. 5:17; Joh.16:23-24; Jak.4:2-3. ’n Behoorlike en opregte daaglikse gebedslewe waar ons God loof en prys vir sy genade, ons dankbaarheid aan Hom betoon vir al sy weldade, vra vir vergifnis van al ons sondes en ook voorbidding doen vir ander en bepaalde omstandighede in hulle en ons lewens. Vergeet van die “inkopie lys” Vra vir geloof, hoop en liefde en die liefde is die grootste van die drie. God sal die ander dinge insluitende materiële dinge vir ons skenk uit sy genade.<br>3. Rom.10:14-17. Hoe kan mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie en hoe kan jy glo as jy nie van Hom gehoor het nie en hoe kan jy hoor sonder iemand wat preek. Gaan luister na die verkondiging van die Woord van God in die kerk en vergeet van die probleme wat jy het met die mense in die kerk. Hulle is maar ook sondaars net soos jy wat nie altyd die regte dinge doen nie en nie die regte voorbeeld stel nie. Die Kerk is die bymekaarkomplek van sondaars wat net geheilig word deur die soenverdienste van Jesus Christus.<br>4. Reik uit na andere en getuig van God se wonderlike teenwoordigheid in jou lewe en |

| | | |
|---|---|---|
| | | hoe ander hierdeur ook die ewige lewe kan beërwe.<br>As jy hierdie beginsels in jou lewe toepas sal jy nie twyfel oor jou uitverkiesing nie.<br><u>18.Maar wat dan van ander mense wat nie tot die ware geloof gekom het nie of afgedwaal het?</u><br>Omdat ons nie weet of hulle uitverkies is of nie moet ons net eenvoudig die Woord van God aan hulle verkondig. Net God kan oordeel en nie ons nie. Dit help ook nie om in sodanige proses te veel klem te lê op die uitverkiesing nie. As die persoon wel tot 'n ware geloof kom en God Drie-enig omhels kan die uitverkiesing op daardie latere stadium aan hom of haar verduidelik word. |
| Uitverkiesing. | Heidene wat uitverkies/ verordineer is sal bekeer word. Waar word dit aangespreek? | Hand.13:48. Alle heidene wat vir die ewige lewe bestem is sal tot bekering kom. |
| Uitverkiesing. | Uitverkiesing/bekering/ wedergeboorte in die algemeen. Waar word dit aangespreek? | 1.Joh.6:44. Niemand kan na Jesus Christus toe gaan nie as die Vader wat Hom gestuur het die persoon na Hom toe trek nie.<br>2.Joh.6:60-65. Jesus sê vir hulle niemand kan na My toe kom nie as die Vader dit nie aan hom gee nie.<br>3.Ef.1:4. So het Hy nog voordat die wêreld geskep is ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik |

| | | |
|---|---|---|
| | | voor Hom te wees.<br>4. Ps. 40:7-8. Hier het ek gekom soos in die boekrol vir my voorgeskryf is.<br>5. Mal.1:2-3. Die Here het vir Jakob liefgehad maar Esau gehaat.<br>6. Rom.9:10-16. Die besluit van God is gegrond op uitverkiesing. Dit hang dus nie af van wat 'n mens doen nie, maar wel van Hom wat jou roep.<br>7. Ef.2:8-10. Ons is uit genade gered deur die geloof nie uit onsself nie maar wel as 'n gawe van God. Dit kom nie uit ons verdienste nie en ons het niks om op trots te wees nie.<br>8. 2 Pet.1:1-10. Ons moet ons daarvoor beywer om deur ons lewens te bewys dat God ons geroep en verkies het en as ons dit doen sal ons nooit struikel nie.<br>9. Jes.43:1. Ons is almal deur die Here gevorm en by ons naam geroep.<br>10. Gal.1:15. Maar God het my al voor my geboorte vir Hom afgesonder en Hy het my in genade geroep.<br>11. Joh.15:16. Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra.<br>12. Jes.49:1-7. Die Here het my al voor my geboorte geroep toe ek nog in my moeder se liggaam was, Hy het my op my naam genoem.<br>13. Op.7:1-10. Ek het die getal gehoor van die wat gemerk is.<br>14. Op. 20:12-15. Ons boeke van ons |

| | | |
|---|---|---|
| | | lewens word oopgemaak en is onvolkome. Goddank word 'n ander boek, die boek van die lewe oopgemaak deur die soenverdienste van Jesus Christus. Al die gelowiges wie se name in die boek van die lewe geskryf is gaan die ewige lewe in. Hulle sondes is volkome vergewe deur Jesus Christus en Hy dink nie eers meer aan hulle sondes nie (Jes.43:25). Die wie se name nie in die boek van die lewe geskryf is nie gaan verlore in die ewige dood. |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Vasgestelde tyd. | Waarna verwys dit en waar is dit opgeteken? | 1.Dan.7:25. Daniel se visioen oor vier diere wat uit die see uitkom. Die vierde dier sal probeer om godsdienstige feeste en wette te verander en die heiliges van die Allerhoogste sal in sy mag oorgegee word vir die hele vasgestelde tyd.<br>2.Dan.12:7;Op.12:14. Dit is die weergawe van die uitdrukking van ’n tyd, tye en ’n halwe tyd in die grondteks. Uit Op.12:14 word dit gewoonlik verklaar as 3.5 jaar (Op.11:2;13:5 “twee en veertig maande”.Op.11:3;12:6“twaalf honderd en sestig dae”). Die tydperk moet egter nie letterlik opgeneem word nie. Dit dui slegs simbolies die tydperk van geloofsvervolging aan. God kan enige oomblik ’n onverwagte einde aan goddeloosheid en Godslastering bring en die begrip “’n halwe tyd” hou waarskynlik hiermee verband. Verwys ook na Jesus Christus se uitspraak in Matt. 24:22 en Mark.13:20. |
| Vaste tyd. | Is daar ’n vaste tyd vir alles? | Pred. 3. Elke ding in die lewe het ’n vaste tyd. ’n Tyd om gebore te word en ’n tyd om te sterf asook wat daarop volg. Wat God doen is blywend. Jy kan niks daarby voeg nie en ook niks wegneem nie. Wat is was reeds. Wat kom was ook alreeds. |
| Vee stof af van voete. | Vee die stof van jou voete af en | Luk. 10:10-11. Vir die mense van Sodom sal dit op daardie dag |

| | | |
|---|---|---|
| | gaan verder aan om met ander te werk as jy aanmekaar probeer om iemand die regte pad te wys maar hy/sy ignoreer dit telkens. Waar word dit aangespreek? | draagliker wees as vir hierdie mense wat hulle rug draai op God; Mark. 6:7-13 (veral vers 11). Die stof word dan selfs afgestof as 'n klag teen hulle wat nie wil luister nie. |
| Verassing. | Waar vind ons Bybelse voorbeelde van verbranding/verassing van liggame? | Lev. 20:14. Iemand wat met 'n ma en haar dogter trou begaan 'n afskuwelike sonde en al drie van hulle moet 'n vuurdood sterf; Jos. 7:15. Die man wat met die gewyde goed gevang word en sy mense moet verbrand word omdat hy die verbond van die Here verbreek en 'n roekelose sonde in Israel begaan; Amos 6:10. Die ondergang van Samaria/Israel. Met hierdie verbranding moet die naam van die Here nie eers genoem word nie. Verbranding was wel in enkele opsigte toegelaat waar 'n bepaalde gesondheidsrisiko geheers het en daar nie 'n ander alternatief was nie. Alhoewel verassing nie ons saligheid beïnvloed nie is die Bybelse voorbeelde die van begrawing. |
| Verbond. | Waar word dit aangespreek en waarna verwys dit? | Gen.15; Jer.34:18;19. Dit is 'n bindende en duursame ooreenkoms of kontrak tussen twee of meer partye. Gewoonlik was 'n verbondsluiting gekenmerk deur die slagting van 'n |

| | | |
|---|---|---|
| | | dier. In die Ou Testament het God verbonde gesluit met mense. Hy het dit gedoen met Noag en sy gesin(Gen.6:18), met Abraham (Gen.15 en 17), met die volk Israel op Sinaiberg (Eks.19-24), met die Levi stam (Num18:19), met Pinehas (Num.25:12-13) en met Dawid (2Sam.7 en 23;1 Kon.8:23) ensovoorts. Dit vereis dat die mens in God moet glo (Gen.15:18;19) en in gehoorsaamheid volgens die bepalings van die verbond moet lewe (Eks.19-24). Israel het dikwels die verbond vergeet en oortree. |
| Verbond. | Is Christus die nuwe verbond ? | Heb. 8. Christus is die Middelaar van 'n nuwe, beter en ewige verbond. |
| Verbonden-heid met Christus in die kerk. | Waar word dit aangespreek? | Ef.3:14-15. Paulus kniel in gebed voor die Here aan wie die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde hulle bestaan te danke het. |
| Verbondsen-gel. | Waarna verwys dit en waar is dit opgeteken? | Mal.2:17-3:1. Dit is die een wat sou kom as God se antwoord op die ontroue verbondsvolk wat vra: Waar is God wat reg moet laat geskied. Hy kom om die verbondsvolk deur straf te louter. |
| Verbondsvolk wat uitverkore is. | Waar word dit aangespreek? | Kol.3:12. Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie lief het. Daarom moet julle goedgesind, meelewend, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. |
| Verbondsvolk . | Waarna verwys dit en waar is dit | Eks.19-24. Eks.34:10-28. Dit was die volk met wie God by die berg Sinai en |

| | | |
|---|---|---|
| | opgeteken? | ook later 'n besondere verbond gesluit het. Op grond van hierdie verbond het God beloof om met sy volk Israel te wees en was Israel deurgaans onder die verpligting om getrou te wees aan die verbond. Sag.2:11; Matt.21:43; Rom.9:25; 2Kor.6:16; Gal.6:16; Heb. 8:8-13. In die nuwe bedeling/verbond word die begrip verbondsvolk uitgebrei om al die gelowiges uit alle volke in te sluit en word deur Christus in vervulling gebring. |
| Vergelyk. | Vergelyking met mekaar en dra mekaar se laste. Waar word dit aangespreek? | Gal. 6:1-5. Dra mekaar se laste en gee op die manier uitvoering aan die wet van Christus. Elkeen moet sy doen en late ondersoek en as dit goed is wees daarop trots sonder om jouself met 'n ander te vergelyk. |
| Vergewing van sondes. | Waar word dit onder andere aangespreek ? | Ps. 32. Ondanks die feit dat Dawid se sondes swaar op hom druk verklaar hy wie op die Here vertrou omvou word met sy liefde en vergifnis. |
| Vergifnis. | Waar word dit aangespreek ? | I Joh. 1:8-10. As ons, ons sondes bely vergewe Hy ons sonde; Jak. 5:15. As ons gelowig bid sal ons sondes vergewe word; Matt. 6:14-15. As ons ander mense hulle oortredinge vergewe sal ons hemelse Vader ons ook vergewe. Maar as ons dit nie doen nie sal Hy ons ook nie ons sondes vergewe nie. |
| Verharding. | Waar word dit aangespreek ? | Kol. 3:1-17. Die ou lewe gaan gepaard met hardnekkige verharding in sondes maar in die nuwe lewe moet ons as God se uitverkore volk as |

| | | |
|---|---|---|
| | | vrygemaaktes lewe desnieteenstaande die feit dat ons nog sondig. |
| Verhouding tussen man en vrou. | Waar word dit aangespreek ? | 1.<u>Christus se heerskappy bring huweliksvrede en vreugde.</u><br>Kol. 1:15-20.Christus se voorbeeld. Hy is die hoof van ons liggame en ook ons huwelike;Rom.13:14. Bly weg van sondige begeertes; Kol.3:12-15. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here ons vergewe moet ons mekaar ook vergewe.<br>2. <u>Vrouens wees onderdanig aan julle mans.</u><br>Kol. 3:18-19;Luk. 2:51; Joh. 19:25-27. Gen.2:24. Man en vrou word met die huwelik een voor God en dus gelykwaardig maar wel met verskillende rolle en verantwoordelikhede.<br>Gal. 3:28. Albei se status en waarde is gelyk voor God en dit word gesamentlik herstel deur die kruisdood van Jesus Christus. Gen. 2:22-23. Dit neem egter nie die rolverdeling weg nie. Vrouens volg in die huwelik. 1 Tim 5:14. Die man se leiersrol strek na buite en binne vir voorsiening en die rol van die vrou na binne die huisgesin vir versorging. Albei se rolle is egter ewe belangrik vir 'n suksesvolle verhouding en huwelik en as die een ontbreek is daar 'n wanverhouding. Die verhouding kan maklik verduidelik |

| | | |
|---|---|---|
| | | word aan die hand van 'n praktiese voorbeeld. Tydens 'n oorlog neem die bevelvoerder die leiding. Hy is egter glad nie belangriker as sy ander offisiere en veral die doodgewone voetsoldate nie. Trouens sonder hulle sal die oorlog nooit gewen word nie. Elkeen op elke vlak dra uiters belangrik by tot die uiteindelike oorwinning. So is dit ook in die huweliksverhouding. Alhoewel die man lei sal hy nooit enige sukses behaal as hy dit nie in samewerking met sy vrou doen nie. Hy sal 'n totale mislukking wees as hy sy vrou ignoreer in huweliks - beslissings.<br><br>Die verskillende verantwoordelikhede van die drie-enigheid is ook 'n baie goeie voorbeeld. God skep, Christus verlos en die Heilige Gees vertroos. In 1 Kor. 11:3 se Paulus dat God die hoof is van Christus alhoewel hulle een is en so is Christus die hoof van die man. Die man is die hoof van die vrou maar tog is hulle ook een en gelykwaardig voor God. Gal. 3:28. ..... Dit maak nie saak of jy man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal een. Hulle vertolk egter verskillende rolle wat ewe belangrik is. Die man as voorsiener en die vrou as versorger alhoewel dit tans moeilik as gevolg van regstellende optrede.<br><br><u>3.Mans wees selfloos lief vir julle vrouens.</u><br><br>Ef. 5:25. Soos jy die kerk en Christus |

| | | |
|---|---|---|
| | | liefhet moet jy jou vrou liefhê en haar so behandel. Maak die Here die oplossing van jou huweliksprobleme en nie ander wêreldse modelle nie.<br>4. Hierdie beginsel is nie noodwendig van toepassing op maatskaplike vlak nie waar vrouens wel die leiding kan neem. Selfs in die boeke van Paulus wat baie voorskrifte en beperkinge oor die vrou in die huwelik en kerk vasgelê het, word in die ses kere tydens sy skakeling en samewerking met sy mede-Christene Priscilla (vroulik) en Akwila (manlik) veral ten opsigte van tentmakery (Hand.18:1-4) wat aangeteken is, vier keer Priscilla se naam eerste voor die naam van Akwila genoem. 'n Goeie meer huidige voorbeeld is die van Margaret Thatcher die voormalige Eerste Minister van Engeland wat die hoogste politieke vlak bereik het maar nogtans in die huwelik haar eggenoot as leier gerespekteer en ondersteun het. |
| Verhouding tussen ouer en kind. | Waar word die ouer / kind verhoudings aangespreek ? | 2 Kor. 12:14. Ouers sorg vir kinders en 'n erfporsie en nie kinders vir ouers nie; Ef. 6:1-4. Kinders moet onderdanig wees aan hulle ouers maar vaders moet ook nie so streng wees dat hulle kinders opstandig word nie. |
| Verhouding. | Goed of sleg. Waar word dit aangespreek? | 2 Tim. 3:5. Hulle sal nog die uiterlike skyn hê van godsdiens maar die krag van die godsdiens sal hulle nie meer ken nie. Bly weg van hulle; 2 Kor. |

| | | |
|---|---|---|
| | | 6:14-18. Moet nie saam met die ongelowiges aan dieselfde juk trek nie en in ’n vennootskap met hulle gaan nie. Daar kan nie ’n vennootskap wees tussen reg en onreg nie. |
| Verkeerde weë. | Waar word dit aangespreek ? | Wat die Here haat. Spr. 6:16-19. Oë wat afstraal van hoogmoed. ’n Tong wat lieg. Hande wat met bloed bevlek is. Gedagtes van komplotte. Voete wat net die kwaad volg. ’n Getuie wat lieg. Iemand wat rusie stook. |
| Veroordeling. | Waar word dit aangespreek ? | Joh. 16:7-11. God sal kom om die wêreld te oordeel. Die Satan is reeds veroordeel. |
| Verslawing. | Waar word dit aangespreek ? | 1 Kor. 10:1-13. Ons moet ons nie deur ons sondige begeertes aanhoudend laat dryf nie; Ef. 6:10-20. Om weerstand te bied teen dit. |
| Versoening. | Waar word dit aangespreek ? | Luk. 17:3-10; Matt. 18:15-17. As jou broer verkeerd optree berispe hom. As hy berou toon vergewe hom en jy het hom dan teruggewen. |
| Vloek/Vuil taal. | Waar word dit aangespreek ? | Jak. 3:1-12. Beheersing van die tong. Dit is maar ’n klein liggaamsdeeltjie maar het groot mag. ’n Klein vuurtjie kan ’n groot bos aan die brand steek. So is dit ook met die tong en dit kan die hele liggaam besmet; Ef. 4:29. Vuil taal moet daar nie uit ons mond kom nie. Praat net dit wat opbouend en goed is. |
| Voedsel. | Is alle voedsel geskik vir gebruik en waar | Ja. 1Tim.4:3-5. God het alle voedsel gemaak. Niks wat met danksegging ontvang word, is verwerplik nie. Dit |

| | | |
|---|---|---|
| | is dit opgeteken? | word geheilig deur die wet van God en die gebed. |
| Volkstelling. | Waar word dit aangespreek? | Luk.2:2.Dit was ’n handeling wat van tyd tot tyd in die Romeinse Ryk plaasgevind het. Die doel daarvan was hoofsaaklik vir militêre diens en die bepaling belastingheffings. Luk.2:3. Aangesien die Jode sterk plek – en stamgebonde was is bepaal dat elkeen na sy eie stad van herkoms moes gaan vir inskrywing. |
| Voorbereiding vir nagmaal. | Waar word dit aangespreek ? | Luk. 14:15-24. Sorg dat jou lewe en prioriteite reg is. Moet nie allerhande verskonings hê nie, anders nooi die Here dalk iemand anders uit na die nagmaal. |
| Voorkoming en selfsugtigheid. | Waar word dit aangespreek ? | Spr. 18:1. ’n Selfsugtige mens leef net vir homself. Hy verwerp alle oorlegpleging; 1Tim. 6:11. Vlug weg van die verkeerde dinge. |
| Votum. | Waar is dit opgeteken ? | Op. 1:4-5. Aan die sewe gemeentes in die provinsie Asië. Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het en heers oor die konings van die aarde. Dit kan gebruik word tydens die opening van ’n erediens. |
| Vrede van Christus. | Waar word dit aangespreek? | Kol.3:15. Die vrede wat Christus gee moet in ons lewens deurslag gee en ons moet in vrede met mekaar saamleef. |

| | | |
|---|---|---|
| Vrede. | Waar word dit aangespreek ? | Joh. 14:27. Die vrede wat Ek vir julle gee is nie die soort wat die wêreld gee nie; Fil. 4:6-9. Ons moet in alles ons begeertes deur gebed, smeking en dankgebed aan God bekend maak. Die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan sal dan oor ons harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus; Jes.26:3. En die wat op Hom vertrou. Gee aan hulle vrede en voorspoed, Here, want hulle het hulle vertroue op u gestel. |
| Vredemakers. | Geseënd is die vredemakers. Waar is dit opgeteken? | Matt. 5:9-10. Geseënd is die vredemakers want hulle sal kinders van God genoem word. |
| Vredeverbon d | Waarna verwys dit en waar is dit opgeteken? | Dit was 'n aanduiding van die besondere seën wat die verbond inhou vir 'n persoon of die volk met wie God dit gesluit het. Num.25:12. Vir Pinehas was dit 'n verbond wat hom altyd ten goede sou kom. Jes.54:10. Aan Israel word die versekering gegee dat God se vredesverbond met hulle nood nie sal wankel nie, Eseg. 34:25;37:26. Dat dit vir hulle vrede sal bring en altyd sal bestaan. In die Nuwe Testament ontbreek die woord maar dit maak nie saak nie omdat Christus die nuwe verbond is wat ewige vrede bring. 1Kor.7:15;14:33;Gal.5:22. Die gelowiges word tot vrede geroep. |
| Vrees. | Waar word dit aangespreek ? | Gen. 3:10. Die mens het God hoor wandel in die tuin en bang geword |

| | | |
|---|---|---|
| | | omdat hy kaal was. Hy het toe weggekruip vanweë Eva se sonde; Spr. 29:25. As ons vir 'n mens bang is kan ons in 'n strik trap. As jy egter jou vertroue op die Here stel is jy veilig; Matt. 10:26-31. Moet nie bang wees vir diegene wat die liggaam kan dood maak maar nie die siel nie. Vrees Hom eerder wat sowel die liggaam en die siel in die hel kan laat vergaan. |
| Vriendskap. | Waar word dit aangespreek ? | Spr. 27:6-10. Jy kan staat maak op 'n vriend wat jou seermaak maar iemand wat jou haat is oordadig met soene; Joh. 15:13-15. Niemand het groter liefde as dit nie dat Hy sy lewe vir sy vriende aflê. Julle is My vriende as julle doen wat ek julle beveel. Ek noem julle My vriende omdat Ek alles wat ek van my Vader gehoor het aan julle bekend gemaak het. |
| Vrou. | Vrou/man verhouding. Waar word dit aangespreek ? | 1.Christus se heerskappy bring huweliksvrede en vreugde.<br>Kol. 1:15-20.Christus se voorbeeld. Hy is die hoof van ons liggame en ook ons huwelike;Rom.13:14. Bly weg van sondige begeertes; Kol.3:12-15. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here ons vergewe moet ons mekaar ook vergewe.<br>2. Vrouens wees onderdanig aan julle mans.<br>Kol. 3:18-19;Luk. 2:51; Joh. 19:25-27. Gen.2:24. Man en vrou word met die huwelik een voor God en dus |

| | | |
|---|---|---|
| | | gelykwaardig maar wel met verskillende rolle en verantwoordelikhede.<br><br>Gal. 3:28. Albei se status en waarde is gelyk voor God en dit word gesamentlik herstel deur die kruisdood van Jesus Christus. Gen. 2:22-23. Dit neem egter nie die rolverdeling weg nie. Vrouens volg in die huwelik. 1 Tim 5:14. Die man se leiersrol strek na buite en binne vir voorsiening en die rol van die vrou na binne die huisgesin vir versorging. Albei se rolle is egter ewe belangrik vir 'n suksesvolle verhouding en huwelik en as die een ontbreek is daar 'n wanverhouding. Die verhouding kan maklik verduidelik word aan die hand van 'n praktiese voorbeeld. Tydens 'n oorlog neem die bevelvoerder die leiding. Hy is egter glad nie belangriker as sy ander offisiere en veral die doodgewone voetsoldate nie. Trouens sonder hulle sal die oorlog nooit gewen word nie. Elkeen op elke vlak dra uiters belangrik by tot die uiteindelike oorwinning. So is dit ook in die huweliksverhouding. Alhoewel die man lei sal hy nooit enige sukses behaal as hy dit nie in samewerking met sy vrou doen nie. Hy sal 'n totale mislukking wees as hy sy vrou ignoreer in huwelik - beslissings.<br><br>Die verskillende verantwoordelikhede van die drie-enigheid is ook 'n baie goeie voorbeeld. God skep, Christus |

| | | |
|---|---|---|
| | | verlos en die Heilige Gees vertroos. In 1 Kor. 11:3 se Paulus dat God die hoof is van Christus alhoewel hulle een is en so is Christus die hoof van die man. Die man is die hoof van die vrou maar tog is hulle ook een en gelykwaardig voor God. Gal. 3:28. ..... Dit maak nie saak of jy man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal een. Hulle vertolk egter verskillende rolle wat ewe belangrik is. Die man as voorsiener en die vrou as versorger alhoewel dit tans moeilik as gevolg van regstellende optrede.<br><br>3.Mans wees selfloos lief vir julle vrouens.<br><br>Ef. 5:25. Soos jy die kerk en Christus liefhet moet jy jou vrou liefhê en haar so behandel. Maak die Here die oplossing van jou huweliksprobleme en nie ander wêreldse modelle nie.<br><br>4. Hierdie beginsel is nie noodwendig van toepassing op maatskaplike vlak nie waar vrouens wel die leiding kan neem. Selfs in die boeke van Paulus wat baie voorskrifte en beperkinge oor die vrou in die huwelik en kerk vasgelê het, word in die ses kere tydens sy skakeling en samewerking met sy mede-Christene Priscilla (vroulik) en Akwila (manlik) veral ten opsigte van tentmakery (Hand.18:1-4) wat aangeteken is, vier keer Priscilla se naam eerste voor die naam van Akwila genoem. ’n Goeie meer huidige voorbeeld is die van Margaret |

| | | |
|---|---|---|
| | | Thatcher die voormalige Eerste Minister van Engeland wat die hoogste politieke vlak bereik het maar nogtans in die huwelik haar eggenoot as leier gerespekteer en ondersteun het. |
| Vrou. | Wysheid en hardwerkendhei d. Waar word dit aangespreek? | Spr.31:10-31. 'n Knap vrou is baie meer werd as edelstene. Haar man steun op haar en pluk die vrugte van haar werk. Sy maak wol en vlas bymekaar en geniet dit om dit te verwerk. Sy is soos handelskepe. Sy bring kos van ver af. Sy staan op in die nag en maak kos vir haar huisgesin........ |
| Vrugte van geloof. | Waar word dit aangespreek? | Joh. 15:1-17. Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af......... |
| Vyande. | Waar word die verhouding met jou vyande aangespreek ? | Rom.12.9-21. Seën julle vervolgers, moet hulle nie vervloek nie. Moet nie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. As dit moontlik is leef in vrede met alle mense. As jou vyand honger is gee hulle iets om te eet en te drink. Deur dit te doen maak jy hulle vuurrooi van skaamte. Spr. 25:21-22. As iemand wat jou haat honger is gee hom iets om te eet en te drink. Die Here sal jou daarvoor vergoed en jou vyand sal vuurrooi word van skaamte; Luk. 6:27-36 veral vers 35. Sonder om iets terug te verwag , moet julle julle vyande lief hê en goed doen en uitleen. Dan sal daar vir julle 'n groot beloning |

| | | |
|---|---|---|
| | | wees...... |

| Woord | Vraag | Bybelgedeeltes / Antwoord |
|---|---|---|
| Waarde van die kerk as heilige tempel van die Here. | Waar is dit opgeteken? | Ef.2:22. Dit is die geestelike huis waarin God woon.<br>Ef.2:19-22. In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here. |
| Waarde van geesgedrewe gelowiges. | Waar is dit opgeteken? | Hand.2:46-47. Die hele volk was goedgesind teenoor Paulus ter opbouing van God se koninkryk. |
| Waarde van meelewend-heid. | Waar word dit aangespreek? | Kol.3:12. Klim in die skoene van jou medemens en beleef wat hy/sy beleef. Laat hulle vreugde of hartseer ook jou saak word. |
| Waarheid van die Bybel. | Waar word dit aangespreek ? | Gal. 1:6-10. Daar is geen ander evangelie nie. Tog is daar mense wat die evangelie van Christus verdraai. Dit is hulle wat verwarring bring; 2 Tim.3:16. Glo in die volle inhoud. Die hele skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswandel te kweek. Heb. 6:1. Laat ons nie stilstaan by die eerste dinge wat aangaande Christus verkondig is nie, maar gaan verder na die volle inhoud van die boodskap. |
| Waarheid. | Help die Heilige Gees om te onderskei tussen die waarheid en leuens? | Ja. 1Joh.2:27-27. Die Heilige Gees wys die regte pad aan en leer ons wat reg en verkeerd is. |

| | | |
|---|---|---|
| Waarsêers. | Waar word dit aangespreek ? | Eks.7-11; Pred.14:17. By Moses en die plae kon die toorders/waarsêers al die plae tot by die tweede plaag (paddas) ook namaak maar nie verder nie. Die duiwel is magtig maar God is Almagtig. Die mens weet nie wat vir hom voorlê nie. |
| Wag voor jou mond. | Waar word dit aangespreek ? | Jak. 3:7-10. Diere kan getem word maar geen mens kan die tong tem nie. Dit is 'n rustelose kwaad, vol dodelike gif. Uit dieselfde mond kom lof en vloek. Met die tong loof ons die Here maar met dieselfde tong vloek mense wat as die beeld van God gemaak is. Spr.18:13. Wie antwoord voor hy die vraag gehoor het is dwaas en kom in skande. Jak. 1:19-27. Wees gou om te hoor en stadig om te praat. Moet ook nie net hoor nie maar doen! Spr.15:1. 'n Sagte antwoord laat woede bedaar. 'n Krenkende woord laat woede ontvlam. Jak.3. Dit is maar 'n klein liggaamsdeeltjie maar het groot mag. 'n Klein vuurtjie kan 'n groot bos aan die brand steek. So is dit ook met die tong wat die hele mens se liggaam besmet. |
| Wang. | Waar is dit opgeteken ? | Matt. 5:39. As die iemand jou op die een wang slaan, bied hom ook die ander een aan....... |
| Wapenrusting van die geloof. | Waar is dit opgeteken ? | Ef.6:10-20. Die welbekende wapenrusting van die Christen om weerstand te bied teen die onheil. Waarheid as gordel om die heupe, vryspraak deur God as borsharnas, |

| | | |
|---|---|---|
| | | bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete, geloof as skild in die hand, verlossing as helm op die hoof en die swaard van die Gees in die hand. Dit is die woord van God. |
| Wedergeboor-te. | Waar word dit aangespreek ? | Joh. 3:1-21 veral:3-8. (3)As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy nie die koninkryk van God sien nie en ook (8). Dit werk soos die wind wat waai waar dit wil. Jy hoor die geluid. Jy weet nie waarvandaan dit kom en waarheen dit gaan nie maar wel dat dit daar is. So is elkeen wat uit die Gees gebore is.<br><br>Joh. 3:3; 8;16. 'n Geskenk van God deur die opstanding van Jesus Christus. 1Pet. 1:3.Wedergeboorte deur die onverganklike woord van God wat bly in ons lewens en deurgaans met ons werk/bemoeienis maak.<br><br>Die Heilige Gees maak dit dus in jou wakker selfs in jou moeder se skoot en groei in jou soos wat jy groei. Timoteus dien as voorbeeld in die verband. Dit kom daarop neer dat jy soos jy groter en ouer word jou sondes leer ken, leer dat Jesus Christus daarvoor betaal het wat deurgaans 'n nuwe begeerte in jou skep om Hom voluit te dien en te omhels/aanvaar as jou persoonlike verlosser in reaksie op sy onuitputlike liefde en geskenk van die uitverkiesing. Dit is dus 'n |

| | | |
|---|---|---|
| | | ontdekkingsreis jou hele lewe lank en nie net noodwendig ’n eenmalige verskynsel of gebeurtenis nie. Wanneer die persoon die volle omvang van hierdie gewaarwordingsproses ten volle verstaan, bely hy of sy haar geloof en persoonlike verhouding met Jesus Christus by ’n toepaslike geleentheid in reaksie op die wonderlike gratis geskenk van God. Daaglikse bekering van verkeerde weë is ook van die uiterste belang.<br><br>As ons egter nie hierdie ontdekkingsreis werklik en voluit deurgemaak het nie en dit nie werklik so ervaar het nie kom bekering en wedergeboorte wel by ’n spesifieke geleentheid met selfs ’n dag en ’n datum waarvan Paulus wat byna helfte van die Nuwe Testament geskryf het ’n duidelike voorbeeld is.<br><br>In verstommend baie gevalle gaan baie mense vir baie jare kerk toe, lees die Bybel, bid en verkondig selfs die Woord van God, maar hulle lewe nie werklik in ’n persoonlike verhouding met Jesus Christus as wedergebore gelowige nie. God waarsku dat nie almal wat Here, Here sê die ewige lewe sal beërwe nie. (Luk.13:22-28 veral 25-28; Mark.13:1-31 veral verse 5 en 22; Luk.10:17-24; Matt.13:26-43; Heb.6:4-8). Om hierteen te waak en as jy nie seker is nie is dit die beste om by ’n toepaslike geleentheid Jesus Christus openlik en selfs in die |

| | | |
|---|---|---|
| | | openbaar te omhels/aanvaar as jou persoonlike verlosser en om dan werklik in Hom te glo en daagliks te volg omdat Hy jou eerste liefgehad het. Jy kan dan nie anders as om hom terug lief te hê nie en jou naaste soos jouself. Jy moet dan hierdie wedergeboorte van jou daagliks aanvul (vol maak) en jouself bekeer. Dit is in reaksie op die bonatuurlike kragtige werking van die Heilige Gees wat Hy in jou plant deur die wedergeboorte waar die ou sondige mens in jou gekruisig is en jy Christus volg al sondig jy nog steeds.<br><br><u>Hoe doen ek dit? Deur die vrugte van die geloof:</u><br><br>1. Lees die Bybel (die onfeilbare Woord van God) daagliks sistematies en gebalanseerd (Ou en Nuwe Testament) van begin tot einde deur saam met betroubare handleidings wat kan verduidelik waar ons nie altyd verstaan nie. Kort een minuut of bietjie langer dagstukkies is goed vir 'n spesifieke doel, maar nie altyd die antwoord nie. Ons het meer as dit nodig en moet die Bybel sistematies in sy volheid ervaar en verstaan.<br>2. 1 Tess. 5:17; Joh.16:23-24; Jak.4:2-3. 'n Behoorlike en opregte daaglikse gebedslewe waar ons God loof en prys vir sy genade, ons dankbaarheid aan Hom |

| | | |
|---|---|---|
| | | betoon vir al sy weldade, vra vir vergifnis van al ons sondes en ook voorbidding doen vir ander en bepaalde omstandighede in hulle en ons lewens. Vergeet van die “inkopie lys” Vra vir geloof, hoop en liefde en die liefde is die grootste van die drie. God sal die ander dinge insluitende materiële dinge vir ons skenk uit sy genade.<br>3. Rom.10:14-17. Hoe kan mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie en hoe kan jy glo as jy nie van Hom gehoor het nie en hoe kan jy hoor sonder iemand wat preek. Gaan luister na die verkondiging van die Woord van God in die kerk en vergeet van die probleme wat jy het met die mense in die kerk. Hulle is maar ook sondaars net soos jy wat nie altyd die regte dinge doen nie en die regte voorbeeld stel nie. Die Kerk is die bymekaarkomplek van sondaars wat net geheilig word deur die soenverdienste van Jesus Christus.<br>4. Reik uit na andere en getuig van God se wonderlike teenwoordigheid in jou lewe en hoe ander hierdeur ook die ewige lewe kan beërwe.<br>As hierdie eienskappe teenwoordig is in jou lewe sal jy nie twyfel of jy wedergebore of bekeer is of nie. |
| Wederkoms. | Wanneer is die | Net God weet. Mark.13:32. Niemand |

| | | |
|---|---|---|
| | tyd van die wederkoms ? | weet wanneer daardie dag en uur kom nie, selfs nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit; Op. 3:3; 1Tess. 5:2. Die Here kom soos 'n dief in die nag. |
| Wederkoms. | Hoe sal die einde van die ou wêreld aanbreek ? | 2 Pet. 3:7. Nie weer met water nie maar met vuur. |
| Wederkoms. | Nie net vir een nasie nie. Waar word dit aangespreek? | Op. 21:24. Vir alle mense van alle nasies wat uitverkies is maar wel almal een in Christus is. 1 Kor. 15. Almal gelowig en ongelowig sal voor God verskyn. Fil. 3:21. Ons sal lyk soos Christus. |
| Weduwees en agtergeblewenes. | Waar word dit aangespreek ? | Deut.32:6-12. Dink aan die dae wat lank verby is en onthou jou voorgeslagte. Vra jou pa en die ou mense dat hulle jou vertel daarvan; Rut 1:15-21. Rut gaan as weduwee saam met Naomi terug na Bethlehem; Jes.40:1-8. Die mens is soos gras wat verdor en blomme wat verwelk, maar die woord van God bly vir ewig en verwelk nie. |
| Wegneem. | Is die wegneming of ignorering van sekere gedeeltes van die Bybel geregverdig ? | Nee. Op.22:18-19. As iemand iets byvoeg sal God die plae vir hom byvoeg. As iemand iets wegneem sal God sy deel aan die boom van die lewe in die heilige stad wegneem wat in hierdie boek geskrywe is. |
| Wêreldse dinge. | Waar word dit aangespreek ? | Fil.4:8. Teenoor die oppervlakkige wêreldse dinge moet ons, ons gedagtes rig op alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles |

| | | |
|---|---|---|
| | | wat rein is, alles wat mooi is en alles wat prysenswaardig is. |
| Wêreldse goed. | Waar word dit aangespreek ? | Luk. 12:19-26. Die gelykenis van die ryk dwaas. Hy maak sy skure groter om nog meer bymekaar te maak en dan lekker terug te sit om te eet en te drink en lekker te leef. Maar God se vir hom, jou dwaas. Vannag nog sal jou lewe opgeëis word en wie kry dan wat jy bymekaar gemaak het. So gaan dit met iemand wat vir hom skatte vergader en nie ryk is by God nie. |
| Werk. | Soms moet ons die werk staak. | Esra 4:24-5:1. Dit gebeur soms dat God iets in ons lewens laat staan of vir eers staak al is ons oortuig daarvan dat ons moet aangaan soos wat die geval was met die bou van die tempel in Jerusalem. Op sy eie goeie tyd wanneer die tyd ryp sal hy jou weer laat voortgaan as dit so deur Hom beskik is. |
| Werk. | Waar word dit aangespreek ? | Gen.2:5-15. Die mens in die tuin. God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas; 3:17-19. As gevolg van die sonde in die tuin sal die mens net deur harde werk kan eet; Spr.14:23. Harde werk bring beloning. Om net te praat bring gebrek;18:9. Een wat nalatig is met sy werk en een wat alles afbreek is tweelingbroers. |
| Werk. | Honger laat jou werk en nie steel nie. Waar word dit | Spr.16:26. 'n Werker se honger laat hom werk. Sy behoefte aan kos dryf hom. |

| | | |
|---|---|---|
| | aangespreek? | |
| Werke. | Is 'n geloof sonder werke dood? | Ja. Jak. 2:14-26. 'n Liggaam wat nie asemhaal nie is dood. So is dit ook met geloof sonder dade. Dit is ook dood. |
| Werke. | Sal jou goeie werke/dade jou salig maak ? | Op.14:13. Nee maar dit sal jou wel volg die ewige lewe in en ook 'n voorbeeld wees aan andere in hierdie lewe. |
| Werkgewer/werknemer verhouding. | Waar word dit aangespreek ? | 1 Pet. 2:18-21. Werkers/ bediendes moet hulle onderwerp aan hulle werkgewers of hulle nou hooghartig of vriendelik of onredelik is of nie. |
| Werklike bekering van gelowiges in groot getalle. | Waar word dit aangespreek? | Hand.2:41-42. Drie duisend mense het op eendag tot die geloof gekom. |
| Werp jou brood op die water. | Waar is dit opgeteken ? | Pred. 11:1-2. Werp jou brood op die water want eendag kry jy dit terug. |
| Wet van God. | Waar is dit opgeteken ? | Eks. 20; Deut. 5; 1 Joh. 5:2-3. Die liefde vir God bestaan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Dit is nie moeilik om dit te onderhou nie, want enigeen wat 'n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. |
| Wet. | Deur die wet ken ons, ons sondes. Waar word dit aangespreek. | Ja beslis. Rom. 3:20. Geen mens sal deur wetsonderhouding deur God vrygespreek nie, inteendeel, deur die wet leer die mens wat sonde is. |
| Wet. | Is dit belangrik om dit nie te | Ja. Matt:7:23(b). Gaan weg van My af, almal van julle wat die wet van |

| | | |
|---|---|---|
| | oortree nie ? | God oortree. |
| Wet. | Saligheid kom alleen deur die geloof en nie deur wetsonder-houding nie. Waar word dit aangespreek? | Rom. 1:16-17. Almal wat deur God vrygespreek is omdat hulle glo sal lewe. God spreek mense vry van hulle sonde enkel en alleen omdat hulle glo. |
| Wetsgeleer-des. | Waarna verwys dit en waar is dit opgeteken? | Hand.23:9. Dit was die benaming vir invloedryke godsdienstige leiers van die Joodse volk wat die wet en skrif by uitstek bestudeer het. Hulle het ook gebruik gemaak van oorgelewerde godsdienstige gebruike en seremonies van die voorgeslagte om hulle bestudering aan te vul. Baie van hulle was lid van die party van die Fariseërs. Een derde van die Joodse Raad het uit skrif of wetsgeleerdes bestaan. |
| Wetsonder-houding. | Maak jou nie salig nie maar as jy dit onderhou word jy hoog geag in die Koningryk van God. Waar word dit aangespreek? | Matt. 5:17-20. Dit verseker ek julle. Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is. Wie gehoorsaam is aan die wet en ander so leer sal hoog geag word in die koninkryk van die hemel; Spr. 28:9. As iemand hom doof hou vir die wet van die Here sal die Here ’n afsku hê van so ’n man se gebed. 2Tess.2:7-11. Deur die werking van die Satan sal die verskyning van die wettelose mens gepaard gaan met groot magsvertoon en allerhande tekens en wonders asook gruwelike misleiding. Maar |

| | | |
|---|---|---|
| | | wanneer die Here Jesus kom sal Hy hom met die asem uit sy mond verdelg en deur die glans van sy verskyning vernietig. |
| Wettelose mens. | Sy verskyning. Waar word dit aangespreek ? | 2 Tess.2:3. Die dag van die Here sal nie aanbreek nie voordat die laaste afvalligheid gekom het en die wettelose mens wat vir die bederf bestem is sy verskyning gemaak het nie. |
| Wierook. | Waarna verwys dit en waar is dit opgeteken? | 2 Kor.2:15. Dit is ’n rook met ’n aangename geur wat verkry word deur die brand van ’n soort gom of hars uit Arabië. In Romeinse triomftogte was verskeie wierook variasies gebrand om die geur deur die hele omgewing te versprei. Paulus beskou sy lewe in diens van Christus as ’n wierookoffer wat ’n lieflike geur van kennis van Christus oral versprei. |
| Wil van God. | Waar word dit aangespreek ? | Job.23:13-15. Wat Hy wil doen Hy. Wat Hy ook al besluit het sal Hy doen, wat sy planne ook al met my is; Hand.21:14. Laat die wil van die Here geskied;<br>Job.37:13. God stuur die storm in ons lewens of om te straf (Gen. 7:11. Noag), of om sy liefde te betoon. Hy help jou en ander wat dit in jou sien om liefde te betoon teen Hom en ander ondanks jou teëspoed in reaksie op sy onbaatsugtige liefde (Hos.6:3), of om vir die aarde te sorg (Deut.11:11-12). Ondanks die teëspoed in jou lewe sien die wêreld |

| | | |
|---|---|---|
| | | jou positiwiteit en rotsvaste geloof en kom tot inkeer/geloof. |
| Woord van God. | Is dit die enigste onfeilbare woord van God ? | Ja. Gal.1:6-10. Daar is geen ander evangelie nie. As iemand 'n evangelie aan julle verkondig wat in stryd is met hierdie evangelie sal die vloek van God hom tref. |
| Woordverkondiging. | Wanneer moet dit verkondig word? | 2 Tim. 4:2. Tydig en ontydig. |
| Woede | Waar word dit in die Bybel aangespreek? | Gal. 5:19-21. Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid, en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie. |
| Wysheid. | Waar word dit aangespreek ? | Jak.1:5. As iemand wysheid kortkom moet hy dit van God bid en Hy sal dit aan hom gee sonder voorbehoud en sonder verwyt; 3:13. Is daar 'n wyse en verstadige mens onder julle. Hy moet dit dan toon deur sy goeie gedrag en deur dade wat van nederigheid en wysheid getuig. |